

DIE MITHRAÏSME AS 'N ROMEINSE

GODSDIENS

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit van

LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

Christelike Hoër Onderwys

in die jaar 1963

deur

JACOB VAN DER WALT, HONNS. B.A.

Leier: Prof. dr. W.N. Coetzee.

VOORWOORD

Godsdiens is so oud soos die mensdom self. Wie die ware godsdiens nie deelagtig is nie, tas in die duisternis rond, op soek na vastigheid vir die lewe op aarde en hierna.

Die heidendom in klassieke Rome het bly soek na 'n steekhoudende lewens- en wêreldbeskouing, maar dit nie gevind voordat die Christendom die godsdiens van die Weste geword het.

Die Mithraïsme was in Rome 'n heidense poging om te antwoord op die geestelike uitdaging van die eerste eeu na Christus. Uit hierdie studie blyk waarom Mithras gefaail het. Terselfdertyd is dit egter duidelik dat die Mithraïsme en ander Oosterse misteriegodsdienste meegehelp het om die akker voor te berei vir die saad van die Evangelie.

Mag hierdie studie meehelp om die agtergrond van die Christendom duideliker te stel vir almal wat in Suid-Afrika op die Christelike akker werk.

Graag spreek ek my innige dank uit teenoor die leier van my studie, nl. prof. dr. W.N. Coetzee, wat eers my belangstelling gaande gemaak het vir die Romeinse godsdiens en my daarna deur persoonlike belangstelling geïnspireer het om hierdie werk te voltooi.

Aan die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek

kom n woord van waardering toe vir moeite wat gedoen is om my tot diens te wees tydens my studie en om hierdie boek die lig te laat sien.

Ek kan nie nalaat om hier melding te maak van die opofferinge van my gesin terwyl ek my moes afsonder vir hierdie studie nie.

POTCHEFSTROOM,
Desember 1963.

DIE MITHRAÏSME AS 'N ROMEINSE GODSDIENS

INHOUD

Bls.

INLEIDING:

1.

1. n Kort oorsig van die ontwikkeling van die Romeinse godsdiens.
2. Die godsdienstige toestand in Rome ten tyde van die koms van die Mithraïsme.

HOOFSTUK I:

10.

n Kort uitwendige geskiedenis van die Mithraïsme. Die Ariërs; Indië; Persië; Die Chaldeërs; Klein-Asië; Die Hellenisme.

HOOFSTUK II:

24.

Die Mithraïsme word n Romeinse godsdiens.

- A. Die tyd van die Mithraïsme se koms na Rome.
- B. Die manier waarop die Mithraïsme na Rome oorgedra is.
- C. Redes vir die ingang van die Mithraïsme in die Romeinse godsdiensbelewenis.
- D. Die plekke waar Mithras vereer is:
 1. In die Westelike dele van die ryk.
 2. In Rome.
- E. Samevatting.

HOOFSTUK III:

76.

Inhoud van die Mithraïsme as n Romeinse godsdiens. Inleiding.

- A. Die Mithraslegende.
- B. n Tipiese mithraeum.
- C. Die dogma van die Mithraïsme.
- D. Inwyding in die misterieë van Mithras. Die sewe grade.
- E. Sakramente. Feesdae. Begrafnisse.
- F. Sinkretisme:
 1. Ander gode in n Romeinse mithraeum.
 2. Sonaanbidding en keiserverering.
- G. Samevatting.

HOOFSTUK IV:

142.

Mithraïsme en Christendom.

SLOT.

160.

Bronnelys.

INLEIDING

1. n Kort oorsig van die ontwikkeling van die Romeinse gods- diens

Die Romeine het vroeg al n begrip gehad van n geheime krag wat werkzaam is in die wêreld, en omdat hulle vrees gekoester het vir hierdie onbekende element, het hulle maniere bedink om dit te wete te kom en moontlike kwaad van hulle af te weer. Hulle het dan gedink aan geeste sonder gestalte, wat vyandig kon wees as hulle nie deur offerandes en rites versoen word nie.

Die vroeë vorms van hierdie Animisme dra duidelik die kenmerke van die landelike lewe: die onskendbaarheid van die grens van n boer se stukkies grond is erken deur die geloof aan Terminus, die gees van die grenslyn.⁽¹⁾ Dieselfde het gegeld vir fonteine, riviere en bosse, terwyl daar ook geeste was wat met die huis en huishouding in verband gestaan het. Daar was Ianus, gees van die buitedeur; Vesta, gees van die haardvuur; die Penates van die kosvoorraad; die Lares, beskermgeeste van die familie; en die Genius, die gees in elke man, wat op sy verjaarsdag vereër is. Die genius van die paterfamilias as familiehoof is besonderlik vereër. Die paar

1. Ovidius: Fasti II: 651 e.v.; Fasti III: 295-6.
Vergilius: Aen. VIII: 349-352.

genoemde geeste is genoeg as illustrasie. Daar moet beklemtoon word dat hierdie geeste vaag was: hulle is nie om-skryf nie, behalwe vir hulle funksie, en die ou boere en die vroeë bewoners van Rome het aan hulle gedink as n NUMEN, eerder as n DEUS.

Die name van hierdie geeste het bly voortlewe toe die Romeine stadsmense geword het, maar omdat hulle nie meer so afhanklik was van die grond en die goedgesindheid van die landelike geeste nie, het sommige van die geeste mettertyd n ander inhoud gekry. Ek neem as tipe, Vesta: op die plaas was dit die gees in die haardvuur wat brandende gehou moes word omdat dit moeilik was om weer die vuur aan die brand te kry as dit doodgegaan het. In Rome het Vesta mettertyd die simbool van die urbs aeterna geword, simbool van die voortbestaan van Rome. Van Vesta is daar nooit, tot die einde van die heidendom, n beeld gemaak nie en die tempel wat vir haar gebou is, was klein en onindrukwekkend; daar het haar priesteresse die vuur altyd brandend gehou.

Terloops dien vermeld te word dat die animisme as n onvergestaltbare idee, aan die Romeine n agtergrond gegee het wat aangesluit het by die misteriegodsdienste en veral by die Christendom. Soos die animisme het die Christendom ook geleer dat God gees is en in gees en waarheid aanbid moet word.

Die oorsprong en ontwikkeling van die Griekse godsdienste

was heeltemal anders. Dit het ontstaan as die verering van natuurkragte wat in elke stadstaat na eie smaak ontwikkel het. Hierby het later gekom die idee om heldefigure onder die mense te vereer. Dis n kenmerk van die Griekse godsdienst dat hulle hul gode in menslike gestalte verpersoonlik het. Hierdie idee is deur die Grieke uitgedra na hulle oorsese kolonies en so het daar n sinkretisme ontstaan tussen die Griekse en Romeinse godsdienste in Italië. Die Romeinse geeste is geassosieer met ooreenstemmende Griekse gode en toe vir die eerste keer antropomorf voorgestel, en dit is die ontstaan van die Deïsme. Vir hierdie gode is daar vir die eerste keer in Rome tempels gebou omdat hulle, soos die mense in wie se gestalte hulle voorgestel is, woonplekke moes hê.

Toe Rome as stadstaat ontwikkel het, is die verering van die gode mettertyd deur die staat oorgeneem. So ontstaan die Staatsgodsdienst met sy organisasie van n collegium van priesters en n Pontifex Maximus aan die hoof daarvan. Hierdie staatsgodsdienst het ontwikkel in n politeïsme wat in godsdienstige sin op n fiasko uitgeloop het.

Met groot presiesheid het die priesters van elke god op die vasgestelde tyd namens die staat sy offers gebring en sy rites afgehandel, terwyl die volksmassas slegs toeskouers was. Van n persoonlike godsdienst was daar geen sprake nie.

Daar is pogings aangewend om die godsdienstige funksies te rasionaliseer en te sistematiseer. In hierdie Rasionalisme

het die wysbegeerte natuurlik n groot rol gespeel om te probeer voldoen aan die godsdienstige begeerte wat allerweë gevoel is; om lewenskoers aan te gee. Die wysbegeerte het slegs die intellektuele bereik en nie die volksmassas nie. E.g. is op die lang duur ook nie tevrede gestel nie en die behoefte aan n godsdiens vir hart en verstand het bly voortbestaan.

Dit was die tyd toe die Oosterse misteriegodsdienste en die Christendom gekom het en n persoonlike godsdiensbeleving gebring het. Hulle het almal aan n diepgevoelde behoefte voldoen wat godsdienstig van aard was, maar nog meer intens was vanweë politieke en maatskaplike faktore. Dit moet meer breedvoerig behandel word.

2. Die godsdienstige toestand in Rome ten tyde van die koms van die Mithraïsme

Die gevolg van die veroweringsoorloë van die Romeine en die opbou van hulle magtige Imperium was die verval van nasionalisme en die ontstaan van internasionalisme. Dit het gepaard gegaan met n sosiale omwenteling in Rome self.

Toe die verskillende volkere wat deur die Romeine verower is, opgehou het om te bestaan as nasionaal-samehorige entiteite, het hulle nasionale godsdienste wat op die eie staat gerig was, n onherstelbare knou gekry. As n mens se godsdiens dan nie meer op die behoud van jou staat gerig is nie, moet dit op jouself gerig word, want sonder godsdiens kan die mens nie wees nie. Hierby moet ook in gedagte gehou word

dat "... particularly in the first Christian centuries, religious interests occupied the dominant place in the lives of the men and women who made the history of the Graeco-Roman world...." (2)

Die ondergang van die Romeinse Republiek met die burgeroorloë wat sy sterftepyne was, het 'n sinisme meegebring in Rome self. "Maar het Romeinse imperialisme deed niet alleen het demokratiese element in de staatsgemeenschap te gronde gaan, ... het ontwrichtte ook en terzelder tyd de ganse wereld." (3) Die politieke verandering in die Romeinse Ryk het veroorsaak ".... dat de godsdienst van staatszaak meer persoonlik zaak werd." (4)

In die provinsies was die saak heel anders as in Rome; en veral in die Oosterse provinsies. In die Ooste het die misteriegodsdienste lankal internasionaal geword onder invloed van die Hellenisme. Toe hierdie Oosterse provinsies deur die Romeine verower is, het hulle die verering wat hulle tevore vir hul eie monarge gehad het, oorgedra op Rome, terwyl die inwoners hul persoonlike heil in die misteriegodsdienste gesoek het.

Die lande om die Middellandse See was nou 'n politieke eenheid en die ryksadministrasie het verkeersweë meegebring wat

2. Angus: The Mystery Religions and Christianity, p. 4.

3. Waszink e.a.: Het oude Christendom en de antieke cultuur, p.56.

4. Sizoo: Uit de wereld van het Nieuwe Testament, p.202.

kontak tussen die verskillende dele daarvan maklik gemaak het. In die bloeiende handel het rasse en klasse met mekaar gemeng en dit het die individu op die voorgrond gestel. Die staat was nou groter as die eie nasie en die enkeling het nie meer opgegaan in sy eie nasie nie. „It was an era of extreme individualism," (5) en hierdie individualisme het deurgewerk op alle terreine - ook die godsdiens. Die enkeling het dus nie meer aangetrokke gevoel tot die staatsgodsdiens nie, want dit was te indirek.

In Rome was die groot aantal vreemdelinge 'n klomp onsamehorige individue; mense wat uit verskillende oorde daarheen gebring is deur die handel of as slawe. Deur die vreemdelinge en deur die instroming van slawe is die sosiale patroon van Rome totaal verander. Selfs die Romeinse inwoners van die stad het van houding verander. Slawe het die werk van die rykes gedoen en teen die kompetisie van die slawe het die armes ook geen werk gehad nie. Rome was dus 'n stad van vreemdelinge en leegglêers.

„.... de ontworteling van de schare," (6) is 'n goeie tipering van die toestand waarin die enkeling eensaam gevoel het, en elkeen sy eie godsdiens self moes soek. Die boodskap van die wysgere het slegs 'n klompie intellektueles bereik terwyl die volksmassas hulle nie daartoe aangetrokke gevoel het

5. Willoughby: Pagan Regeneration, p. 265.

6. Waszink: op. cit.: p. 139.

nie. „Zij begeerde iets voor het hart, voor de phantasie en bovenal iets voor het hiernamaals.“⁽⁷⁾

Hierdeur het die mense nie ongodsdienstig geword nie. Inteendeel, van die hele Grieks-Romeinse wêreld kon gesê word wat Paulus van die Atheners gesê het: Hand. 17: 22. Hulle het nie gesoek na n god wat die staat kon red nie, maar die persoon.

Die misteriegodsdienste het die beste aan hierdie vereiste beantwoord, hoewel hulle gedagtes gebring het wat vir die Westerlinge vreemd was: openbaring, bekering en die belofte van n salige lewe hiernamaals. Selfs die idee van n gemeente van gelowiges was vreemd in die Weste, maar dit het die een-same enkeling uit die koue daarbuite ingebring in die warme broederskap van die gemeente. Voorheen het slegs die priester die tempel binnegegaan, terwyl die volk daarbuite moes bly as toeskouers sonder deelgenootskap.

Dit is merkwaardig dat dit juis in hierdie tyd van ekonomiese welvaart en aardse vrede was wat die mense „... gebukt ging onder drukkende vrees voor het bovennatuurlijke, kwellenden angst voor den dood en voortdurende twijfel aan de mogelijkheid om de waarheid te vinden ...“⁽⁸⁾ Keiser Augustus het aardse vrede gebring; nou het die mense verlang na die hemelse vrede!

7. Sizoo: op. cit.: p. 205.

8. Ibid., p. 210

In die broederskap van die misteriegodsdienste was die gemeenskaplike soeke na persoonlike redding - om 'n nuwe mens te word - wedergeboorte - hulp in die stryd teen die kwaad op aarde en verlossing in die hiernamaals; "... a salvation that included the immortality of the soul as well as the present welfare of the body." (9)

Tradisioneel was die Romein te nugter vir mistiek. Tradisioneel was sy godsdienst vir hom soos 'n handelstransaksie tussen homself en die gode en daarin was geen plek vir mistiek nie. Die Romein se godsdienst was "... legalistic and objective...", soos Willoughby (10) dit raak tipeer.

Die sosiale omwenteling wat gepaard gegaan het met die oorgang van republiek na keiserskap het in hierdie houding ook 'n verandering gebring, al was dit grotendeels net by die laere stande van die Romeinse samelewing. Die keiser-tyd het die verlange meegebring om oor die grense van die aardse bestaan heen te reik na die goddelike verborgenheid daaragter. "It was a period of world-weariness and other-worldliness." (11) Die oorloë van 400 jaar - van die tyd van Alexander die Grote af -, swaar belastinge, verwaarloosing van die landbou, slawerny, burgeroorlog; dit alles het 'n ommekeer gebring; dit het die byna totale uitwissing van die middelklas, die ruggraat

9. Willoughby: op. cit., p. 267.

10. Ibid., p. 268.

11. Ibid., p. 269.

van enige staat, meegebring. Daar het n lugleë kloof tussen die rykes en die armes ontstaan: die rykes het ryker geword en die armes armer.

Omdat slegs slawe gewerk het, was die morele agteruitgang van die rykes en die armes skrikwekkend, soos keiser Augustus se hervormingspogings duidelik aan die lig bring. Hierdie agteruitgang het n verlange na geestelike waardes meegebring. Die armes was moeg van die laste van die lewe en die rykes was verveeld van te veel plesier. Hoe waar was Paulus se aanklag in Romeine 1: 18 - 32 nie! Dit het gelyk na algemene morele anargie, maar daar was ook morele ontwaking, miskien juis gebore uit e.g. Stemme wat opgegaan het teen die misbruike van die tyd, bewys dat daar nog baie mense van hoë morele standaard was.

Aan die rusteloos soekende mense van die eerste eeu het die misteriegodsdienste gegee wat hulle nóg in die wysbegeerte, nóg in die tradisionele Grieks-Romeinse godsdiens kon vind: krag in die stryd van die lewe en sekerheid vir die hiernamaals.

Dit is duidelik dat die Romeine nie ongodsdienstig was toe die misteriegodsdienste en die Christendom daar begin posvat het nie. Die indruk dat dit wél so was, is afkomstig van die Christelike apologete wat hulle heidense teenstanders in n swak lig voorgestel het en soms geveg het teen n begrip waarvan hulle self nie eerstehandse kennis gedra het nie.

HOOFSTUK I

'N KORT UITWENDIGE GESKIEDENIS VAN DIE MITHRAÏSME

Selfs uit die karige bronne tot ons beskikking kan die naam Mithra (of Mithras)⁽¹⁾ nagespeur word tot in die tyd voor die Iraniërs en Indiërs afsonderlike volkere was.⁽²⁾ Hierdie naam kom voor op kleitablette wat ontdek is te Boghazkoï, wat die hoofstad van die Hittiete was⁽³⁾. Vermaseren⁽⁴⁾ haal aan uit n verslag van sir Leonard Woolley wat meen dat hy by Alalakh n mithraeum (Mithrastempel) opgegrawe het wat dateer uit die vyftiende eeu voor Christus.

Op die kleitablette van Boghazkoï word Mithras tot getuie geroep by n verdrag wat tussen twee volksgroepe gesluit is. Tewens, die naam Mithras is verwant aan n Sanskrit-selfstandige naamwoord wat „vriend" beteken.⁽⁵⁾

In die Vedas (heilige boeke van ou Indië) word hy Mitra genoem⁽⁶⁾ en word hy voorgestel as god van waarheid, wat alle valsheid haat. Hierin sien Dill⁽⁷⁾ reeds die kiem van die morele karakter wat later in die Weste n groot krag in

-
1. Prof. S.G.F. Brandon (in The Hibbert Journal Vol. 53(1954/5 nota 3, p.108) noem Mithras die Griekse en Mithra die Romeinse naam.
 2. Cambridge Ancient History II, p. 13.
Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 3.
 3. Vermaseren: op. cit., p. 3.
 4. Ibid., p. 3.
 5. Halliday: The Pagan Background of early Christianity, p. 283.
 6. Willoughby: Pagan Regeneration, p. 143.
 7. Dill: Roman Society from Nero to Marcus Aurelius, p.586.

die Mithraïsme was. In die Vedas het hy egter nooit sterk persoonlik na vore getree nie en sy persoonlike eienskappe is nie sterk omlyn nie. Hy het slegs in verband gestaan met die hemelgod, Varuna, en met die son, hemel en lig.

In die Avesta (heilige boeke van die ou Iraniese godsdiens) is hy genoem Mithras en was hy n goed omskrewe persoonlikheid. Hy was die stralende god wat van die oostelike bergtoppe opkom met dagbreek en dan die hemelboog oorsteek met sy span van vier wit perde. Hy was nie die son, die maan of n ster nie, maar die gees van lig; die altyd waaksame vir wie niemand of niks kon bedrieg nie. Hy was die gewer van warmte en groeikrag aan die aarde en van gesondheid en rykdom aan die mense; die mededeler van wysheid, eer, n goeie gewete en eensgesindheid - dus ook n morele krag van die begin af. Hy het n onverbiddelike stryd gevoer teen die bose magte en sy getroue soldate beskerm teen die lis van die vyand. Hy was vriend en vertrooster van die arme en middelaar tussen aarde en hemel. Hy staan ook van die begin af in verband met Ahura, die hoogste goed.⁽⁸⁾

Dat Mithras in die Persiese Avesta veel duideliker gekarakteriseer is as in die Indiese Vedas blyk uit die Yasht^X (of Mihir Yasht), die loflied aan hom gewy. Volgens die aanhef van Yasht⁽⁹⁾ was hy n skepsel van Ahura-Mazda, ook Ormuzd

8. Meer besonderhede oor die vroeë Mithraïsme in Cambridge Ancient History XII, p. 118 - 122.

9. Vermaseren: op. cit., p. 6.

genoem.⁽¹⁰⁾ Hierdie loflied noem hom verder eerste van die hemelse gode, voor die onsterflike son. In goud uitgedos kom hy met sy vinnige perde op die bergtoppe en kyk welmenend neer op die woonplek van die Ariërs. Die volksleiers offer vir hom as hulle uittrek tot die stryd. Met sy duisend ore en tienduisend oë is hy altyd waaksaam en tree op as beskermmer van die waarheid. Aan hulle wat hom vereer, gee hy goeie gawes; wie teen hom lieg, vernietig hy. Hy word aangeroep as gewer van rykdom, krag en oorwinning; hy gee ook gemoedsrus, n goeie naam, voorspoed en kennis. Aldus Yasht X.

"This clear conception of Mithra, the god of light and truth, and opponent of evil, was one of Persia's best gifts to the religious life of the Roman Empire."⁽¹¹⁾ Dit was n inherente deel van die vroeë Persiese Mithraïsme.

Die Perse het in Mithras naturalistiese sowel as morele trekke gesien. As liggod deurdring hy alles en ontdek die kwaad. Op aarde en hiernamaals wreek hy hom op die ongeregtigheid - ja, vroeg reeds het die Perse n idee van die hiernamaals gehad! In die stryd van goed teen kwaad is Mithras die mens se helper en hy kies kant vir Ahura-Mazda, die wyse opperheer, wat self voortdurend stry teen die beginsel van die kwaad, nl. Ahriman. Dit spreek vanself dat Mithras

10. Ahura-Mazda of Ormuzd, die oppergod in die hiërargie van die "profeet" Zarathustra of Zoroaster.

11. Willoughby: op. cit., p. 146.

met hierdie eienskappe populêr was by al drie die stande (volgens die Yashts), nl. priesters, soldate en boere. Onder Mithras se vroegste volgelinge is die eienskap van getrouheid dus as baie belangrik beskou, want hy is geprys as handhawer van die ooreenkomste waarop die vreedsame samelewing berus.

Maar ook in die natuur is daar tekens van die samewerking van verskillende magte wat die vreedsame verloop van sake meebring. Kristensen⁽¹²⁾ sien hierin selfs 'n analogie met die Bybelse Natuurverbond (Genesis 8: 22 en 9: 12). As liggod het Mithras ook van vroeg af met die son in verband gestaan, hoewel hy nie die son self was nie. Volgens Yasht X: 9 5⁽¹³⁾ het hy immers ook in die nag oor die wêreld gewaak.

Volgens die aanhef van Yasht X⁽¹⁴⁾ is Mithras 'n skep-sel van Ahura-Mazda, en die priester-profeet van die Mazdaïsme, Zarathustra (Zoroaster), het in sy monoteïstiese propaganda nie alleen te velde getrek teen die verering van Ahriman nie, maar 'n hiërargie van gode bepleit waarin Ahura alleen opperheer was en Mithras slegs een van die „yazatas" wat saam met Ahura stry teen die kwaad⁽¹⁵⁾: Tog was Mithras steeds beskermmer en redder vir wie daar geoffer is, soos later op die toppunt

12: Kristensen: Het Mystérie van Mithra, p. 3-4.

13. Aangehaal deur Kristensen: op. cit., p. 4.

14. Vermaseren: op. cit., p. 6.

15. Halliday: op. cit., p. 283.

De Jong: De Oosters-Hellenistische Mysteriën, p. 91.

van sy mag in die Weste.

Die presiese tyd en plek van die optrede van Zarathustra kan nie met sekerheid bepaal word nie⁽¹⁶⁾, maar dit is duidelik dat hy later in Hellenistiese Klein-Asië en ook in die Weste n byna legendariese figuur geword het wie se leer nie veel invloed gehad het nie. So vroeg as die tyd van die Achaemenides (+ 400 v.C.) het Mithras reeds weer n heersende plek ingeneem as krysgod en beskermmer van konings.⁽¹⁷⁾ Sy invloed het daarna verder toegeneem totdat hy die plaasvervanger geword het van onbereikbare Ormuzd (Ahura-Mazda), deur wie lg. die stryd gevoer het teen Ahriman en sy demone. „Later, however, Mithra completely overshadowed with his glorious and vigid personality the vague figure of Ahura himself.”⁽¹⁸⁾

In gebede is Mithras aangeroep naas Ormuzd⁽¹⁹⁾, veral deur konings wat hom as hulle spesiale beskermmer beskou het. Hy was god van die nederige en geteisterde, maar ook van die prins en die adel wat oorlog voer; hy het reg verskaf aan die nederige, en die kryger beskerm teen die lis van die vyand. Veral het hy hom gewreek op iemand wat n ooreenkoms skend.

Met verloop van tyd het Mithras meer en meer heerser geword van die gebied tussen die hemel en die onderwêreld en

16. Vermaseren: op. cit., p. 7 - 8.

17. De Jong: op. cit., p. 91.

18. Willoughby: op. cit., p. 146.

19. Dill: op. cit., p. 587.

middelaar tussen god en mens, n posisie wat hy tot die einde ook in die Weste bekleed het.

Die invloed van die Mithraïsme het toegeneem saam met die opkoms van Persië se militêre mag en in die tyd van die Achaemenides het Mithras finaal die eienskap verkry van „lord of armies”⁽²⁰⁾, n populariteit onder soldate, wat in die Weste ook n belangrike kenmerk van hom was. „The whole Persian empire was missionary territory for his official clergy, the Magi.”⁽²¹⁾ Onder invloed van hierdie Magi is daar aan Mithras en Ahriman min of meer gelykwaardige plekke toegeken en albei is met offerandes vereer.

Na die verowering van Mesopotamië deur die Persiese koning Cyrus het die Magi in aanraking gekom met die Chaldese astrologie. „Syncretism set in; the deities of the two races were reconciled and identified!”⁽²²⁾ Die Astrologie van Babilon, met sy onvermydelik gepaardgaande towerkuns, het die suiwere Mithraïsme beïnvloed, hoewel die morele gedagte van lg. hierdie sinkretisme oorleef en verder ontwikkel het. Ormuzd is verwar met Bel en Mithras met die songod Shamash, terwyl sterrewiggelary en geloof in towery n plek verower het in die Mithraïsme. Astrologie het selfs tot n mate op die ryg van die Mithraïsme gery na die Weste toe. „Astrology

20. Willoughby: op. cit., p. 147.

21. Ibid.

22. Dill: op. cit., p. 587.

.... certainly owes some share of its success to the Mithraic propaganda, and Mithraism is therefore partly responsible for the triumph in the West of this pseudo-science with its long train of errors and terrors."⁽²³⁾

Spore hiervan sal in hoofstukke II en III aangedui word in die Mithraea in Rome.

Mithras is later in die Weste nie as songod vereer nie, hoewel hy in noue verwantskap gestaan het met Sol. Tog het Mithras altyd die tekens gedra van sy oorwinning oor Babilon waar hy die Chaldese astrologie geleer het.

Na die verowering van die Persiese Ryk deur Alexander die Grote het die Magi in aanraking gekom met die Hellenisme in Klein-Asië, en daar het n tweede sinkretisme plaasgevind nog voordat die Romeine met die Mithraïsme in aanraking gekom het. Onder leiding van die Magi het dit in Klein-Asië ontwikkel tot n misteriegodsdiens en sy beslag gekry soos dit later in die Weste geoefen is. Latere veranderings was slegs oppervlakkig.

Die val van die Persiese Ryk van Darius het dus vir die Mithraïsme geen terugslag beteken nie, want die Magi het reeds onder die Persiese konings Klein-Asië binnegedring en hulle godsdiens het hierdie lande oorwin terwyl hulle nog deur hul eie konings regeer is.⁽²⁴⁾ Voorbeelde hiervan is

23. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 125.

24. Ibid., p. 11.

Pontus, Armenië, Cappadocië en Commagene⁽²⁵⁾ wie se konings Ormuzd gedien het en wie se spesiale beskermgod Mithras was, netsoos in die geval van Artaxerxes, die Pers.⁽²⁶⁾

Die invloed van die Hellenisme op die Mithraïsme was dat nasionale grense verdwyn het sover dit die godsdiens aanbetref en dat die klassieke Griekse gode toegelaat is tot die Persiese hemel. Zeus het gaan staan langs Ormuzd, maar die ou naam van Mithras self is ongeskonde bewaar, hoewel hy in verband gebring is met Apollo.⁽²⁷⁾ Die Mithraïsme „... threw off its official and markedly Persian character and began to operate as a private cult brotherhood rather than as a racial or nationalistic religion.”⁽²⁸⁾ Nock⁽²⁹⁾ noem dit „... something picked out of a foreign ensemble and adapted for wider circles.” Soos die ander Oosterse misteriegodsdiens het dit ook „... at once cosmopolitan and individualistic”⁽³⁰⁾ geword.

Die vernaamste rede vir die oplewing van die Mithraïsme in Hellenistiese Klein-Asië is egter dat dit daar, soos later in die Weste, voldoen het aan die behoefte aan 'n persoonlike godsdiens, want gelowiges is toegelaat, nie deur afkoms nie,

25. Ibid., fig. 1, p. 14.

26. Cumont: Inscr. Orient.I: 2, 3, aangehaal deur Dill; op. cit., p. 588, nota 4. Ook Cumont: The Myst. of Mithra, p.8.

27. Op die grafsteen van Antiochus van Commagene; Cumont: Inscr. Grecques, aangehaal deur Dill: op. cit., p.588, nota 5.

28. Willoughby: op. cit., p. 148.

29. Nock: Conversion, p. 44.

30. Halliday: op. cit., p. 238.

maar deur persoonlike inlywing.

Die plaaslike godsdienste van Phrigië en Lidië het ook hul invloed laat geld op die Persiese Mithras, al was dit grotendeels uitwendig van aard. Die moraliteit van Mithras het min in gemeen met Attis en die Magna Mater, maar die klere en die Phrigiese puntmus van Attis is vir alle latere tye vir Mithras aangetrek. Ek verwys ook terloops hier na die taurobolium, die doop in bloed, wat in Phrigië bestaan het voor die koms van die Mithraïsme en na die denneboom wat prominent was in die routonele oor Attis en wat later sy plek in die relief- en beeldhouwerk in Mithrasheiligdomme verkry het.

Dis van belang om te vermeld dat Mithras in Hellenistiese Klein-Asië vir die eerste keer antropomorf voorgestel is, want daar word algemeen aanvaar dat n beeldhouer van Pergamum die eerste was wat die beeldegroep van Mithras tauroctonus vergestalt het.⁽³¹⁾ Voorheen het die stierdodende god slegs in die gedagtes en verbeelding van sy gelowiges bestaan.

Ten spyte van die invloed van die Hellenisme wat die Mithraïsme in n misteriediens laat ontwikkel het onder leiding van die Magi, was die Mithraïsme n duidelik Persies-Chaldese kultus voordat die Romeine daarmee in aanraking gekom het. Hierdie dubbele karakter blyk duidelik uit inskripsies en

31. Cumont: The Mysteries of Mithra; p. 21.

monumente in die Weste, soos in hoofstukke II en III sal blyk. Hier moet egter Persiese en Chaldese trekke genoem word wat kenmerkend was van die Mithraïsme in Klein-Asië.

So duidelik Persies was die karakter van Mithras dat die Grieke hom beskou het as die beskermmer van hulle Persiese vyande en self hom nooit aanvaar het nie. „Daar Mithras in Perzië zetelde, vermocht hij niet de gunst der Grieken te verwerven,”⁽³²⁾ was ook waar van sy karakter in Klein-Asië. Ek noem enkele duidelik Persiese trekke van die Mithraïsme in Rome: Een van die grade van inlywing in die godsdiens het die naam Perses gedra; die begroeting van ingewydenes onderling met die Persiese groet, „Nama”; die begroeting van Mithras met die Persiese „Nabarze” - invictus; die feit dat Mithraïste die Persiese gewoonte getrou nagevolg het om water en vuur te vereer. Lg. is reeds in die Avesta besing en is as sodanig vermeld deur Herodotus.⁽³³⁾

Interessant is ook die Persiese klere van die persone wat geskilder is op die mure van ’n mithraeum te Dura-Europos, waar Romeinse soldate ironies genoeg die god vereer het van die volk teen wie hulle besig was om die Romeinse grens te verdedig.⁽³⁴⁾ Op ’n skildery in die S. Prisca-Mithraeum in Rome sit die pater ook in Persiese klere op ’n troon.⁽³⁴⁾

32. De Jong: op. cit., p. 91.

33. Herodotus: I: 131, in Eng. vertaling: Loeb Classical Library.

34. Vermaseren: op. cit., p. 13.

Beeldhouwerk en inskripsies wat getuig van Chaldese invloed, is in talle mithraea aangetref. In Milaan is n inskripsie gevind van n Mithraspriester wat „studiosus astrologiae" was, terwyl een in Rome n priester aanprys as „Persidique Mithrae Antistes Babylonie templi."⁽³⁵⁾

Die invloed van die astrologie spreek uit vrywel alle mithraea wat opgegrawe is. Dikwels is borsbeelde van Sol en Luna op reliefs aangetref.⁽³⁶⁾ Sol vervul simboliese handeling saam met Mithras wat self Sol invictus is. Saam met die fakkeldraers Cautes en Cautopates simboliseer Mithras ook die drie fases van die daaglikse sonnestand. Cautes met sy opgehewe fakkel stel die opgaande son voor, Mithras die son op sy hoogtepunt en Cautopates, met sy fakkel na benede gerig, die ondergaande son. Hierdie triniteit is weergegee op elke voorstelling van Mithras tauroctonus, en die pas genoemde simboliek word bevestig deur die kleure in die S. Prisca-mithraeum in Rome. Die nis waarin Cautes staan, is oranje-kleurig en dié van Cautopates donkerpers.

Die Chaldese invloed is voor die hand liggend in die talle voorstellings van die sterre - op Mithras se wapperende mantel of aan die rand van die grot waar die stierdoding plaasvind. Die sewe grade van inwyding in die misterie van Mithras staan elk onder die beskerming van n planeet⁽³⁷⁾. Dieselfde

35. Ibid., p. 13.

36. Ibid., p. 15.

37. Lees hoofstuk III C.

geld vir die leer van die afkom en opgaan van die siel deur die sfere van die sewe planete.⁽³⁷⁾ Die zodiacus neem self 'n belangrike plek in, want deur hierdie hemelliggame voltooi die son sy jaarlikse kringloop.⁽³⁸⁾ Dit is uitgebeeld rondom die voorstelling van Mithras se rotsgeboorte op die relief wat te Modena gevind is. ⁽³⁸⁾

Hand aan hand met die astronomiese teorie gaan dan astrologiese spekulasies. In die S. Prisca-mithraeum in Rome is 'n uitvoerige horoskoop van een van die ingewydenes gevind.⁽³⁹⁾

Nogtans was hierdie kultus met vasstaande vorms uit Persië en Mesopotamië soepel genoeg om in Klein-Asië nog nuwe verbintenisse aan te gaan, veral as dit kon bydra om die verspreiding daarvan Weswaarts te vergemaklik. Hierdie verbintenisse het egter die Persies-Chaldese karakter van die Mithraïsme nie op die agtergrond gedwing nie. Uitwendige tooisels het dit vir die Romeine aanvaarbaar gemaak. Vermaseren⁽⁴⁰⁾ sê tereg dat Mithras soos 'n volkome Oosterling aan die grense van Rome gewag het (dus 'n vreemdeling), maar getooi in sy Phrigiese mus van Attis (wat in Rome bekend was). Die Magna Mater het lank tevore die poorte van Rome betree en die Hellenisme, wat Mithras in menslike gedaante vergestalt het, was vir die Romeine ook nie vreemd nie. Hulle was reeds meer

37. Lees hoofstuk III C.

38. Vermaseren: op. cit., nota 66, p. 15.

39. Ibid., nota 69, p. 16.

40. Ibid., p. 17.

as twee eeue lank onder invloed van die Griekse beskawing.

Tydens die Hellenistiese periodê in Klein-Asië het die Mithraïsme die presiese vorm aangeneem wat dit behou het dwarsdeur die keiserlike periode in Rome. „The very fact of standardised representation had its influence in a more precise definition of the character of Mithra.”⁽⁴¹⁾

Opsommend kan dus gesê word dat die wese van die oorspronklike Persiese Mithraïsme, aangetas deur die Chaldese astrologie en daarna die plaaslike godsdienste van Klein-Asië, en deur die Hellenistiese beeldhoukuns vergestalt, ver was van sy oorspronklike karakter, maar as misteriegodsdienst het dit voldoen aan n behoefte en daarom was dit baie populêr in Klein-Asië. As Mithridates Eupator (123 - 60 voor Chr.), wat n vurige Mithrasaanbidder was, sy ideale kon verwesenlik, sou die Mithraïsme sekerlik die amptelike godsdienst van sy ryk geword het. Vir Mithras, egter, was die oorwinning van Pompeius oor Mithridates n seën, want dit het die Weste vir hom geopen: voor die vlugtelinge, slawe, krygsgevangenes en les bes, Pompeius se eie soldate wat met hom in aanraking gekom het.

In die volgende hoofstuk word die verspreiding van die Mithraïsme na die Weste behandel. In die Ooste het dit in sommige Klein-Asiatiese lande hardnekkig weerstand gebied

41. Willoughby: op. cit., p. 149.

teen die Christendom, en in Persië, die land van sy oorsprong,
het dit n aanhang gehad totdat dit verdring is deur die leer
van die Islam.⁽⁴²⁾

42. Cumont: op. cit., p. 2.

HOOFSTUK II

DIE MITHRAÏSME WORD 'N ROMEINSE GODSDIENS

A. Die tyd van die Mithraïsme se koms na Rome:

Die Romeinse generaal Pompeius het Mithridates Eupator se leër verpletter en 'n einde gemaak aan sy ambisies, maar oorblyfsels van sy leër en vloot het 'n heenkome gevind in die gebroke kuslyn en bergewêreld van Cilicië, waar hulle voortgegaan het met die seerowery wat kort tevore juis dáár deur die einste Pompeius 'n nekslag toegedien is. In hierdie gebied was die Mithraïsme toe reeds stewig gevestig en dit het hier bly voortbestaan lank nadat die Christendom die godsdiens van die Weste geword het. Dat Tarsus, die hoofstad van Cilicië, 'n vesting van die Mithraïsme was, blyk uit die feit dat koning Gordianus III muntstukke laat slaan het met die bekende toneel van die stierdoding daarop.⁽¹⁾

Plutarchus⁽²⁾ deel mee dat die Romeine die eerste keer met die misterieë van Mithras in aanraking gekom het tydens Pompeius se oorlog teen die Ciliciëse seerowers. Hierdie seerowers het die Griekse godsdiens in Klein-Asië vervang met die Mithraïsme en o.a. aan Mithras geoffer op die Olympus in Licië.

Appianus⁽³⁾ vertel dat die seerowers die Mithrasmis-

-
1. Cumont: The Mysteries of Mithra, fig. 9, p. 32.
Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god: afb. 3, p. 22.
 2. Plutarchus: Vita Pomp. 24. (Eng. vertaling in Loeb.
Classical Library.
 3. Appianus: Mithr. 63 en 92, aangehaal deur Vermaseren:
De Mithrasdienst in Rome, p. 18, nota 2.

terieë geleer het by Persiese soldate wat in die leër van Mithridates Eupator gedien het, 'n leër waarin allerlei Oosterse volkere verteenwoordig was.

Plutarchus, wat sy opvoeding geniet het in Athene, Alexandrië en Rome, het waarskynlik in Rome met die Mithraïsme in aanraking gekom, aangesien hierdie godsdiensoorloë nooit in Athene voorgekom het nie en in Egipte waarskynlik ook skaars was. Aangesien Plutarchus die lewe van Pompeius teen die einde van die eerste eeu na Chr. beskryf het, kan aangeneem word dat hy dit in Rome aangetref het en daarom vertel het dat die seerowers van Cilicië dit oorgelewer het aan die Romeine.

Pompeius het die gevange seerowers in kolonies geplaas om hulle te kan beheer en om aan hulle 'n ander bron van inkomste te verseker. Die gevolg was dat die betrekkinge tussen Rome en Cilicië toe verstewig is. (Lg. het reeds in 102 voor Chr. 'n Romeinse provinsie geword.)

Onder die seerowers was daar ontwikkelde mense wat as politieke vlugtelingen Rome deur hulle seerowery skade wou aandoen. Dit is dus aanneemlik dat hulle die Mithraïsme geken het. Wissowa⁽⁴⁾ wys daarop dat Pompeius se veldtog ook ander Oosterse godsdienste na Rome gebring het, o.a.

4. Wissowa: Röm. Rel.: 64, aangehaal deur Vermaseren: op. cit., p. 20, nota 8.

die Ma of Bellona van Cappadocië. Paoli⁽⁵⁾ wys daarop dat magiese praktyke in Rome juis in hierdie tyd toegeneem het - dus n teken van die tyd. Cumont⁽⁶⁾ beweer selfs dat daar in die tyd van Pompeius (in 67 voor Chr.) reeds n Mithrasgemeente in Rome bestaan het. Geen Mithrasmonumente uit die tyd kort na Pompeius se oorlog teen die see-rowers is egter in Italië gevind nie. Romeinse skrywers uit hierdie tyd wat van Mithras melding maak, is Strabo en Quintus Curtius⁽⁷⁾, maar dan slegs met betrekking tot Klein-Asië. In Pompeii, wat in 79 na Chr. onder die lawa en as van Vesuvius begrawe is, is geen monument of inskripsie gevind wat van die Mithrasdiens getuig nie.

Uit die berig van Plutarchus kan afgelei word dat die Mithraskultus in Rome al op vaste grondslag was teen die einde van die eerste eeu na Chr. Dit word bevestig deur Statius wat omstreeks 80 na Chr. die kenmerkende voorstelling van Mithras as stierdoder gesien het:⁽⁸⁾

seu te roseum Titana vocari
Gentis Achaemeniae ritu, seu praestat Osirim
Frugiferum, seu Persei sub rupibus antrum.
Indignata sequi torquentem cornua Mithram.
Argeologiese gegewens lewer niks op wat voor die

5. Paoli: Vita Romana, p. 391.

6. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p.140.

7. Quintus Curtius: Histor. Alex. IV: 13.
Strabo: Geogr. XI: 14, 9, (Eng. Vertaling in Loeb.Cl. Lib.)

8. Statius: Theb. I: 717-720.

einde van die eerste eeu na Chr. gedateer kan word nie.

Die vroegste bekende inskripsie vermeld Alcimus, die slaaf van T. Claudius Livianus, wat waarskynlik 'n offisier was van die praetoriaanse lyfwag onder keiser Trajanus (102 n.C.) Die inskripsie lui:⁽⁹⁾

Alcimus T. Cl(audi)Liviani ser(vus) villic(us)

S(oli) M(ithrae) v(otum) s(olvit) d(onum) d(edit)

Hierdie inskripsie is belangrik omdat dit wys hoe die Mithraïsme van die begin af in Rome 'n aanhang gehad het onder die slawe. Terselfdertyd toon dit hoe hierdie godsdienst juis deur middel van slawe na die hoëre stande sou deurdring.

Bogenoemde inskripsie is gegraveer op die voetstuk van 'n beeld wat in ongeveer 1700 in Rome was en stellig ook daar gevind is.⁽¹⁰⁾ Dit was 'n buitengewone voorstelling van Mithras tauroctonus wat bewys dat die kunstenaar hom nog nie aan 'n vaste patroon gebonde gevoel het nie. Die beeld bevat 'n duidelike sinspeling op die vrugbaarheid van die stier se bloed, want onmiddellik nadat dit gevloei het uit die wond wat deur Mithras toegedien is, gaan dit oor in drie koringare. Die twee fakkeldraers staan nie soos gewoonlik weerskante van die toneel van die stierdoding nie, maar albei staan agter die stier. Cautopates staan los

9. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, nota 33, p. 25.

10. Ibid., nota 35.

van die groep met sy fakkel na onder gerig, terwyl Cautes met sy een hand die stert van die stier vashou. In sy ander hand het hy waarskynlik die fakkel vasgehou, maar dié het van die beeld afgebreek. Die ongewone voorstelling van die fakkeldraers agter in plaas van weerskante van die stier, laat dus die gedagte ontstaan dat dit van die vroegste afbeeldings in Rome was.

Dis bekend dat, behalwe deur slawe en soldate, die Mithraskultus ook versprei is deur Oosterse handelslui.⁽¹¹⁾ In die vernaamste hawestede van Italië soek n mens egter ook tevergeefs na oorblyfsels van voor 80 na Chr. By die jongste opgrawings in Ostia het daar n mithraeum aan die lig gekom wat agter die tempel van Hercules geleë was. Dit het ook n afwykende beeldegroep bevat, wat tot die gevolgtrekking lei dat dit een van die vroegste mithraea was. Hier dra Mithras n tunica wat sy bors gedeeltelik ontbloom. Met sy linkerhand gryp hy die stier om sy nek, met sy knieë druk hy hom vas en met sy regterhand hou hy die dolk seëvierend omhoog. Sy oë is opwaarts gerig en op sy gesig is daar n ekstatische uitdrukking. Mithras se klere is hier nie Oosters nie - geen Phrigiese mus, lang broek of mantel nie! Die gewone skerpioen, slang en hond is ook

11. Ibid., Tabel II: name en beroepe van bekende Mithraïste in Rome.

weggelaat. Die kunstenaar kon homself dus nog die vryheid veroorloof om Mithras volgens eie smaak uit te beeld; n smaak wat Grieks was, want die kunstenaar noem homself die Athener Kritoon.⁽¹²⁾

Ook die hawestede Puteoli en Antium het geen vondste opgelewer wat van vroeër datum is as die vroegste in Rome nie. Die gevolgtrekking is dan dat die Mithraïsme nie deur handelaars via die handelstede vir die eerste keer na Rome gebring is nie. Rome is egter deur soveel vreemdelinge besoek dat n mens kan aanneem dat Mithras regstreeks daarheen oorgedra is.

By gebrek aan nadere gegewens moet aangeneem word dat die Mithraïsme Rome binnegekom het in die tydperk tussen 60 voor Chr. tot 80 na Chr.⁽¹³⁾, met die laaste gedeelte van hierdie tydperk die mees aanneemlike.

Aangesien slawe en vreemdelinge die eerste aanhangers van Mithras in Rome was, moet ons aanneem dat daar reeds baie vereerders was voordat hierdie godsdiens die openbare aandag getrek het.

Sedert die regering van Tiberius is die Midde-Ooste stuk vir stuk by die Romeinse Ryk ingelyf, en so het meer direkte kontak ontstaan tussen Rome en die lande waar die Mithraïsme reeds goed gevestig was. Onder Tiberius is Cappa-

12. Ibid., plaat II, teenoor p. 141.

13. Ibid., p. 30.

docië ingelyf, onder Nero Pontus en onder Vespasianus Commagene. Die amptelike organisasie van hierdie gebiede en die voortdurende aanraking van Rome met sentrale Klein-Asië het kanale daargestel vir die verspreiding van nuwe godsdienste uit die Ooste na Rome. Slawe en liberti het Mithras in die Romeinse huise gebring en soldate wat in die Ooste geveg het of daar gewerf is, het hom spoedig na die Donou gebring.

Die werklike ingang van die Mithraïsme in Rome word gestel op die tyd ná die Armeense veldtog van Carbulo en vanaf die tyd toe Vespasianus begin het om hulptroepe in die Ooste te werf, d.w.s. die sewentigerjare van die eerste eeu na Chr. Dit word bevestig deur die feit dat, afgesien van die twee wat reeds genoem is⁽¹⁴⁾, die oudste mithraea wat opgegrawe is, dateer uit die tyd van Trajanus en Hadrianus.⁽¹⁵⁾

Die Mithraïsme het sy grootste populariteit egter eers bereik toe keiser Commodus self aan die verering van Mithras en Isis deelgeneem het. Waar dit tot hierdie tyd hoofsaaklik soldate, slawe en liberti was wat Mithras aangehang het, het n deel van die adel die keiser van toe af daarin nagevolg. Diocletianus het saam met andere in die kamp

14. Lees op bladsye 28 en 29.

15. Wissowa: Religion und Kultus der Römer, par. 59, p. 308.

te Carnuntum sover gegaan om die „deus Sol Invictus Mithras” te vereer as „fautor imperii sui.”⁽¹⁶⁾

Dis opmerklik dat hierdie openlike Mithrasverering deur ’n Romeinse keiser slegs in ’n soldatekamp buite Italië geskied het, terwyl dit in Rome self nooit gewaag is nie. Daarvoor het die Romeinse tradisie tot die einde van die heidendom te sterk gebly. Die Mithraïsme het tewens ook nooit deel geword van die staatsgodsdienst nie. Slegs die Christendom sou hierdie voorreg geniet, en dit eers ná sy algehele oorwinning oor die ander Oosterse godsdienste.

B. Die manier waarop die Mithraïsme na Rome oorgedra is.

Uitwendige toestand was in die eerste eeu gunstig vir die vinnige verspreiding van die Mithraïsme na Rome, hoofstad van die „wêreld”.

Soos die Ooste stuk vir stuk by die Romeinse Imperium ingelyf is, het swarms Oosterse slawe die ryk huise van Rome oorstroom; ook die keiserlike paleis. Baie opgegraafde wydingsartikels dra die name van slawe of liberti⁽¹⁷⁾; name wat soms selfs die lande van hulle herkoms verraa. Daarvan is ’n groot aantal gevind in Rome en in Ostia wat ná die verbeterings deur Trajanus die vernaamste hawe was en waar

16. Cumont: The Mysteries of Mithra, fig. 19, p. 88.

17. Kyk die name en beroepe van bekende Mithraïste in Rome, in Vermaseren; op. cit., Tabel II.

reeds in die tweede eeu vier Mithraea was⁽¹⁸⁾, een waarvan vlakby n heiligdom van die Magna Mater, met wie Mithras n goeie verhouding gehad het.

Slawe is die mense met die minste hoop in die aardse lewe en daarom moet verwag word dat mense wat reeds in die lande van hulle herkoms Mithrasvereerders was, in slawerny fanatiek aan Mithras sou vasgehou het as redder om vir hulle in die hiernamaals geluk te bring. Die invloed van hierdie slawe in die Romeinse huise op hulle here en meesters moet nie onderskat word nie.

„Soldiers were his most zealous missionaries“⁽¹⁹⁾. Gewerf in die Ooste en gestasioneer langs die Donou of Ryn, het die soldaat vasgehou aan sy Oosterse godsdiens en dit graag meegedeel aan sy kamerade. Die Mithrasvereerders was nie eksklusief nie, „they gladly admitted to their rites those of their companions in arms, of whatever origin, whose aspirations the official religion of the army failed to satisfy, and who hoped to obtain from the foreign god more efficacious succor in their combats, or, in case of death, a happier lot in the life to come.“⁽²⁰⁾ Soldate was van altyd af bygelowig en in die aangesig van gevaar het hulle graag Mithras aanbid as beskermmer teen die vyand; en as hulle sou sneuwel, as middelaar tot n geluksalige

18. Dill; Roman Society from Nero to Marcus Aurelius, p. 591.

19. Ibid., p. 592.

20. Cumont: op. cit., p. 42 = 43.

hiernamaals.

Commagene het n buitengewone groot aantal hulptroepe aan Rome gelewer en was juis n belangrike setel van die Mithraïsme, soos ook Cappadocië, Pontus en Cilicië⁽²¹⁾, waar daar n sterk Iraniese element in die bevolking was⁽²²⁾. Die verskyning van die Mithraïsme op n sekere plek kan soms direk herlei word tot die oorsprong van die legioen wat daar gestasioneer was. Ons weet bv. dat die vyftiende legioen onder Corbulo teen die Parthers geveg het en in 70 na Chr. deelgeneem het aan die verowering van Palestina, maar daarna oorgeplaas is na Carnuntum in Pannonië; en hierdie plek was van toe af as't ware Mithras se heilige stad in die Weste.

Spore van die Mithrasdiens is gevind al langs die Donou en Ryn, tot in Engeland - oral waar die soldate op die noordelike grense van die ryk gestasioneer was. Dit was die gebruik om soldate wat bevorder word tot offisiërs-rang oor te plaas na n ander legioen. So is die Mithraïsme verder versprei en om hierdie rede kry ons enkele spore daarvan in Spanje en Noord-Afrika.

By ontslag ná hulle dienstryd was hierdie soldate nog steeds apostels van hulle geloof op die plekke waar hulle

21. Ibid., p. 41.

22. Cambridge Ancient History XII, p. 428.

hul gevestig het - dikwels in of naby Rome.

Die Mithraïsme was n viriele godsdiens wat aangepas het by die viriele Romeinse karakter, en veral by die Romeinse soldaat, tegelyk die mees onvermoeide en die bygelowigste mens denkbaar. Mithras was n bron van inspirasie vir n soldaat. Terselfdertyd het die soldate hul kameraadskap op die slagveld ook gevind in die broederskap van die ingewydenes in die misterieë van Mithras.

Nadat Rome die Ooste verower het en die pax Romana uitgebrei het na daardie deel van die wêreld, het handelaars uit die Ooste meer as tevore al die lande om die Middellandse See betree; en veral Rome, hoofstad van die ryk, met sy groot bevolking en handelsmoontlikhede. Die handel is ook aangehelp deur die goeie Romeinse paaie wat die ryk deurkruis het. Verder was die Weste nie so dig bevolk as die Ooste nie en dit het tot n mate n bevolkingsverskuiwing meegebring, met die handelaars op die voorpunt. „The industrial and commercial preponderance of the Orient was manifest, for there were situated the principal centers of production and export.”⁽²³⁾. In hierdie handelsverkeer was die handelsposte wat deur aanhangers van Mithras in die Weste opgerig is „... centers for the religious propaganda just as the Jewish communities of the Diaspora were for Christian

23. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p. 23.

preaching.”⁽²⁴⁾ Die invloed van die Oosterse handelaars in die verspreiding van die Mithraïsme sal duidelik blyk wanneer die verband tussen bevolkingsamestelling en Mithrasdiens in sekere woonbuurte van Rome later in hierdie hoofstuk behandel word.⁽²⁵⁾

Die ryksadministrasie het nog n kanaal geskep vir kontak tussen Rome en die Ooste, want dit het Romeinse amp-tenare met hulle gevolg na die verre provinsies laat gaan, waar hulle met die Oosterse leefwyse en godsdiens in aanraking gekom het. Diegene wat hierin geïnteresseerd was, het met nuwe gedagtes na Rome teruggekeer ná hulle dienstyf.

C. Redes vir die ingang van die Mithraïsme in die Romeinse godsdiensbelewenis:

Die drukke stoflike verkeer tussen die Ooste en die Weste is slegs n gedeeltelike verklaring vir die sukses van die Oosterse misteriegodsdienste in Rome. Daar was diepere oorsake wat die grondslag van hierdie sukses gevorm het. Wat het die Oosterse godsdienste (en by name die Mithraïsme) gebied, wat ontbreek het in die Romeinse godsdiens?

In die vroeë Animisme het die Romeine reeds die begrip gehad van n geheime krag wat werkzaam is in die wêreld⁽²⁶⁾, en daarin was ook reeds die gedagte van n persoonlike ver-

24. Ibid., p. 23.

25. Hoofstuk II D 2.

26. Lees Inleiding, bls. 1 - 2.

houding teenoor die godheid. Hierdie persoonlike verhouding is mettertyd verdring deur die staatsgodsdiens wat ontwikkel het uit die animisme onder invloed van die Griekse deïsme. In die staatsgodsdiens is daar deur priesters aan die gode geoffer namens en vir die staat, terwyl die individu slegs as toeskouer teenwoordig was en geen persoonlike godsdiens-belewenis geken het nie.

Hierdie leemte is allerweë gevoel, hoewel miskien onbewustelik. Die gevolg was dat „The ancient world was craving for a promise of immortality.”⁽²⁷⁾ Dit was n kenmerk van die geestelike lewe van die eerste eeu (na Chr.), en hierop het die Mithraïsme geteer, hoewel verbind met n sterk sin vir morele verantwoordelikheid. Daar is geglo dat daar na die dood die oordeel was oor die mens se daade tydens sy lewe, om die toekomstige plek van die siel te bepaal. Die slegtes is deur Ahriman en sy „devas” neergetrek om foltering en eindelose skande te verduur. Die reines het opgegaan deur die sfere van die sewe planete om deur Mithras ontvang te word in ewige lig.

Dit is waar dat die Romeine n persoonlike gevoels-godsdiens beskou het as in stryd met hulle „gravitas”, maar in die tyd toe die Mithraïsme ingang gevind het in Rome, was die stewige kern van die aristokrasie wat weerstand kon

27. Dill: op. cit., p. 609.

bied teen vreemde elemente, tot n groot mate uitgedun deur die burgeroorloë wat met die val van die Romeinse republiek gepaard gegaan het. Die ryk handelaars het al hoe meer die leidende maatskaplike stand geword en dit was juis hulle wat die meeste met die Oosterse handelaars, veral Siriërs, in aanraking gekom het.

Onder die keisers was daar na Tiberius min persoonlike vryheid, met die gevolg dat almal se gedagtes in die rigting van die hiernamaals gekeer is. Die warme gees van broederskap wat geheers het onder die Mithraïste was laafnis vir die gelowiges uit die onderdrukte volksmassas en slawe wat hier gevind het dat almal gelyk is. In die klein gemeentetjies het niemand verlore geraak in die massa nie, maar almal was waarlik „fratres" - soos n gesin, so intiem.

In die Romeinse samelewing was daar slegs „immortality of the few."⁽²⁸⁾ Slegs die paar beroemdste mense het onsterflikheid bereik, bv. Divus Augustus. Dit het neerdrukend ingewerk op die massas wat dan geen hoop gehad het op beter toestande hiernamaals nie. Mithras het hierdie hoop gebied vir die laer stande en die fatalisme veryd, want die ingewydenes het geglo dat hulle na die dood met Mithras verenig sal word en dus self goddelik en onsterflik sou word.

28. Cumont: *After Life in Roman Paganism*, p. 115.

Die regering van keiser Augustus was n tyd van nasionale bewussyn en daarom het hy ook probeer om die nasionale godsdiens in ere te herstel, want die ou gode het in verval geraak en die Romeine het hulle heil van uitheemse gode verwag. Augustus was egter n gestrenge „pontifex maximus" en nie n besielde profeet, soos sy tyd vereis het nie. Daarom het sy hervormingswerk geen blywende invloed gehad nie. Die erkenning van die bo-aardse natuur van die keiser deur n groot deel van die volk, bewys „hoezeer het Hellenisme Romeinse opvattingen had veranderd." (29) Augustus se pogings om nuwe lewe te blaas in die ou gode moet deels gesien word as walgooi teen die Oosterse invloed, maar dit was reeds te laat. Hy het wel die astroloë uit Rome verdryf, maar self een van hulle in sy gevolg gehad en sy eie horoskoop laat opstel. (30)

Die Egiptiese Isisdiens was in Augustus se tyd in onguns omdat dit afkomstig was van die land van die gehate Cleopatra, en Tiberius het hierop voortgebou, maar Caligula het Isis in Rome herstel deur o.a. die groot Iseum op die Campus Martius te laat herbou. Claudius weer, het die Cybele-diens herstel, terwyl Nero dit hom laat welgeval het toe Tiridates van Armenië hom in 66 as n afstammeling van

29. Vermaseren: op. cit., p. 31.

30. Suetonius: Aug. 94.

Mithras bestempel het.⁽³¹⁾ Nero het homself mos ook as songod laat vereer en omdat hy n besondere belangstelling in die okkulte gehad het, is dit betekenisvol dat hy in aanraking was met die Magi in Tiridates se gevolg.⁽³²⁾ Ver-
set teen die Oosterse gode was skynbaar futiel en die toe-
vloei van Oosterse godsdienste het spoedig gehelp om van Rome
n „templum mundi totius“⁽³³⁾ te maak.

Voor sy intrede in Rome was die Mithraïsme reeds internasionaal⁽³⁴⁾, d.w.s. persoonlik, toegespits op die indiwidu en nie op die staat nie. In plaas van die same-
horigheid van die gesinsgroep soos in die ou Romeinse gods-
diens, die stadsgroep soos by die Grieke of die staat soos
in die Romeinse staatgodsdienst, vind ons nou in die Mithra-
ïsme die samehorigheid van die ingewydenes in die misterieë
van Mithras. | Hierdie broederskap het die skeidsmure van
stand en nasionaliteit uitgewis, soos n mens tewens kan
verwag in die nuwe konsepsie van Rome as kosmopolitiese
hoofstad van die groot Romeinse ryk. | Hierdie nuwe konsep-
sie wat in die laaste jare van Julius Caesar reeds waarneem-
baar was, het veld gewen met die instroming van Oc terlinge
in Rome. „With the establishment of the Roman peace and
the Roman empire nationalism disappeared.“⁽³⁵⁾

31. Suetonius: Nero 13.

32. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, p. 18.

33. Amm. Marcellinus: XVII: 4, 13.

34. Hoofstuk I, bls. 17.

35. Angus: The Religious Quests of the Graeco-Roman World, p.14.

Die Romeinse godsdiens was koud en prosaies, dikwels ondergeskik aan die politiek en in die eerste plek toegespits op die beskerming van die gode oor die staat. Die Oosterse godsdiens het die oorhand gekry omdat „those religions gave greater satisfaction first, to the senses and passions, secondly, to the intelligence, finally, and above all, to the conscience.”⁽³⁶⁾ Hierdie godsdiens het nie die steun van die staat agter hulle gehad nie, maar hulle het op die gevoelens van die individu staatgemaak om bekeerlinge te werf. Met sy leer van die hiernamaals waar die siel vry sal wees van die liggaam en alles wat op aarde kwel, het die Mithraïste ’n aandeel ontvang, „in the passion of Mithra, condemned to create the world in suffering,”⁽³⁷⁾

Die Grieks-Romeinse godsdiens het ’n stadium van doodsheid bereik, waar die rites nie meer verstaan is nie, hoewel hulle nog pynlik presies uitgevoer is volgens die „mos maiorum”. „The place of faith was taken by myth and ritual.”⁽³⁸⁾ Bevrediging is gesoek in die Grieks-Romeinse wysbegeerte, maar dit het nie die volksmassas bereik nie en selfs vir die geleerdes het dit geen steekhoudende lewensbeskouing gebring nie. Geloof alleen kon dit doen, Verder, waar die Romeine dikwels vir eie gebreke kon vergoed deur

36. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p. 28.

37. Ibid., p. 29.

38. Nock: Conversion, p. 6.

van die Grieke te leen, kon hulle dit nie op die gebied van die moraal doen nie. En tog het die gewete van die mense bevrediging gesoek in hierdie tyd van die agteruitgang van karakter. Daarom is dit gesoek in die Oosterse godsdienste waar „expiatio” nie meer ’n seremonie was om die gode te behaag nie, maar ’n persoonlike saak tussen mens en god, wat dikwels met persoonlike lyding gepaard gegaan het. In die Mithraïsme was daar ’n innige verhouding tussen die gelowige en sy god. Die ingewydene was nie maar net ’n smekeling voor ’n hoë, vreeswekkende mag nie, maar hy het homself as vertroueling beskou van die god wat hom sy lot aantrek en hom bo die beperkinge van die aardse bestaan wil verhef. Dit kon nie van die Romeinse gode gesê word nie: hulle was so uitgedien dat Varro as ’n mondstuk van daardie tyd beskou kan word waar hy skryf: „Se timere ne (dii) pereant non incursu hostili sed civium neglegentia.”⁽³⁹⁾

Die hoop op die hiernamaals is aangebore by elke mens. Hierdie bevrediging kon die Romeinse godsdiens nie bied nie en tog is die behoefte besonder sterk gevoel in die tyd van die keisers wat onderdrukkers van persoonlike vryheid was. Mithras het die antwoord gehad!

Die sosiale omwenteling in Rome wat gepaard gegaan

39. Varro: *Antiqu.*, ed. Aghad, 141, aangehaal deur Cumont: op. cit., p. 30.

het met die sterftepyne van die republiek, die geboorte van die keiserskap en die inlywing van die Ooste by die ryk, het n persoonlike belangstelling in godsdiens gaande gemaak wat herinner aan n opmerking van Lucretius:

„... multoque in rebus acerbis
acrius advertunt animos ad religionem.”(40)

Die feit dat die Epikureërs, onder wie Lucretius, probeer het om die mense te verlos van hulle vrees vir die hiernamaals bewys dat die mense hulle bekommer het daaroor. „Demand creates supply, and this demand was met by the rise of private mysteries.”(41)

Nadat die Mithraïsme in Rome posgevat het, kon dit ongehinderd voortbestaan omdat dit nooit vervolg is nie. Dit was primêr n misteriegodsdienst sonder enige openbare seremonies wat aandag getrek het. Die Mithrasgelowiges was onbesproke lojaal teenoor Rome en daar was geen sweem van onbehoorlike gedrag nie. Vir die oningewydenes het dit gelyk na sonaanbidding wat in Rome nie vreemd was nie. Daar was geen priesterklas wat niks anders gedoen het nie, aangesien die ampsdraers mense was wat hulle daaglikse werk in die gewone lewe gehad het.

n Propagandamiddel vir Mithras was die feit dat sy

40. Lucretius: De rerum natura III: 53 - 54.

41. Nock: op. cit., p. 116.

gelowiges by feesmale die gebruiklike krans geweier het; iets wat verpligtend was vir alle ingewydenes vanaf die graad Miles. So het die ander aanwesiges dan van Mithras te wete gekom.

Hoewel die Romeinse pantheon bly voortbestaan het en die tradisionele seremonies van die staatsgodsdiens nog nougeset uitgevoer is deur die pontifices, was die hart van die volk nie meer daarin nie. " ... it still commanded their service, but no longer their hearts or their belief." (42) Die seremonies van die staatsgodsdiens was n burgerplig, maar die mense het hulle persoonlike godsdiensgevoel in die misteriegodsdiens uitgeleef. Carcopino wys uit die werke van Juvenalis, die jongere Plinius en Tacitus hoedat selfs die aristokrasie se hart nie meer in die staatsgodsdiens was nie. (43) Hulle geloof het n ander voorwerp en rigting gekry, want in die misteriegodsdiens het hulle gevind "... an explanation of the world, rules of conduct, release from evil and from death." (44)

Hoewel die Romeinse godsdiens en die Mithraïsme uit verskillende wêrelddele gestam het, was dit vir die Romeine nie baie vreemd nie omdat dit in Klein-Asië gehelleniseer is en die Romeine self meer as twee eeue se Griekse invloed

42. Carcopino: *Daily Life in Ancient Rome*, p. 126.

43. Ibid., p. 127 - 8.

44. Ibid., p. 132.

agter die rug gehad het.

Vir die Mithraïsme was ook bevorderlik die feit dat die Oosterse godsdienste nie openlik vyandig teenoor mekaar gestaan het nie, waarskynlik omdat hulle soveel gemeenskaplike kenmerke gehad het as gevolg van die Hellenistiese invloed waaraan hulle almal onderworpe was voor hulle intrede in Rome.

Diegene onder die Romeinse adel wat nie tot hierdie vreemde invloede „verlei” is nie, het hulle gewantrou en gehaat. Ek dink hier bv. aan Juvenalis wat dit nie kon verdra dat die Orontes sy water van „bygeloof” in die Tiber kom stort het nie.⁽⁴⁵⁾

D. Die plekke waar Mithras vereer is:

1. In die Westelike dele van die Ryk:

Hoewel die doel van hierdie studie die Mithraïsme in Rome self is, is dit tog nodig om ter wille van die geheelbeeld kortliks die verspreiding daarvan in Italië en die westelike dele van die Romeinse Ryk te behandel.

Die Mithraïsme is waarskynlik deur slawe versprei na sekere dele van die platteland van Italië. Oosterse slawe wat deur Romeinse grondbesitters gekoop en in hulle „familia

45. Juvenalis: III: 62 en VI: 532 e.v.

rustica' geplaas is, het dit gedra na afgeleë dele van Etruria, Lucania en Apulia.

Hoewel die stadiums van verspreiding in Italië moeilik is om na te vors⁽⁴⁶⁾, weet ons dat Mithras in die tweede eeu reeds vereer is in Campania, Capri, Ischia en afgeleë plekke in Suid-Italië. In dieselfde tyd was dit ook te vinde op dorpe in die omgewing van Rome, nl. Lanuvium, Alba, Velitrae, Labii en Praeneste.

Gedra deur staatsamptenare, handelaars, slawe en soldate, het dit van Rome af versprei langs die groot paaie na Noord-Italië: langs die Via Cassia deur Etruria na Volsinii, Arretium en Florentia. Dis moontlik dat dit Pisa oor see bereik het. Langs die Via Flaminia het dit versprei deur Interamna, Spolegium en Sentinum na Bononia. Te Nersae was dit in 172 reeds lank gevestig, want in daardie jaar is 'n vervalle mithraeum daar herstel.⁽⁴⁷⁾ In Gallia Cisalpina is die spore van die Mithrasdiens minder duidelik, maar dit is tog gevind in Milaan en veral in Aquileia wat die skakel was van die handel tussen die Adriatiese See en die Donoulande.

In die Alpe het die bergpasse na Rhaetia en Noricum

46. Dill: op. cit., p. 593.

47. Ibid., p. 593.

ook oorblyfsels opgelewer. Reliefs is gevind in Trente en die Tirool, terwyl ook die hoofpad van Aquileia af na die Donoulande vondste opgelewer het.

Griekeland het heeltemal koud gestaan teenoor Mithras. „Daar Mithras in Perzië zetelde, vermocht hij niet de gunst der Grieken te verwerven.”⁽⁴⁸⁾ Persië was immers die tradisionele vyand van die Grieke. Die argeologie het nog slegs een relief uit Hellas te voorskyn gebring, nl. te Patros.⁽⁴⁹⁾

Oorvloedige spore van die Mithrasdiens is gevind vanaf die Swartseehawens al langs die noordgrens van die ryk, met die lyn van die soldatekampe en/of handelsposte; met die Donou en Ryn langs tot in Engeland. Veral Dacia het baie vondste opgelewer, want baie veterane is daar gevestig nadat hierdie streek in 107 onder keiser Trajanus onderwerp is. „Probably there has seldom been such a col-luvies gentium assembled”⁽⁵⁰⁾, want veral baie Oosterlinge van plekke soos Edessa en Palmyra, waar Mithras eeue lank reeds aanbid is, is daar gevestig. Nie minder nie as vyftig reliefs en inskripsies is gevind in ’n mithraeum wat opgegrawe is in Sarmizegetusa, die hoofstad van Dacia. Vier mithraea is opgegrawe in die kolonie Apulum, terwyl Aquincum

48. De Jong: De Oosters-Hellenistiese Mysteries, p. 91.

49. Willoughby: Pagan Regeneration, p. 153, na aanleiding van Cumont: Textes et Monuments figurés relatifs aux Mystères de Mithra II: 469, inscr. no. 220a.

50. Dill: op. cit., p. 594.

en Carnuntum aan die Donou ook oorblyfsels opgelewer het. Stene met die stempels van legioene II en XV is gevind te Pannonia waar hierdie legioene, gewerf in Commagene en Cappadocië, gestasioneer is en waar hulle hul tradisionele Mithraïsme beoefen het.

Offisiere wat van die Donou af oorgeplaas is na Lambaesis in Numidië, het waarskynlik die Mithrasdiens daar geplant, want gewoonlik is die garnisoene in Noord-Afrika uit hul eie omgewing gewerf en hulle het getrou gebly aan hul eie godsdiens.

Osterburken aan die Ryn het 'n meesterstuk van Mithras-beeldhoukuns opgelewer, met Germaanse inskripsies daarop. Waarskynlik het Germaanse burgerlikes die Mithraïsme geleer by soldate wat daar gestasioneer was. Hoewel daar nie baie Oosterse soldate aan die Ryn was nie, was hulle in voortdurende kontak met hulle „commilitēs” aan die Donou, en lg. was vurige Mithrasaanbidders.

Langs die Ryn het die Mithraïsme versprei na Keulen en Bologne⁽⁵¹⁾, waarvandaan die vloot altyd na Britannië gevaar het, veral na Londen⁽⁵²⁾ wat in die tyd van Tacitus⁽⁵³⁾ 'n belangrike handelsentrum was. Die Romeinse soldate het Mithras verder gedra na die kampe in Caerlon, Chester en

51. Kyk Cumont: *The Mysteries of Mithra*, fig. 37, p. 151 vir beeldegroep wat te Bologne gevind is.

52. *Ibid.*, fig. 26, p. 122 - marmer-relief wat in Londen gevind is.

53. Tacitus: *Ann.* XIV: 33.

York, terwyl daar by die meeste wagposte langs die muur van Hadrianus ook mithraea was⁽⁵⁴⁾.

Wes-Gallië, Spanje en Noord-Afrika het die heel minste met Mithras in aanraking gekom. Siriese handelaars het hulle godsdiens waarskynlik gebring na Lyons, Arles en Narbonne, maar die enigste plek in Aquitania waar oorblyfsels gevind is, is Elusa. In Spanje is slegs enkele spore gevind te Asturia en Gallicia, waar soldate-buiteposte was.⁽⁵⁵⁾

2. In Rome:

(a) Op die Palatinus:

Cybele was die eerste Oosterse godheid wat haar intrek geneem het op die Palatinus, toe die swart klip van die Magna Mater deur die senaat daarheen laat bring is teen die einde van die tweede Puniese Oorlog⁽⁵⁶⁾. Die Romeine het egter toegesien dat hierdie kultus beperk gebly het tot die tempel wat daarvoor opgerig is.

Isis het die Palatinus betree toe die grillige Caligula onder die invloed van sy Egiptiese raadgewers vir haar n heiligdom laat bou het in die stad en een in sy paleis op die Palatinus. Hy was egter die enigste keiser in wie se paleis n vreemde god of godin vereer is.

54. Dill: op. cit., p. 597, nota 2.

55. Ibid., p. 597, notas 3 en 4.

56. Livius: Ab urbe condita XXIX: 10 en 11.

Hoewel Commodus hom laat inwy het in die misterieë van Mithras en Caracalla die apartheid tussen cives Romani en peregrini opgehef het, waarmee saamgehang het die ophef-fing van die skeiding tussen sacra Romana en peregrina, is dit tog opmerklik „Dat Mithras wel het hart van sommige Romeinse Caesaren heeft weten te veroveren, maar nooit hun paleizen.”⁽⁵⁷⁾

Op die Palatinus, heuwel van die keiserlike paleise, is min spore van Mithrasverering gevind, al is daar elders in spelaea (mithraea) Mithraswydinge opgestel ter ere van die keiserlike huis. Diocletianus het in 307 te Carnuntum Mithras aangeroep(as) „fautori imperii sui”⁽⁵⁸⁾, maar in sy hoofstad was hy versigtig genoeg om slegs van sy „Sol Invictus” te praat. Waarom dan meer konserwatief in Rome? Omdat Mithras afkomstig was uit Persië, n land wat deur die Romeine op politieke gebied altyd noukeurig dopgehou is en teen wie hulle n lang stryd agter die rug gehad het.

Weens sy kragtige morele karakter het Mithras sterk na vore getree en as hy populêr was onder n aansienlike deel van die volk, moes hy noodwendig ook die aandag van die keiser trek. Netsoos van die plekke waar die politieke lewe van Rome gepols het, het die „mos maiorum” hom ook ge-

57. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 34.

58. Ibid., nota 17, p. 37.

Cumont: The Mysteries of Mithra, fig. 19, p. 88.

weer uit die paleise. Nooit is daar in Rome n mithraeum van staatsweë gebou nie - altyd met die geld van individue.

(b) Op die Capitolinus:

Aan die noordekant van die Capitolinus was daar waarskynlik twee mithraea⁽⁵⁹⁾, maar Mithras het nooit deurgedring tot die eintlike Capitolinus nie. Dit was die ereplek van die nasionale god van Rome, Juppiter Capitolinus, wat behalwe in sy grootse en trotse tempel ook in verskillende ander heiligdomme vereer is waarvan die benamings ander eienskappe van hierdie hoofgod weergee, bv. Juppiter Tonans, Custos of Conservator, Victor, Liberator, Feretrius.

Ook Cybele is hier nie vereer nie, en Isisheiligdomme wat hier ontstaan het, is herhaaldelik op bevel van die senaat vernietig⁽⁶⁰⁾. Oosterse godsdienste is dus hier geweier en Mithras kon maar net aan die voet van die heuwel n plek vind.

(c) Op die keiserfora:

(i) Die Forum van Nerva:

n Klein, primitiewe, driehoekige monumnt getuig van die Mithraskultus op die forum transitorium wat deur

59. Vermaseren: op. cit., p. 38 - 39.

Vermaseren: Corpus Inscriptionum et Monumentorum Religionis Mithriacae, p. 176-7, nos. 414 & 417.

60. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome: p. 41 en nota 35.

Nerva voltooi is. Omdat dit van weinig belang is, word die reliefs en die driehoekvorm van hierdie heiligdom⁽⁶¹⁾ nie hier behandel nie.

(ii) Die forum van Augustus en die forum Romanum:

Die forum van Augustus het, netsoos die ander keiserlike fora, toegang aan die Persiese Mithras ontsê, hoewel hy in die nabyheid daarvan vereer is. Agter die forum van Augustus is in 'n kelder van die Palazzo del Grillo 'n stuk van 'n relief gevind met die voorstelling van Mithras as stierdoder daarop. Vermoedelik was hierdie kelder 'n mithraeum.

Moontlik was daar later, toe die ou tradisie nie meer so sterk was nie, 'n klein mithraeum aan die via Lata op die forum Romanum. In 'n huis teenoor die Basilica van Konstantyn is 'n wyding uit die vierde eeu gevind⁽⁶²⁾ waar Oosterse handelaars waarskynlik aanbid het.

Op die keiserfora, sentra van handel en politieke aktiwiteit, was daar nie plek vir 'n vreemde godsdiens nie omdat die hart van die „respublica“ daar geklop het. Hoewel die Mithraïsme in die keisertyd nie 'n onderdrukte godsdiens was nie, het dit die lot van die ander Oosterse gods-

61. Ibid.: p. 41 - 43.

62. Ibid.: p. 44 en nota 47.

dienste gedeel, nl. hoewel hulle hul weg gevind het na die harte van baie Oosterlinge én Romeine, is hulle tog „zoveel mogelijk van de bij voorkeur representatiewe plaatsen van nationale heerschappij verwyderd gehouden.”⁽⁶³⁾ Selfs die Magna Mater, in Rome so oud soos die Puniese oorloë, is op die forum Romanum slegs op een plek vereer.⁽⁶⁴⁾ Isis is gladnie daar vereer nie, hoewel haar kultus in Rome wyd versprei was.

(d) Op die Forum Boarium:

Tussen die Forum Boarium, die „vendusiekraal” van Rome, en die Circus Maximus was daar ’n mithraeum langs die straat wat na die carceres van die Circus gelei het. Sol en die Magna Mater is vereer op die Circus Maximus ⁽⁶⁵⁾ en daarom het die Mithraïste hulle sekerlik tuis gevoel in daardie omgewing. Die beste marmer is gebruik vir die vloer van hierdie mithraeum, waaruit afgelei kan word dat hierdie gemeente ryk lidmate gehad het.

Die Forum Boarium het ’n eeue-oue tradisie van Hercules invictus gehad en hier was die sentrum van die staatskultus van Hercules op die Ara Maxima. Die verhaal van die aankoms van Hercules en die rowery van Cacus herinner sterk aan die stierdoding van Mithras: geen wonder nie dat Mithras

63. Ibid.: p. 44.

64. Martialis I: 70.

65. Vermaseren: op. cit., p. 45 - 46.

wat volgens die legende die stier weggesleep het, deur Commodianus⁽⁶⁶⁾ n „fur“ van „monstruosa natura“ genoem word, wat beeste uit n „ander stal“ steel. Ook Firmicius Maternus⁽⁶⁷⁾ ^{van} praat die Mithraïste wat n „virum abactorem boum“ vereer. Hierteen sou die Mithrasgelowige hom natuurlik kon verweer het deur te sê dat Cacus n dief was, terwyl Mithras n goeie daad verrig het met sy stierdoding.

Vermaseren⁽⁶⁸⁾ bespreek die invloed van die Herculeskultus op Mithrasmonumente in Germanië, waarvolgens dit blyk dat daar n wisselwerking of in elk geval n affiniteit was tussen die vereerders van die twee gode. Opmerklik is die uitsluiting van vroue by die verering van albei. Vermaseren⁽⁶⁹⁾ kom verder met die gedagte dat die groot verering wat keiser Commodus vir Hercules gehad het, daartoe aanleiding kon gegee het dat hy Mithraïs geword het.

Die Mithraïste het n duur mithraeum aangelê in die omgewing van die Forum Boarium, die plek waar Hercules Victor vereer is. Dit wil egter nie sê dat al die ingewydenes wat in hierdie spelaeum aanbid het, ryk was nie.

(e) Op die Aventinus:

Die opgrawings van die twintigste eeu het heelwat

66. Commodianus: Instr. I: 13, aangehaal deur Vermaseren, op. cit., nota 61, p. 47.

67. Firmicius Maternus: De Err, prof.: V: 2, aangehaal deur Vermaseren: op. cit., nota 65, p. 48.

68. Vermaseren: op. cit., p. 49 - 51.

69. Ibid.: nota 76, p. 51.

spore van die Mithraïsme op die Aventinus opgelewer. In 1924 is op die sg. klein-Aventinus n gebou ontdek, oos van die kerk S. Saba, wat waarskynlik as mithraeum gebruik is⁽⁷⁰⁾. Omdat hier nie n natuurlike fontein was nie, wat volgens die tradisie van Zarathustra n vereiste was, is water kunsmatig aangebring en weggelei. Die gebou was n tipiese mithraeum met n lang gang en drie nisse aan die noordemuur. Die uitbeelding van Mithras tauroctonus wat hier gevind is, was sonder kunswaarde, wat daarop dui dat hierdie gemeente uit die vierde eeu na Chr. bestaan het uit mense van eenvoudige stand.

Die opgraving van n Dolichenum by S. Sabina het lig gewerp op die verbintenis van Mithras met die Siriese Dolichenus⁽⁷¹⁾. Behalwe die beelde van Sol, Luna, Venus, Silvanus en Hercules, wat ook in Mithraea voorkom⁽⁷²⁾, is hier ook twee reliefs gevind van Mithras tauroctonus met inskripsies wat getuig van Mithrasverering.

Aan dieselfde hang van die Aventinus, met sy uitsig op die Tiber, en waar baie Oosterlinge gewoon het, is onder die S. Sabina ook n heiligdom van Isis ontdek; dus n buurt waar die Oosterse godsdienste gewild was.

70. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr.: p. 190, no. 464.

71. Ibid.: p. 191, no. 467.

72. lees op bls. 53 en nota 68.

n Ontdekking van baie groot belang was die mithraeum onder die S. Prisca.⁽⁷³⁾ Dié spelaeum was geleë digby die Domus en Thermae van L. Licinius Sura, n vriend van keiser Trajanus, en teenoor die Thermae Decianae. Die vorm van die mithraeum is karakteristiek, nl. twee sypodia weerskante van die gang wat lei na die kultusnis. Die beeldhouwerk in die nis is egter uniek, deurdat dit n agteroorliggende beeld van Oceanus bevat het in plaas van die gewone Mithras tauroctonus. Uniek is ook die beskildering van die symure wat n volledige voorstelling gee van die hiërargiese volgorde van die sewe grade van inwyding in die Mithrasdiens. Saam met die vondste te Dura-Europos en Ostia het hierdie tonele lig gewerp op heelwat probleme vir die moderne navorser. Hieroor later meer (in hoofstuk III.)

Die mithraeum onder die S. Prisca dateer volgens Vermaseren⁽⁷⁴⁾ uit die begin van die derde eeu na Chr. en is aangelê in n ondergrondse vertrek van n paleisagtige gebou. In hierdie tyd het rykes reeds die armes van die Aventinus af verdring, dog die Mithraïste van hierdie gemeente was van geringe ontwikkeling en stand. n Relief wat gevind is in die mithraeum by die S. Balbina verraaï bv. verkeerde spelling en beide S. Saba- en S. Prisca-mithraea

73. Vermaseren: op. cit., p. 193, nos. 476 tot 485, en ook figure 130 tot 141.

74. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 55.

was eenvoudig van aard. Die persone wat op die mure van die mit^hraeum S. Prisca geskilder is, is eenvoudig. Hulle het slegs 'n „tunica manicata" aan en hulle hare is kortgeknip. Dit dui op hulle dienende funksie, want hulle bring offers en gawes. Uit 'n himne, gerig aan die Pater (hoof) van die gemeente, lei ons af dat die gelowiges die graad van Leo gaan ontvang of so pas ontvang het en dat hulle nou diens doen by die hoogtepunt van die plegtigheid, nl. die kultusmaaltyd. Hulle verrig rituele diens en hulle maatskaplike stand kan dus nie van hulle klere afgelei word nie. Volgens Vermaseren⁽⁷⁵⁾ is daar slegs by die hoogste grade van inwyding gelet op maatskaplike stand - origens was almal gelyk, want hulle het mekaar „fratres" genoem.

Die name van die persone wat hier geskilder is, is almal van Griekse herkoms, dus vreemdelinge wat waarskynlik deur die handel na Rome gelok is en hulle toe daar gevestig het. Omdat hulle mithraeum eenvoudig was, kon baie van hulle moontlik ook slawe of liberti gewees het wat op die Aventinus gewerk het en by die aanlê van hul heiligdom deur hulle meer welgestelde „fratres" gesteun is.

Die mithraea by S. Prisca en S. Saba is aangelê in bestaande geboue waar genoeg water voorhande was - 'n gunstige faktor dus. Die geboue is óf deur die gemeentes

75. Ibid.: p. 56.

aangekoop, óf meer waarskynlik het die eienaars n deel van die gebou afgestaan aan die gemeente.

Die ligging van die Aventinus het sy karakter bepaal. Dit was buite die pomoerium, daar het baie vreemdelinge gewoon en omdat dit naby die Tiber was, was daar n lewendige handelsverkeer. Dis by uitstek deur plebeiers bewoon, wat hulle brood verdien het met landbou en handel. Hulle het dus gode vereer wat in verband met hierdie bedrywe gestaan het: Ceres, Juppiter, Mercurius, Liber, Diana. Hierdie gode het waarskynlik hier met Mithras in aanraking gekom.

Skepe van die Ooste af het met die Tiber opgevaar tot onder die Aventinus: hulle vrag en bemanning was vreemd - Oosters. Hulle godsdiens was Oosters, o.a. die Mithraïsme.

In die keisertyd het meer welgestelde mense op die Aventinus kom woon - ryk sakelui wat naby hulle warehuise wou wees. Onder Keiser Claudius is die Aventinus binne die pomoerium gebring en naas tempels het daar ook luukse huise en thermae verrys.

Waar ryk en arm, Romeine en Oosterlinge so naas mekaar gelewe het, moes daar noodwendig beïnvloeding plaasvind en bekeerlinge gemaak word, na watter kant toe ook al.

(f) Op die Caelius:

Die Caelius was ryk aan soldatekampe en daarom verwag n mens spore van Mithras aldaar. En dit word gevind.

By die huis van Ottavio Zeno, naby die teater van Pompeius is n Mithrasrelief gevind⁽⁷⁶⁾.

In dieselfde omgewing, waar vandag die Piazza della Navicella is, is in die 16de eeu twee monumente gevind wat met Mithras in verband gebring word. Daar naby was die „castra peregrina" en soldate daarvandaan het waarskynlik hierdie heiligdom besoek.

Die arbor sancta was tussen die „castra peregrina" en die „statio cohortis V vigilum," en hier naby was die vergaderplek van die aanbidders van Cybele by die Basilica Hilariana⁽⁷⁷⁾. Dit bevestig die feit dat Mithras hom graag gevestig het naby die reeds bekende Cybele in Rome.

Naby die „castra nova equitum singularium", waarin die Siriese soldategod, Jupiter Dolichenus vereer is, is ook n beeld gevind van Mithras tauroctonus. Hier was dus ook n mithraeum naby n soldatekamp.

Ook ander oorblyfsels van Mithraea is in die omgewing van die Caelius gevind, maar die presiese vindplekke is nie meer bekend nie.

Dis interessant om te onthou dat die Caelius oor die algemeen arm was aan monumente wat met die staatsgodsdienst van Rome in verband gestaan het. Dit was ver van die sen-

76. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., p. 153, no.335.

77. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 55.

trum van die stad en die openbare lewe af en juis daarom kon die Mithraïsme hier ongestoord uitbrei en kon die „deus invictus“ sy aanhangers uit die soldatekampe verwelkom.

(g) Op die Quirinalis:

Die Quirinalis was by uitstek n woonbuurt van die Patrisiërs, en tog was Mithras daar ook goed verteenwoordig.

Naby die huis van Spurius Maximus op die terrein van die Palazzo Barberini is in 1936 drie gewelfde vertrekke gevind, waarvan die middelste waarskynlik n mithraeum uit die tweede helfte van die tweede eeu na Chr. was⁽⁷⁸⁾.

Langs die regtersymuur loop n waterkanaal en die kultusnis is boogvormig en bedek met skulpe en puimsteen om die indruk van n grot te wek. Die hele Mithraslegende is op die mure geskilder. Mithras word in Oosterse klere voorgestel as stierdoder en die stier se stert loop uit in koringare. Mithras se rooi mantel het sewe sterre op. Die hond en slang rig hul koppe op na die wond, terwyl die skerpioen die stier se genitalia omklem. Die twee fakkeldraers staan weerskante.

Die hooftafereel is omring deur n boog waarop die twaalf tekens van die dierერიem afgebeeld is. In die middel, tussen die sterrebeelde van die Maagd en die Weegskaal,

78. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., p. 168, nos. 389 - 390.

staan Kronos, die god van die oneindige tyd, op 'n globus. Sy naakte liggaam word omkrul deur 'n slang wat sy kop op dié van die god plaas.

In die boonste linkerhoek is 'n borsbeeld van Sol, met sy kop omgewe deur 'n „nimbus" en 'n stralekrans, waarvan een straal uitskiet in die rigting van die stierdodende god. Tussen Sol en Mithras is die kraai, en in die ander boonste hoek is Luna met die kop omring deur 'n stralekrans.

Aan albei kante van die hooftafereel is vyf kleiner panele geskilder:

Links, van bo na onder:

- * Die Stryd van Juppiter teen die Gigante.
- * 'n Persoon wat agteroor lê (Oceanus of Saturnus).
- * Die geboorte van Mithras uit „petra genetrix". Hy hou in sy opgehewe hande 'n fakkel en 'n dolk, terwyl Cautes en Cautopates langs hom staan sonder fakkels.
- * Mithras skiet 'n pyl na 'n rots waaronder iemand kniel.
- * Mithras dra die stier.

Regs, van bo na onder:

- * Mithras lê met sy linkerhand 'n kroon op Sol se hoof, terwyl lg. voor hom kniel, met albei hande na hom opgehef. Met sy regterhand hou Mithras 'n voorwerp wat nie meer onderskei kan word nie, bo Sol se hoof.
- * Mithras neergekniel tussen twee sipresbome met 'n boog bo-oor sigbaar. Sy regterhand is na bo, asof hy die

boog ondersteun, terwyl sy linkerhand na die grond gerig is met iets soos beblaarde takkies daarin.

* Mithras en Sol weerskante van 'n pilaar in die vorm van 'n boomstam waarop hulle met hul regterhande 'n septer met drie knoppe laat rus.

* Mithras gaan op in die wa van Sol.

* 'n Driehoek waaragter enkele persone aanlê terwyl een persoon, waarskynlik 'n dienaar, aan weerskante staan.

Dit alles verskyn op een enkele fresco en dis duidelik dat hierdie gemeente goed op hoogte was van die simboliek van hul geloof, wat aangegee is deur diegene wat ingewy was in die hoëre grade. Die gemeente het blykbaar ook oor die nodige geldelike middele beskik.

In teenstelling hiermee is die res van die mithraeum eenvoudig, want daar is slegs die noodsaaklike veranderinge aangebring aan die kelder van die huis.

Nog 'n mithraeum was in die ondergrondse vertrekke van die huis van die Nummi Albini, 'n gesiene familie in die derde en vierde eeue. Dit was geleë tussen die Via Firenze en die Via Torino en naby die Thermae van Diocletianus.⁽⁷⁹⁾ Die vloer het bestaan uit swart-wit mosaïek en die heilighdom was versier met 'n fresco van Mithras tauroctonus met die

79. Ibid., p. 56.

gewone besonderhede. Daar was geen by-taferele nie, maar later is n relief van Mithras tauroctonus in die pleisterwerk aangebring.

Digby hierdie plek is n oorblyfsel gevind wat deur n centurio van die praetoriaanse lyfwag opgestel is.

Ook in die Castra Praetoria, in dieselfde omgewing, is vondste ontdek wat daarop dui dat Mithras in die kamp n heilgdom gehad het.⁽⁸⁰⁾ Hier is n relief gevind wat aan albei kante bewerk was en dus omgedraai kon word. Dit het die gewone tonele bevat.⁽⁸¹⁾ Dit dateer uit die laaste jare van die tweede eeu, n tyd toe vreemdelinge al tot die „cohors praetoria" toegelaat is en onder wie daar dus sonder twyfel Oosterlinge was.

Ek noem kortliks nog enkele spore van Mithras op die Quirinalis:

- * Suid van die Mithraeum Barberini.
- * Aan die Via Nazionale, teenoor S. Vitale.⁽⁸²⁾
- * In die tuine van Muti, op die hoek van die Via Nazionale en die Via Venezia⁽⁸³⁾.
- * Aan die Via Mazzorino.
- * Aan die rand van die Quirinalis, op die hoek van die

80. Ibid., p. 171, nos. 397 - 398 en fig, 113a en b.

81. Volledige beskrywing in Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 72.

82. Ibid., p. 66 - 67.

83. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., p. 167, no. 384.

Via Borgo S. Agata en die Via Baccina; dus agter die forum van Augustus.

Op die Quirinalis is Mithras dus vereer o.a. deur deftige here wat n deel van hul huise as heiligdom afgestaan het, en ook deur soldate in en naby hulle kamp. Dit blyk verder dat daar op die Quirinalis n groot aantal Mithraea was.

(h) Op die Esquilinus:

In die dal tussen die Caelius en die Equilinus is n skildering ontdek in die sg. Casa di Tito wat waarskynlik n mithraeum was. Ek beskryf dit nie in besonderhede nie⁽⁸⁴⁾, maar wys daarop dat dit naby die Colosseum geleë was aan n besige straat, en, meer nog, dat dit naby die Thermae van Titus was.

n Belangrike vonds was die veelbesproke mithraeum in n private woning aan die Via Labicana, waaroorheen die kerk S. Clemente later gebou is. Dit was onder die grondoppervlakte en het die gewone sy-podia gehad langs die gang wat gelei het na die kultusnis. Daar was elf gate in die plafon aangebring: 4 langwerpig en 7 rond. Die gedagte bestaan dat die 4 gate daar was vir lig en lug en dat die sewe verband hou met die 7 planete.⁽⁸⁵⁾ Daar was n marmer-

85. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., fig. 95, mon. 338.

84. Volledig beskryf deur Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 70.

altaar wat aan Mithras gewy is deur Cn. Arrius Claudianus; dus uit die gens Arria (of n libertus van hulle), wat verwant was aan keiser Antoninus Pius.

Hierdie mithraeum is vernietig deur Christene wat n kerk op daardie plek gebou het omdat hulle gemeen het dat die kerkvader Clemens daar gewoon het. Dit het meermale gebeur dat Christene n kerk gebou het op n vernietigde mithraeum.

In hierdie spelaeum was n borsbeeld van Sol, met vyf gate in die hare, waarin vyf bronsstrale vasgeheg was. In geen ander mithraeum is n beeld van Sol gevind nie, daar lg. gewoonlik slegs op reliefs uitgebeeld is. Hierdie uitsondering moet waarskynlik toegeskryf word aan die nabyheid van die Helios-beeld van Nero in die Colosseum.⁽⁸⁶⁾

Noordoos van S. Clemente, anderkant die beroemde Iseum, was die pragtige „horti Lamiani" wat Caligula graag besoek het. Hier was ook n mithraeum waarin n beeld van Mithras tauroctonus gevind is. Hierdie beeld wat Mithras soos gewoonlik in Oosterse klere voorstel, is buitengewoon deurdat die gebruiklike hond, slang en skerpioen weggelaat is. Die drie reliefs wat die mithraeum versier het, en van latere datum en mindere kwaliteit was, het voorstellings

86. Volledig beskryf deur Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 72.

gegee van Mithras se rotsgeboorte, van Sol, en die derde was n voorstelling van Mithras tauroctonus met die diere wat op die hoofbeeld weggelaat was, daarby. Die koringare uit die bul se stert is daar, maar weerskante van Mithras se grot is bome wat nog meer die idee van groei weergee. In die boonste hoeke was borsbeelde van Sol en Luna en onder elk nog n borsbeeld wat deur Vermaseren⁽⁸⁷⁾ verklaar word as óf windgode óf die twee Dioscuri wat ook op ander reliefs aangetref word en in verband staan met die misterieë van die siel na die dood, na aanleiding van die Dioscuri in die Griekse mitologie, wat om die beurt gelewe en gesterf het.

Die voorstelling van Sol en die rotsgeboorte is deur die pater van die gemeente gewy aan Cautopates, simbool van die ondergaande lig en die dood. Dis n aanduiding van die pater se geloof aan n salige lot na die dood. Aan elke kant van die wy-inskripsie is n krans en n palmtak, ook simbole van die sege hiernamaals, wat in die eerste plek toegeken sal word aan die vader van die gemeente.

Aan die ander kant van die Esquilinus was die bedompige⁽⁸⁸⁾ en lawaaierige⁽⁸⁹⁾ Subura wat hoofsaaklik deur kleinhandelaars bewoon is. Daar was skoennmakers, barbiers en vrugtehandelaars, maar ook „famae non nimium bonae puellae".
(90)

87. Ibid., p. 74, nota 159.

88. Iuvenalis XI: 51.

89. Martialis XII: 18, 2.

90. Martialis VI: 66.

In hierdie swak buurt van minderbevoorregtes, waar daar waarskynlik van Mithras se beste ondersteuners gewoon het, was daar egter ook statige huise van handelaars wat sukses behaal het. So n huis uit die tyd van keiser Konstantyn in opgegrawe by die kerk S. Martino ai Monti⁽⁹¹⁾. In die voorportaal van die huis is n Lararium gevind met n beeld van Isis-Fortuna en klein beeldjies van Serapis, Juppiter, Hecate, Venus, Mars, Hercules, e.a. Uit hierdie portaal het n deur na n mithraeum gelei, in die mure waarvan klein nissies was, waarskynlik vir lampies om die donker vertrek te verlig. Binne was die oorblyfsels van sewe fakkels wat met pik besmeer was en verder is daar gevind n klein relief van Mithras tauroctonus en twee reliefs van die twee fakkeldraers.

Aan die westekant van die mithraeum Martino ai Monti, naby S. Lucia is n Mithrasrelief gevind wat ryk is aan simboliek⁽⁹²⁾, en veral sterresimboliek. In die grot waar Mithras die stier doodmaak, was n voorstelling van die sewe planete en onder die slang het sewe brandende altare op n ry gestaan. Op die rotswand van die grot was sewe bome, afgewissel deur ses altare. Hierdie relief was stellig in die kultusnis van die mithraeum. Die bewerking van die

91. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., p. 160, no. 365.

92. Ibid., p. 163, no. 368 en fig. 106.

relief is bo die gemiddelde vir mithraea, waaruit n mens kan aflei dat daar welgestelde gemeentelede was en ook persone wat goed onderlê was in die simboliek van hul geloof.

Ek noem kortliks spore van nog twee mithraea in die omgewing van die Esquilinus:

- * Naby die Thermae van Trajanus en die praefectura urbana, (naby die Forum Suarium).
- * Aan die westekant van bg., onder die arm, onontwikkelde bevolking, waarvan enkele „sacrath_i“ (sic!) n primitiewe relief aan Mithras gewy het. Dit was naby die klein heiligdom agter die forum van Augustus⁽⁹³⁾.

Mithraea word in die omgewing van die Esquilinus dus ook aangetref naby thermae, n soldatekamp en waar minder-bevoorregtes gewoon het.

(i) Op die Campus Martius:

Die Campus Martius was in die oudheid n terrein vir militêre oefeninge en die vergaderplek van die „comitia centuriata“, waar die leër opnuut ingedeel is. Dit was buite die pomoerium en die geboue wat hier verrys het, was vir volksvermaak: die Circus Flaminius, Stadium Domitiani, Theatrum Pompeii en Thermae Agrippae. Tog het Mithras ook sy weg daarheen gevind.

93. Lees op bls. 51.

n Mithraeum waarvan min bewaar gebly het, is onder die Pouslike Kansellary ontdek. Dis in die derde eeu aangelê deur Proficentius, die vader van die gemeente.

In die tuin van die Palazzo Mattei is n marmervoetstuk gevind wat dui op die bestaan van n mithraeum op daardie plek. Volgens die inskripsie is dit in 387 opgerig deur Vettius Agorius Praetextatus, pontifex van Vesta, pontifex van Sol en ook ingewy in die misterieë van Cybele. Hy was dus n man van vele godsdienste, wat dui op n sinkretisme van Oosterse en Romeinse godsdienste in die vierde eeu.

Ander oorblyfsels is gevind by die Palazzo Senensis (gewy aan Sol-Mithras), en onder die Palazzo Montecitorio (2de eeu).

(j) In die omgewing van die Via Lata:

By die Piazza S. Silvestro is n Mithraeum ontdek met n groot aantal inskripsies wat getuig van verskillende inwydinge in die misterieë en ook melding maak daarvan dat in hierdie tyd (2de helfte van die vierde eeu), ook kinders ingewy is. Hierdie spelaeum was naby die sontempel van Aurelianus en die „castra urbana“.

Nie ver daarvandaan nie was n mithraeum van vroeër datum (181 na Chr.), waarin n buitengewone relief gevind is. In die middel is Mithras tauroctonus, die stert van die stier loop uit in koringare en die gewone diere is op die gewone plekke. Maar buitengewoon is n rots waarteen n

slang opseil en n perd wat wei agter Cautopates. Aan Cautes se voete is n skerpioen en bokant hom n pegasus. Links van die kraai wat op Mithras se mantel sit, is nog n ander voël.

Beide hierdie heiligdomme was dus naby n soldatekamp.

(k) In die Thermae van Caracalla:

Onder n deel van die noordelike galery van die Thermae van Caracalla is n mithraeum ontdek wat die heel grootste is van al die bekende Mithrasheiligdomme⁽⁹⁴⁾. Dis n Mithraskatedraal in vergelyking met die gewone spelaea. Dit was waarskynlik bedoel vir n groot aantal gelowiges van wie baie miskien by die Thermae werksaam was. Die groot omvang van die heiligdom beteken egter nie noodwendig dat die gemeente so groot was nie, maar waarskynlik dat hierdie saal wat tot die beskikking van die gelowiges gestel is, in ooreenstemming was met die reusagtige aanleg van die thermaekompleks. Die plek was gunstig geleë, want daar was baie water beskikbaar. Die feit dat water n vereiste was, verklaar waarom daar in die nabyheid van die meeste thermae ook spelaea aangetref is. Hierdie besondere saal in die Thermae van Caracalla het n gewelfde betondak gehad, en dus n grot-voorkoms. Slegs die kultusnis en sy-podia moes nog aangebou word en lg. is gebou tussen die swaar pilare van

94. Sizoo: Uit de wereld v.h. N.T., afb. 49, teenoor p. 206.

die gebou. In die middelgang was 30 openinge, waarvan een verbind was met n kanaal wat onder die regterpodium verdwyn het. n Ander opening het toegang verleen tot n ondergrondse gang na die sy-vertrekke. n Ingewydene kon by die taurobolium in n gat staan en die bloed oor hom laat stroom, om dan „in aeternum renatus" te word. In n boogvormige nis aan die regtermuur was daar n persoon geskilder met oosterse klere en n Phrigiese mus. In sy linkerhand dra hy n bal, hemelsblou van kleur, en sy ander hand hou hy bokant n altaar. Op die muurskildering in die mithraeum S. Prisca⁽⁹⁵⁾ dra Heliodromus in die stoet van die sewe grade ook n blou bal, maar op hierdie voorstelling is dit waarskynlik Mithras self. Origenes het hierdie mithraeum die gewone voorstellings bevat.

Hierdie heiligdom was donker, wat beteken dat die borsbeeld van Sol met sy stralekrans in die enkele venster waardeur lig na binne gekom het, des te indrukwekkender moes gewees het. Langs Sol was daar ook n klein borsbeeld van Luna.

In hierdie mithraeum was ook n beeld van Venus wat as planeet vereer is en daar is ook n inskripsie gevind wat Mithras met Serapis gelykstel. Hierdie vondste dui op die toenemende sinkretisme van godsdienste in daardie tyd.⁽⁹⁶⁾

95. Lees op bls. 55..

96. Netsoos in die Palazzo Mattei-mithraeum, bls. 68.

(1) In Trans Tiberim:

Trans Tiberim was n minder gegoede wyk van Rome en was ook altyd buite die pomoerium. Daar was die aanlegplek vir die skepe van Ostia af en soos n mens kan verwag is hierdie stadswyk bewoon deur handelaars - veral Siriërs en Jode.

Hierdie Siriërs sou wel aan hulle godsdiens getrou gebly het, maar daar is geen onbetwisbare tekens van die Mithraskultus in hierdie wyk gevind nie. Die vermoede bestaan wel dat daar Mithraea was by die Porta Portese, by die Pons Aemilius⁽⁹⁷⁾ en in die buurt van die S. Maria Monticelli.

E. SAMEVATTING:

Mithras is geweer van die plekke wat die Romeinse staat verteenwoordig het, soos die Palatinus, Capitolinus en die fora, maar hy het daarvoor vergoed in die ander wyke van die stad; veral in die wyke waar baie Oosterlinge en minderbevoorregtes gewoon het.

Die aanleg van n mithraeum is deur tradisie oorgelewer van geslag tot geslag. Daarom was almal op dieselfde patroon en naby water geleë: n fontein, die Tiber of thermae. Water was nodig vir reinigingseremonies en dit

97. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., p. 204, no. 510.

is ook vereër as element.

Volgens die legende het Mithras die stier in 'n grot doodgemaak. Sy volgelinge het hulle heiligdom dus altyd in 'n grot of in 'n donker, onderaardse, gewelfde, grotagtige plek ingerig. Dit lyk asof hulle die kans aangegryp het as hulle 'n gewelfde plek naby water kon kry.

Soms is 'n plek ook geskik geag as daar in die nabyheid reeds 'n ander god vereër is wat verwante eienskappe besit het, bv. Cybele. Dit was natuurlik veral die geval in buurte waar Oosterlinge gewoon het, bv. die Aventinus.

Die vondste van mithraea en inskripsies dui op die bestaan van vyf-en-veertig mithrasgemeentes in Rome. As alle inskripsies, monumente en reliefs wat gevind is, in 'ag geneem word, kom die getal op ongeveer honderd te staan. Daar moet egter onthou word dat al hierdie heiligdomme nie gelyktydig in gebruik was nie en dat mithraea om verskillende redes in verval geraak het. Weens die armoede van die gemeentelêde (veral in die beginjare van die Mithraïsme in Rome) was die heiligdomme swak gebou en het hulle gou verval geraak. Ons weet egter ook van mithraea wat verskeie kere herstel is en langer as 'n eeu in gebruik gebly het.⁽⁹⁸⁾ Soms het die huis waarin 'n mithraeum was, van eienaar verwissel en dan moes die gemeente 'n ander plek

98. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 93.

soek om hul heiligdom in te rig.

Die meeste mithraea wat gelyktydig in gebruik was, sou in die periode van die tweede en derde eeue na Chr. gewees het, want toe het die Mithraïsme sy hoogtepunt in Rome bereik.

Die geskatte bevolking van Rome in daardie tyd moet op ongeveer 1,000,000 (een miljoen) gestel word.⁽⁹⁹⁾ Daarvan was waarskynlik minder as een-duisendste aanhangers van Mithras, want die meeste mithraea was so klein dat hulle nie meer as 25 mense kon bevat nie. n Mens moet dus tot die gevolgtrekking kom dat die Mithraïsme n beperkte sekte was en hoewel dit oral versprei was, moet die aanhang daarvan nie oordryf word nie. Daar moet egter ook onthou word dat nie elke aanhanger ingewy is in die misterieë nie. As lede is beskou slegs diegene wat hulle in n mithraeum laat inwy het as „miles" en n gestrenge krygstug en -moraal as verpligting teenoor die god aanvaar het deur aflegging van n krygseed, n sacramentum.

Die werklike groot invloed van die Mithraïsme was eerder op die grense van die Ryk by die soldateposte as in Rome self.

Ek kom tot die gevolgtrekking dat die stelling van Renan⁽¹⁰⁰⁾, nl. „as die Christendom in sy groei deur een of

99. Ibid., p. 93 - 94; bespreking van die skatting van verskeie oudheidkundiges.

100. Renan: Marc Aurèle, p. 579, aangehaal deur Halliday; The Pagan Background of early Christianity, p. 282.

ander dodelike swakheid aan bande gelê was, sou die wêreld Mithraïsties geword het," die invloed van die Mithraïsme sterk oordryf. Cumont oordryf ook wanneer hy sê: „Never, not even during the Mohammedan invasions, had Europe a narrower escape from becoming Asiatic than when Diocletian officially recognised Mithra as the protector of the reconstructed empire.”⁽¹⁰¹⁾ Hoe sterk die inwendige krag van die Mithraïsme ook al was, moet ons toegee dat die aanhang daarvan te klein was om ’n werklike gevaar vir die Weste te wees. My beskouing is verder dat die Grieks-Romeinse beskawing in die tyd waarvan ons nou praat, reeds deur Wes-Europa, veral Gallië, oorgeneem was en aldaar ’n sterker bolwerk teen Oosterse invloed was as in Rome self op hierdie tydstip.

Dat die belangrikheid van die Mithraïsme in Rome nog steeds oordryf word, moet in die eerste plek toegeskryf word aan die briljante werk van Cumont, wat dit die bekendste van alle Oosterse godsdienste gemaak het. Nog ’n rede is natuurlik die hoë etiese waardes wat in die Mithraïsme self aangetref word en die feit dat dit as ’n viriele soldategoddiens ’n mens se verbeelding aangryp. In die laaste instansie het die hewige aanvalle van die kerkvaders teen die Mithraïsme daaraan ’n belangrikheid verleen wat dit nie heeltemal verdien het nie.⁽¹⁰²⁾

101. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p.142.

102. Lees in hoofstuk IV, bls. 145 - 147.

In werklikheid was die Mithraïsme nooit 'n groot bedreiging vir die Christendom nie en kan sy ondergang nie slegs aan die opkoms van die Christendom toegeskryf word nie. Ander Oosterse godsdienste het 'n groter aanhang gehad as die Mithraïsme: Isis en Cybele was meer populêr omdat vroue daar nie uitgesluit is nie en omdat hulle aantreklike openbare seremonies gehad het, terwyl die klein heiligdomme van Mithras nie die menigtes gelok het wat versot was op verruklike prosesies nie.

My bedoeling is egter nie om die invloed van die Mithraïsme te verkleineer nie. Die aanhangers van Mithras het op die voorgrond getree omdat hulle waarlik 'n voorbeeld kon stel van hoë morele waardes in 'n tyd toe so iets seldsaam was. Dit verklaar waarskynlik die felle stryd van die Christene teen die Mithraïste.

HOOFSTUK III

INHOUD VAN DIE MITHRAÏSME AS 'N ROMEINSE GODSDIENS

Inleiding: Die eerstehandse bronne vir ons kennis van die inhoud van die Mithraïsme is uiters karig.

Die tekste van die Avesta, en veral Yasht X, is omtrent die enigste wat inligting verskaf oor die leer van die Mithraïsme in die ou Persiese tyd.

Ons kennis van Mithras in die Weste is grotendeels te danke aan die prestasies van die moderne argeologie, benevens enkele aantekeninge by Griekse en Romeinse skrywers. Die Griekse skrywers is Herodotus, Xenophon en Strabo⁽¹⁾. Romeinse skrywers wat van die Mithraïsme melding maak, is: Quintus Curtius,⁽²⁾ wat slegs geweet het dis 'n god wat deur soldate vereer word; Statius⁽³⁾, wat waarskynlik 'n Mithras-beeld gesien het; Plutarchus⁽⁴⁾, wat geweet het dat Mithras middelaar is tussen Ormuzd en Ahriman; Lucianus⁽⁵⁾, wat waarskynlik die rites in sy geboorteplek, Samosata, gesien het en dalk iets van die inhoud van die godsdiens geweet het. Waar Christelike apologete⁽⁶⁾ daarvan melding maak, is dit eensydig en snedig, sodat die ware toedrag van sake nie dui-

-
1. Aangehaal deur Dill: Roman Society from Nero to Marcus Aurelius, p. 589, nota 6.
 2. Quintus Curtius IV: 13, aangehaal deur Dill: op. cit., p. 589.
 3. Statius: Thebais I: 177.
 4. Plutarchus: De Is. et Osir.: 46. (Engelse vertaling in Loeb Classical Library).
 5. Lucianus: Deor. Concil.: 9. (Engelse vertaling in Loeb Classical Library).
 6. Augustinus: Quaest. vet. et novi Test., aangehaal deur Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 153.

delik afgelei kan word nie.

Sonder die wy-inskripsies en die bouvalle van die talle mithraea wat ontdek is, sou ons kennis van die Mithraïsme uiteraars karig gewees het en sou ons nie geweet het „how near the Persian god came to justifying his title of the 'Unconquered',” soos Dill⁽⁷⁾ dit effens oordrewe uitdruk.⁽⁸⁾

Oppervlakkig beskou verskil die Mithras van die Romeinse misteriegodsdienst van dié god wat ons in die Avesta beskryf vind. Daar moet egter onthou word dat die Mithraïsme die leer en simboliek van baie verskillende plekke en tye in homself opgeneem het: van vroeë Ariese ras, van die Perse, van Babilon, van Klein-Asië en die Hellenisme, voordat dit ’n Romeinse godsdienst geword het. „Yet it never to the end ceased to be a Persian cult.”⁽⁹⁾

Een van die vernaamste kenmerke van die Mithraïsme is die dualisme in die leer daarvan, wat reeds aangetref is by die groot profeet Zarathustra, wie se prediking deels bewaar gebly het in die Avesta en by name in die Gatha-liedere⁽¹⁰⁾. Zarathustra was ’n tydgenoot van die Israelitiese profete en sy optrede herinner ook sterk aan hulle, want hy het met heilige erns te velde getrek teen die veelgodendom

7. Dill: op. cit., p. 590. .

8. Lees op bls 74 - 75.

9. Dill: op. cit., p. 598.

10. Kristensen: Het Mystérie van Mithra, p. 1.

en die gepaardgaande offerkultus. God is gees, het hy gesê, en kan alleen in gees en waarheid gedien word, nl. met 'n lewe volgens die reël wat sy profeet geopenbaar het. Zarathustra het die gelowige Mithraïs geplaas voor die keuse tussen die goeie en die kwade; die goeie moet gekies en die bose afgesweer word. Zarathustra het nie daarin geslaag om die ander gode uit te roei nie - anders sou Mithras ook sy belangrike plek prysgegee het⁽¹¹⁾ - maar die gevolg van sy prediking was dat sy volgelinge wel Ahura-Mazda gekies het, die stryd teen die bose aangeknoop het, en nie meer Ahriman ook as god vereer het nie. Vandaar dus die dualisme.

Dié Persiese godsdiens is van ouds af gekenmerk deur 'n sterk sedelike verantwoordelikeheidsbesef. Vir die gelowiges was Mithras die god van lig en lig was simbool van die goeie. „Diepere ernst vond men zonder twijfel onder de volgelingen der Persishe mysteriën van Mithra.”⁽¹²⁾

Dat die Persiese karakter van die Mithraïsme in die Weste steeds aangevoel is, is duidelik. Wanneer die dramaturg Lucianus Mithras tot Olympus toelaat, kan lg. nie Grieks praat nie!⁽¹³⁾ Hiervan is nog 'n sprekende bewys dat die naam van Mithras nooit vertaal is nie en sekere Persiese terme

11. Lees op bls. 13 - 14.

12. De Lepper: De Godsdienst der Romeinen, p. 176.

13. Lucianus: Deor. Conc. 9 (Engelse vertaling in Loeb Classical Library).

ook in die Weste gebruik is, bv. „Nabarze" vir „invictus", die heilige drank „Haoma", en die woord „nama", wat nog nie vertaal kon word nie.⁽¹⁴⁾ Die mistieke diere, leeu, hond, slang en skerpioen, is later eers afgebeeld, maar hulle was van die begin af begrippe in die Mithraïsme. Dieselfde geld ook vir die „petra genetrix" - tewens vir die hele Mithraslegende - en die natuurkragte: die son, maan, oseaan, winde en seisoene wat later in die Weste om die sentrale beeld vergestalt is. Vuur en water was ook van die begin af noodsaaklike toebehore by 'n mithraeum.

Hoewel Babilon sy invloed laat geld het om die Mithrasteologie te vorm, het die ou Ariese en Persiese elemente daarin die belangrikste gebly. 'n Mens moet natuurlik onthou dat ons, vir ^{wie} die moderne teleskoop die geheime van die lugruim tot so 'n groot mate ontrafel het, nouliks kan begryp watter misterie daar vir die mense van die ou tyd was aan die son, maan en sterre.

Op sy lang reis deur die eeue het Mithras met baie verskillende invloede in aanraking gekom en baie vreemde idees van die kultusse en selfs die kuns van die lande waardeur hy „gereis" het, in homself opgeneem. „His tolerance, indeed, was one great secret of his power. But while he

14. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 1.

absorbed, he assimilated and transmuted."(15)

Mithras het die god van Persië gebly, maar baie mistieke elemente in hom opgeneem wat die geestelike ver-
lange van die Westerse wêreld bevredig het. Die aantrek-
kingskrag van die Mithraïsme vir die Weste moet ten dele
gesoek word in sy teologie, rites en die broederskap van sy
ingewydenes, maar veral in sy duidelike belofte van geluk-
saligheid hiernamaals.

A. Die Mithraslegende:

Die sestiende dag van elke maand was aan Mithras
gewy omdat dit die middel van die maand is. Dit is simbo-
lies van Mithras se middelaarskap tussen die goeie en die
slegte. Hy het ook die middelgebied bewoon tussen die
„hemel" en die „hel", tussen Ormuzd (Ahura-Mazda) en Ahriman⁽¹⁶⁾.
Mithras se woonplek was terselfdertyd in die middelgebied
tussen die „hemel" en die mense op aarde.

Die legende lui dat Mithras gebore is uit n rots
(petra genetrix), terwyl hy deur herders vereer is. Daar-
na het hy van die vrugte van n vyeboom geëet en sy naakte
liggaam bedek met die blare daarvan. Toe was hy sterk ge-
noeg vir die stryd en die eerste met wie hy die stryd aange-

15. Dill: op. cit., p. 599.

16. Cumont: op. cit., p. 127.

bind het, was die son. Hy het Sol oorwin, lg. het aan hom eer betuig en hulle het n verbond gesluit.

Vervolgens voer hy die stryd teen die stier, die eerste skepsel van Ormuzd. Hy het die stier aan die horings gevang, met hom gespook totdat hy flou was en hom toe aan die agterbene beetgepak en na n grot gesleep. Hierdie moeilike taak, terloops, is simbool van die menslike lyding op aarde (transitus). Die bul het ontsnap, maar Sol het n kraai as boodskapper na sy bondgenoot Mithras gestuur met die opdrag om die bul dood te maak. Dit het Mithras vervolgens teësinig gedoen; met sy getroue hond het hy die bul gevolg en hom aangetref in n grot waarin hy weggekruip het. Mithras het hom met sy linkerhand in die neusgate gegryp, met sy knie vasgedruk en met sy regterhand die dolk in die bul se regterblad gesteek. Toe het daar n wonder gebeur: die bloed wat uit die wond vloei, het, net toe die hond en die slang dit oplek, verander in koringare - simbolies van nuwe lewe - ten spyte van die pogings van die skerpioen en die mier wat probeer het om die bul aan te tas by die oorsprong van die lewe, nl. sy genitalia. Die bul se saad, versamel en rein gemaak deur Luna, het allerhande nuttige diere voortgebring. Die siel van die bul het, opgevang en begelei deur Mithras se getroue hond, na die hemel opgestyg en daar verander in Silvanus, bewaker van kuddes. Mithras het dus skepper van alle goeie dinge op

aarde geword, want uit die dood wat hy veroorsaak het, het daar nuwe, ryker, vrugbaarder lewe gekom as die oue.

Aan Mithras is opgedra om te waak oor die belange van die mense op aarde. Ahriman, verpersoonliking van alles wat sleg is, het droogte op aarde veroorsaak⁽¹⁷⁾, en daarom skiet Mithras n pyl teen n rots, waaruit daar dan water te voorskyn kom⁽¹⁸⁾. Ormuzd red die mense van n wêreldvloed en n wêreldbrand en die menseras kon toe in vrede lewe en vermeerder.

Toe was Mithras se aardse daade voltooi. Hy het n laaste maaltyd, wat deur sy gelowiges in n mistieke feesmaal herdenk is, saam met Sol genuttig en daarna na die hemel gevaar in Sol se wa, getrek deur vier wit perde. Oceanus het tevergeefs probeer om Mithras onder die golwe in te trek toe hy die see oorgesteek het. Toe het hy gaan woon in die sfere tussen Ormuzd en die aarde, waarvandaan hy voortaan sy getroue dienaars beskerm het. Die devas van Ahriman sweef nader aan die aarde rond en besoek die aardse wesens met kwaad en siekte.

Die Mithraïs het egter ook n toekomsverwagting gehad. Die konflik tussen goed en kwaad sal selfs op aarde nie vir ewig duur nie. Groot plaes sal die wederkoms van

17. Lees op bls. 85.

18. Cumont: op. cit., fig. 25, p. 117.

Mithras voorafgaan. Maar by sy wederkoms sal die dooies opstaan uit die grafte om hom te ontmoet. Die mistieke stier sal weer geslag word en sy bloed, gemeng met heilige Haoma, sal deur die regverdiges gedrink word en aan hulle dieewige lewe gee. Eindelik sal vuur uit die hemel alles wat sleg is, verteer; ook Ahriman en sy devas.

Die doodmaak van die stier is dus die waarborg van die uiteindelijke oorwinning oor kwaad en dood. Dit is die betekenis van die beeldegroep wat elke aanbieder se oog gevang het wanneer hy sy heiligdom binnegaan.

Die enigste eerstehandse bronne waaruit ons hierdie legende kan leer ken, is eintlik deur interpretasie van die beeldhou- en skilderwerk wat in opgegraafde mithraea gevind is, benewens die verwysings van enkele kerkvaders.⁽¹⁹⁾

n Nadere bespreking van die legende, met voorbeelde en simboliek

Sedert die tyd van die Chaldese Magi is die Mithras-legende gesien as deel van n kosmiese teorie. Mithras se geboorte uit n rots het dagbreek oor die berge in die Ooste versinnebeeld. Die grot, getrou nageboots in die mithraea, was n soliede voorstelling van die hemelboog, en gate in die dak gekap, het die sterre voorgestel. Die fontein by elke mithraeum, die vuur op die altaar, was

19. Justinus die Martelaar: Dial. cum Tryph.: 70.
Hiëronimus: Adv. Jov.: 1: 7. } Albei aangehaal deur
Prudentius: Cathem. V: 9. } Dill: op. cit., p. 605.

water en vuur wat as elemente vereen is. Hierdie Chaldese invloed was tot die einde merkbaar in die Mithraïsme.

25 Desember was altyd die feesdag waarop die wonderbaarlike geboorte van Mithras gevier is. Vir die mense in die noordelike halfgrond was dit ook die begin van nuwe lig, want dit volg op die kortste dag van die jaar, wanneer die son 'n nuwe jaar se kringloop begin.

Hoewel Mithras by sy geboorte uit die „petra genetrix" naak voorgestel is, het hy tog die Phrigiese mus reeds op sy kop en in sy hande hou hy 'n fakkel en 'n dolk, terwyl sy pyl en boog aan sy voete lê. Hy is dus gereed vir sy taak: met die dolk sal hy die stier doodmaak en met die pyl en boog die waterwonder verrig.

In baie mithraea is daar die voorstelling van Aion of Kronos, die tydgod⁽²⁰⁾. In paragraaf F van hierdie hoofstuk word dit behandel, maar hier dien vermeld te word dat geglo is Mithras bestier die wenteling van elke jaar. Dit is voorgestel deur die tekens van die dierერიem en daarvan was Mithras die middelpunt, soos die son die middelpunt was van die Chaldese sterrestelsel.

Die verband tussen Mithras en Saturnus het te doen met die skeppingswerk van beide: Mithras by die Perse en Saturnus by die Romeine. Daarom staan die pater wat afgebeeld is in die S. Prisca-mithraeum in Rome onder die

20. Cumont: op. cit., fig. 20, p. 105.

beskerming van die planeet Saturnus.

In dieselfde mithraeum is op die regter-symuur in die pleisterwerk n voorstelling van Mithras met sy arm om die stier se nek; en in die mithraeum by die forum Boarium is Mithras voorgestel waar hy die stier op sy skouers na die grot toe dra. Die simboliek hiervan is dat Mithras eers na sware stryd en groot inspanning sy opdrag kon vervul, nl. om die stier dood te maak. Op sy volgelinge het die plig gerus om met dieselfde vasberadenheid hul lewensopdrag te volvoer, nl. hulle eie transitus deur die lewe - so is Mithras se stryd met die bul genoem. Mithras se voorbeeld het hulle die krag hiervoor gegee.

Op n sy-tafereel van die skildering op die muur van die mithraeum by die Palazzo Barberini in Rome word die waterwonder weergegee. Netsoos die grot ⁽²¹⁾ is die rots waarskynlik ook n voorstelling van die hemelgewelf. Vermaseren⁽²²⁾ noem die moontlikheid dat Mithras en Sol n verbond moes sluit waarin e.g. die water moes verskaf om lg. se droogte^{te} verbreek. Vir my lyk dit moontlik dat die pyl wat teen die rots afgeskiet is om water te voorskyn te bring, simbool is van Mithras se vermoë om reën te laat val uit die hemel - as die rots dan die hemel-

21. Lees op bls. 83.

22. Vermasereh: Mithras de geheimzinnige god, p. 70.

gewelf voorstel. In elk geval is dit duidelik dat Mithras beskou is as die bron van lewebringende water.

Jagtonele van Mithras is voorgestel slegs op mithraea wat buite Italië gevind is, en hulle word in hierdie studie nie behandel nie. Hier kan egter die algemene stelling gemaak word dat die simboliek daarvan deel is van Mithras se stryd teen die magte van die duisternis.

Oor die presiese verhouding tussen Sol en Mithras bestaan daar nie volkome duidelikheid nie. Hoewel Sol dikwels as 'n aparte entiteit in mithraea voorgestel is, is Mithras self ook aangeroop as „deus Sol invictus." Op die afbeeldings dra Sol egter nooit die Phrigiese puntmus soos Mithras nie⁽²³⁾, maar eerder 'n stralekroon. Indien, die klassieke Mithrasgelowige ooit 'n duidelike beeld van die presiese verhouding tussen Mithras en Sol gehad het, het dit saam met die Mithraïsme die vergetelheid ingegaan. Wat wel duidelik is, is dat Mithras saam met die twee fakeldraers wat gewoonlik weerskante van die toneel waar hy die stier doodsteek, uitgebeeld is, die drie stadia van die daaglikse sonnestand voorstel. Cautes, met fakkel na bo gerig, is die opkomende son, Mithras tauroctonus die son op sy hoogtepunt en Cautopates, met sy fakkel na onder gekeer, stel die ondergaande son voor.⁽²⁴⁾ Soms is die

23. Ibid., p. 76.

24. Lees op bls.19 - 20.

voorstelling dat een van die strale van Sol se stralekroon uitskiet in die rigting van Mithras. Dit dui daarop dat Sol n middelaar is tussen Ahura-Mazda en Mithras en in hierdie hoedanigheid deur middel van die kraai aan Mithras die opdrag gegee het om die stier dood te maak. Deur die stierdoding is Mithras egter ook middelaar tussen Ahura-Mazda en die mens. Op n skildering in die Barberini-mithraeum in Rome is Mithras en Sol weerskante van n altaar skynbaar besig om n verbond te sluit, terwyl in dieselfde mithraeum n maaltyd van Mithras en Sol afgebeeld is, wat moontlik die bevestiging van hulle verbond beteken het en n maaltyd was vóór dié een wat Mithras se hemelvaart in Sol se wa voorafgegaan het.

Na die jag en doodmaak van die stier het Mithras sy aardse daade afgesluit met n maaltyd waarby hy en Sol die vleis van die stier geëet het⁽²⁵⁾. Op n skildering in die S. Prisca-mithraeum in Rome lê Sol en Mithras in n gewelfde grot aan by die dis, terwyl n klein tafeltjie voor hulle staan. Sol is geklee in n lang rooi gewaad, en hou in sy linkerhand n globus terwyl sy regterhand opgehef is. Om sy hoof is n stralekrans en hy kyk na die hemel. Mithras, in sy rooi mantel en rooi Phrigiese puntmus, lê langs Sol met sy regterhand om lg. se skouer. Weerskante staan n

25. Cumont: op. cit., fig. 38, p. 159.

dienaar: een gee drank aan en die ander kos, en lg. dra n kraaiemasker. Hy is dus ingewydene met die graad Corax. Agt ander jongmanne, almal leones, volgens die onderskrif, bring gawes aan. Hier het die twee gode dus gemeng met hulle aardse aanbidders wat aan hulle die nodige eer bewys.

Wanneer die gemeente die misterieë gevier het, was Sol en Mithras ook só teenwoordig, maar dan in die persoon van hul verteenwoordigers in die gemeente, nl. die graad-draers Heliodromus en Pater, wat by die plegtigheid soos Sol en Mithras geklee was. In die S. Prisca-mithraeum was ook n spesiale aanlegbank vir hierdie doel. Die laere range, veral Corax (kraai), het slegs kos en drank aangegee, waarskynlik brood en wyn as simbole van die vleis en bloed van die stier.

By die gedagte hieraan ril die Christen. Dis die waarskynlike rede waarom Christene die voorstelling van die maaltyd in hierdie mithraeum op die Aventinus totaal verwoes het terwyl die voorstellings op die ander muur onbeskadig gebly het.⁽²⁶⁾

Vir die Mithrasgelowige het die vlees en bloed van die stier nie alleen liggaamlike krag gegee nie, maar ook heil aan die siel tot wedergeboorte in die ewige lig.

By die hemelvaart van Mithras het die wa van Sol

26. Lees in dié verband Tertullianus: De Praescr.: 40. Hy het die Mithrasmaaltyd beskou as n duiwelse nabootsing van die Christelike Nagmaal.

op sommige voorstellings nie na die hemel gegaan nie, maar na Oceanus; dus n afwyking in die weste van wat ek reeds in verband met die legende genoem het.⁽²⁷⁾ Dit verklaar egter die teenwoordigheid van hierdie figuur in die S. Prisca-mithraeum. Vermaseren⁽²⁸⁾ se teorie in dié verband is dat die watergod ook trekke van die hemelgod of tydgod gehad het of dat hulle in die vroeë Mithraïsme met mekaar geïdentifiseer is. In die Bybel is daar n ooreenstemmende verhaal: die hemelvaart van Elia in 2 Konings 2: 11. By Mithras neem Oceanus net die plek van die Jordaanrivier in die Bybel.

Die vernaamste deel van die Mithraslegende is natuurlik die stierdoding en die voorstelling daarvan het in elke mithraeum die belangrikste plek ingeneem, nl. in die kultusnis in die muur aan die teenoorgestelde kant van die ingang. Dit is deur die kunstenaars soms baie kunstig weergegee, soos duidelik blyk by die studie van Vermaseren se Corpus Inscriptionum et Monumentorum Religionis Mithriacae, maar dis ook waar dat dit soms „... zeer primitief en armzalig aandoet.”⁽²⁹⁾ De Jong maak hier van die uitsondering die reël wanneer hy sê: „De grote meerherheid der tot ons gekomen beeldwerken is zonder enige kunstwaarde, ja, soms bijna grotesk.”⁽³⁰⁾

27. Bls. 82.

28. Vermaseren: op. cit., p. 85.

29. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 111.

30. De Jong: De Oosters-Hellenistiese Mysteries, p. 93.

Die simboliek van hierdie beeldegroep is reeds behandel⁽³¹⁾, maar nou moet n beskrywing gegee word van die stereotiepe voorstelling in die meeste mithraea.

Mithras, geklee in Oosterse gewaad, druk met sy een knie die stier vas en steek die dolk in sy blad, waar die bloed opgelek word deur n slang, simbool van die aarde, en deur die hond wat Mithras se getroue metgesel was op die jag en wat nou die siel van die stier opvang en begelei na Ormuzd⁽³²⁾. Mithras verrig die daad teen sy sin en in opdrag van n hoër mag. Hierdie mag kan Sol wees, wie se borsbeeld saam met dié van Luna in die boonste hoeke van die reliefs voorgestel is, en van wie se stralekroon daar soms n straal uitskiet in die rigting van Mithras. Hierdie hoër mag kan egter ook Ormuzd wees wat die boodskap aan Mithras stuur deur middel van Sol en die kraai. Laasgenoemde lyk vir my meer waarskynlik omdat Sol deur Mithras oorwin is en hoewel hulle n bondgenootskap gesluit het, kan Sol nie weer Mithras se meerdere wees nie.

Tussen Sol en Mithras vlieg daar dikwels n kraai, waarna Mithras omkyk, of die kraai sit op die rand van die grot waarin die stierdoding plaasvind.

Bykomstighede wys duidelik op die uitwerking van Mithras se daad: uit die bloed wat uit die wond vloei,

31. Lees bls. 81 . . .

32. Sizoo: "Uit de wereld van het N.T., p. 219, toeligting by afb. 51.

skiet koringare op, en so ook uit die dier se stert - n teken van vrugbaarheid. Byna altyd is daar n skerpioen wat die genitalia van die stier omklem - afgesant van die bouse magte wat die vrugbaarheid probeer belemmer. In plaas van die skerpioen is daar soms n mier, wat van oudsher af deur die Perse as n kwaadaardige dier beskou is.⁽³³⁾

Die kraai wat aangevlieg kom of daar eenkant sit, is die bode wat Mithras die boodskap gee en begelei om die stier dood te steek, om sodoende aan die mense vrugbaarheid te gee. Hierdie interpretasie word bevestig deur die feit dat die graaddraer Corax by die seremonies in die gemeente n dienende funksie vervul het.⁽³⁴⁾ Nog n bewys is dat in die S. Prisca-mithraeum in Rome die corax geplaas is onder die beskerming van die planeet Mercurius, die boodskapper van die gode in die Grieks-Romeinse pantheon.

Weerskante van die toneel van die stierdoding staan die twee fakkeldraers; Cautes met sy fakkel na bo gerig, Cautopates met sy fakkel na onder. Die name Cautes en Cautopates is duister en nog nie deur taalgeleerdes verklaar nie. Saam met Mithras vorm hulle n triniteit, nl. die drie stadia van die daaglikse sonnestand. Cautes as simbool van sonsopkoms word duideliker uitgedruk as daar aan

33. Vermaseren (op cit., p. 112) behandel die simboliek van die skerpioen of mier volledig.

34. Porphyrius: De Abst. IV: 16, aangehaal deur Vermaseren, op. cit., p. 113.

sy voete n haan staan, en Cautopates, simbool van sons-
ondergang, as by hom n uil staan. Die haan was by die
ou Perse die voël wat teen ligdag die bose geeste van die
donker met sy gekraai verjaag het.

In die mithraeum aan die voet van die Aventinus by
die Circus Maximus is die voorstelling van Mithras tauroc-
tonus omlys deur twee Korinthise pilare. Aan die kant
van die borsbeeld van Sol staan Cautes en aan Luna se kant
Cautopates. Aan die kant van Cautopates is die pilaar
ook met sy kapiteel na onder geplaas, omgekeer soos die
fakkel. In die S. Prisca-mithraeum leun Cautes teen n
boomstam waarop n haan sit en die nis waarin hy geplaas is,
was oranje gekleur. Die ander nis is pers, sodat die kleure-
simboliek ook bewys dat Cautes sonsopgang en Cautopates sons-
ondergang voorgestel het.

Cautes en Cautopates staan in rustige houding weers-
kante van die stierdoding en neem nie deel aan die drama-
tiese gebeurtenis nie, waaruit blyk dat hulle slegs simbo-
liese figure is. Variante name wat soms voorkom, is
Mithra-Cautes en Mithra-Cautopates⁽³⁵⁾: dit bewys dat
albei Mithras simboliseer, en wel in die twee eienskappe soos
deur die fakkels aangedui: op- en ondergang van die son.

35. Kristensen: op. cit., p. 8.

Op verskillende beeldegroepe dra die dadophoor met sy fakkel na benede (Cautopates) n skerpioen op sy arm, terwyl daar n stierkop op die arm van Cautes is. In die diereriem is die sterrebeeld van die stier die teken van die voorjaarseweninge en dié van die skerpioen die teken van die najaarseweninge: dus simbole van die oorgang van winter na somer en van somer na winter respektiewelik (vir die noordelike halfgrond). As die twee fakkeldraers dan ook Mithras voorstel, dui dit op hom as god van die jaarlikse opgang en ondergang van die son, wat gelyk staan aan die opgang en ondergang van die lewe op aarde. Ook die simboliek van n fakkel is vernuwing - die een fakkel na bo, die ander na onder gekeer.

Mithras as stierdoder tussen die twee fakkels is dus „... zonder eenigen twijfel de god van de stervende en herlevende aarde.”⁽³⁶⁾ Dit is ook die betekenis van die stier uit wie se liggaam nuwe lewe voortkom. Die stier stel dus Mithras voor en as Mithras die stier doodmaak, beteken dit dat hy homself offer om nuwe lewe voort te bring. Dit word bevestig deur die smart wat op baie voorstellings op Mithras se gesig te lees is. Dit wys ook op Mithras se verbond met die dood, waaruit hy herrysende lewe skep. Hy verbreek slegs die selfstandige mag van die dood.

36. Ibid., p. 9.

Die doodmaak van die stier beteken Mithras se wyding van homself as uitdrukking van sy „heilige” wese. Elke offerande is n toewyding, en die offerdood dui op die goddelike aard van die offerdier. „Mithra sloot door het dooden van den stier, dat is door zijn eigen offerdood, het mystieke verbond tussen dood en leven, het verbond (mithra) dat verrijzend leven is.”⁽³⁷⁾

Ander variasies wat die simboliek nog verder voer, word genoem deur Vermaseren⁽³⁸⁾, maar ek laat dit daar. Een geval verdien egter vermelding, nl. waar die twee dadophore agter die sterwende dier staan en een die stert van die dier vashou. Die simboliek hiervan is skynbaar dat deur aanraking van die stert waaruit die koringare (dit is, vrugbaarheid) voortkom, die wonderbaarlike krag daarvan oorgaan op die persoon wat daarmee in aanraking kom.

n Laaste opmerking, oor die sy-paneel in die Barberini-mithraeum⁽³⁹⁾. Sulke voorstellings was veel meer algemeen in die mithraea aan die Donou en Ryn as in Rome. Dit laat die gedagte ontstaan dat die Mithraïste in Rome minder waarde geheg het aan die bykomstige voorstellings as wat die geval was in die grensprovinsies van die Ryk.

37. Ibid., p. 10-11.

38. Vermaseren: op. cit., p. 114-115.

39. Beskryf op bls. 60 - 61.

Nietemin is die legende in Rome se mithraea waar dit nie uitgebeeld is nie, sekerlik mondelings oorgedra.

B. n Tipiese Mithraeum:

Mithrastempels het al die eeue dieselfde voorkoms gehad, wat wys op 'n baie sterk tradisie waarvan nie afge-
wyk is nie. Omdat Mithras en die grot waarin die stier-
doding plaasgevind het, onafskeidbaar aan mekaar verbonde
was, is n mithraeum altyd genoem spelaeum, antrum of specus⁽⁴⁰⁾.
Op die platteland is egte grotte ingerig as mithraea, maar
in die stede moes die argitek n grot naboots. In lg. geval
is meestal gebruik gemaak van keldervertrekke in huise of
ander vertrekke wat spesiaal ondergronds aangelê is. In
enkele gevalle is donker, gewelfde boggrondse vertrekke gebruik,
bv. in die Thermae van Caracalla. Die ingang was gewoonlik
deur n oop portico wat toegang verleen het tot n voorvertrek,
die sg. apparatorium, waar die sacrati of ingewydenes hulle
maskers opgesit het of spesiale klere aangetrek het voor-
dat hulle die eintlike heiligdom betree. Van die appa-
ratorium af het die sacrati dan met trappe afgegaan na die
eintlike heiligdom of cella⁽⁴¹⁾. Nou het die sacratus voor

40. Tertullianus: De Cor. XV.
Justinus die Martelaar: 78. } Hierdie drie aangehaal
Porphirius: De Antro Nymph.: 5. } deur Dill; op. cit.,
Hiëronimus: Ep. 57: 107 } p. 613.

41. Wissowa: Religion und Kultus der Römer: par. 59, p. 308.
Dill: op. cit., p. 613 en 614.
Cumont: op. cit., p. 53 en 163.
Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, p. 29, 31, 45.

hom n gang gesien wat lei na die kultusnis in die teenoorge-
stelde muur. In die gang was twee altare waarop geoffer
is en aan weerskante van die gang n podium waarop die sacra-
ti kon kniel.

Die „heiligste“ plek in die spelaeum was natuurlik
die kultusnis waarin die sentrale beeld van Mithras tauroc-
tonus geplaas is, omring deur die simboliese figure en em-
bleme van die Chaldese astrologie. Hierdie heilige plek
is soms afgeskort met tralies ⁽⁴²⁾ of selfs met n gordyn⁽⁴³⁾.
In lg. geval kan mens jou voorstel hoe die wegtrek van die
gordyn die hoogtepunt van die inwydingseremonie was vir die
neophyte of nuweling.

Op die sy-podia kniel die gemeente in gebed terwyl
die lig van lampe skyn op die simboliese toneel. Musiek
begelei die gesang⁽⁴⁴⁾ en n teug uit die heilige beker ver-
dof die sinne en in hierdie atmosfeer word die gelowige
gevoer oor ruimte en tyd heen na die mistieke heerlikheid
van Mithras.

Op die symure van die spelaeum word dikwels skil-
deringe, of fresco in die pleistering aangebring, aangetref,
wat die gelowige se gedagtes heenlei tot die legende en die
misterieë van sy geloof.⁽⁴⁵⁾

42. Dill: op. cit., p. 614, nota 4.

43. Halliday: The Pagan Background of Early Christianity, p. 299.

44. Dill, op. cit., p. 614.

45. Soos in die Barberini-mithraeum. Lees op bls. 60. - 61.

Die res van n spelaeum was baie eenvoudig en daar is slegs die noodsaaklikste wysiginge aangebring aan die grot of kelder. Die versiering wat daar was, het altyd verband gehou met die dogma van die Mithraïsme. Die dak van die spelaeum het dikwels die sterreheeml voorgestel en hieroor sê Kristensen: „(Want ook de nachthemel werd als beeld van het dooderijk of van de andere wereld opgevat) en de decoratie van verschillende Mithragrotten bewijst, dat zij inderdaad den nachthemel hebben voorgesteld.”⁽⁴⁶⁾ Soos Mithras uit die dood van die bul nuwe lewe te voorskyn gebring het, so was hy ook god van die doderyk waaruit hy lewe laat opgaan het.

C. Die Dogma van die Mithraïsme:

Die leer van die Romeinse Mithraïsme was nie meer die suiwer Persiese weergawe nie, nie dié van Zarathustra nie, omdat dit in die loop van die eeue aan soveel ander invloede onderworpe was, soos in hoofstuk I aangetoon is. Wat die Romeinse Mithraïsme aan Persië verskuldig was, was hoofsaaklik mitologie en rites. Die dogma daarvan was „thoroughly saturated with Chaldean erudition.”⁽⁴⁷⁾

Die etiese teologie het geleer dat die siel van die mens, op reis na sy toekomstige kerker in die vlees, die

46. Kristensen: op. cit., p. 7.

47. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p.150.

teenwoordigheid van Ormuzd (Ahura-Mazda) verlaat, deur die poort van die sterrebeeld Cancer afdaal en dan gaan deur die sfere van die sewe planete waar dit by elkeen n eienskap bykry wat dit sal besit tydens sy aardse verblyf. Op aarde berei die dissipline en die sakramente van Mithras die siel voor vir sy opvaart ná die dood.

Wanneer die siel dan weer sy aardse kerker in die liggaam na die dood verlaat, moet dit verhoor word in die teenwoordigheid van Mithras en, as dit vrygespreek word, styg dit op deur dieselfde sewe sfere waar dit by elk een van sy aardse kenmerke of eienskappe verloor: by Luna, energie; by Mercurius, gierigheid; by Venus, sy sin vir die slegte; by die son, sy verstandelike vermoëns; by Mars, sy oorlogsugtigheid; by Juppiter, sy ambisies; by Saturnus, sy traagheid. Daarna bereik dit die hemelse geluk. Servius praat hiervan wanneer hy sê:

"Docent autem philosophi, anima descendens quid per singulos circulos perdat. Unde etiam mathematici fingunt, quod singulorum numinum potestatibus corpus et anima nostra **con**exa sunt ea ratione, quia cum descendunt animae.

trahunt secum torporem Saturni, Martis iracundiam, libidinem Veneris, Mercurii lucri cupiditatem, Iovis regni desiderium. Quæ res faciunt perturbationem animabus, ne possint uti

vigore suo et viribus propriis."(48)

Slegs Mithras kan aan sy gelowiges die wagwoord gee om verby te kom by die bewakers van die sewe sfere. Ontdaan van alle aardse eienskappe gaan die siel dan deur die poort van Capricornus en kom op die agste plek aan om daar ewige geluksaligheid te geniet in ekstatiëse eenheid met Ormuzd. So het die Ooste en die Weste, die Orphiese misterieë en die Chaldese astrologie verenig om die Weste se verlange na 'n morele geloof te bevredig.

Hierdie dogma is vir die ingewydene konkreet voorgestel deur middel van uitvoerige simboliek in rite en beeld. Simbolies van die deurgang van die siel deur die sewe sfere was 'n leer met sewe sporte wat bestaan het uit die sewe hoofmetale: lood, tin, brons, yster, gemengde metaal, silwer en goud. Die astrologie het elkeen van hierdie metale in verband gebring met een van die planete, in ooreenstemming met die sfere waardeur die siel reis: Kronos (Saturnus), Venus, Juppiter, Mercurius, Mars, Luna en Sol respektiewelik.(49)

By die deurgang deur die sewe poorte het Mithras as Middelaar 'n beslissende rol gespeel. As die ingewydene hom op aarde onderwerp het aan die dissipline van Mithras en deelgeneem het aan die sakramente, sal hy ná sy verhoor

48. Servius: Aen. VI: 714, aangehaal deur Halliday: op. cit., p. 295.

49. Originds: Contra Celsum: VI: 21.
Cumont: After Life in Roman Paganism, p. 128.
De Jong: op. cit., p. 100.

in die teenwoordigheid van Mithras toegelaat word om op te styg deur die sewe sfere, terwyl die strale van Mithras-Sol hom aanhelp en oplik, en dan sal hy in ewige lig deur Mithras ontvang word.

Die slegtes het geen hoop gehad om van die aarde af op te styg nie en, as hulle nog die maan bereik het, is hulle deur die wagters teruggewerp na 'n plek onder die aarde.

Ook in die kosmiese teologie is Mithras die sentrale figuur, hoewel nie die hoogste nie. In die meeste mithraea word die hoogste plek toegeken aan die Onbepaalde Tyd, sonder geslag of gevoelens en sonder naam. Om hom egter verstaanbaar te maak vir die gewone aanbidders, is hy Kronos of Saturnus genoem, wat in die Grieks-Romeinse pantheon die naaste aan sy eienskappe was. Hy is afgebeeld met 'n leeukop en mensliggaam, omsirkel deur 'n slang.⁽⁵⁰⁾ Hy is die oorsprong van lewe en dood, dra die sleutels tot die „hemel" en sy mag is onbegrens. Hierin is hy geïdentifiseer met die Romeinse Fatum.

In die Mithraïsme is die heelal verklaar as reeks uitvloeiels van die Oneindige Tyd (Zervan Akarana). Kronos het Aarde en Hemel voortgebring, in die mitologie

50. Cumont: *The Mysteries of Mithra*, fig. 20 en 21, p. 105-106. Vermaseren: *Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr.*, fig. 152, 153, 156, 157; respektiewelik mon. 543, 545, 550, 551.

in Rome genoem Juppiter en Juno; hulle het Oceanus voortgebring. Soos in die Grieks-Romeinse mitologie is Kronos opgevolg deur Juppiter, wat verantwoordelik is vir die ontstaan van die ander Olimpiese gode.

Kronos (Zervan Akarana) het egter ook die gode van die duisternis voortgebring, nl. Ahriman en sy demone of devas, in Rome genoem Pluto en Hecate. Toe die kwade geeste die hemel bestorm het, is hulle teruggewerp (soos die Titane wat Olympus bestorm het), maar hulle het die mag behou om die menseras te besoek met plaë en verderf.⁽⁵¹⁾ Deur towerspreuke en offerandes kan hulle kwaad dan afgewend word. Dit was die kwade erfenis wat die Mithraïsme met hom saamgedra het na sy sinkretisme met die Chaldese astrologie, maar dit het n sterk houvas gekry op die fatalistiese en bygelowige mense van keiserlike Rome. Die sewe planete het arbiters geword oor die menslike lotgevalle en die sewe dae van die week is na hulle vernoem. Die sewe stadia van inwyding in die misterieë van Mithras stem ook ooreen met die sewe sfere waardeur die siel afkom en opgaan.⁽⁵²⁾

Die Chaldese astrologie het gevaar ingehou vir die Mithraïsme, want dit het n verstommende bygeloof meegebring wat verlamrend ingewerk het op die morele leer van Mithras.

51. Porphirius: De Abstn.: 33 e.v., aangehaal deur Cumont: After Life in Roman Paganism, p. 89.

52. Lees Hoofstuk III D.

Dit het ook impetus gegee aan die sonaanbidding, waarop ek later in hierdie hoofstuk terugkom⁽⁵³⁾. Behalwe die horde devas wat tot kwaad verlei is daar ook die onverbiddelike fatum wie se onafwendbare bevele aangedui en uitgevoer word deur die posisie van die planete. Dit het swaar gedruk op die gemoed van die mens en aanleiding gegee tot duistere kunste om hierdie magte wat die menslike lot bepaal, agter te kom en af te wend.⁽⁵⁴⁾ Hierdie donker erfenis wat die suiwer Persiese Mithraïsme saangedra het, het die morele erns daarvan besoedel.

Hoewel die vergoddeliking van die elemente en die astrologie met sy bekoring en vreesaanjaging n houvas gekry het op die Weste, was daar ook ander, edeler elemente in die teologie van die Mithraïsme wat belangstelling gewek het. „The old immoral, external paganism no longer satisfied the spiritual wants of all men in the second century.”⁽⁵⁵⁾ Weliswaar was daar nog baie mense wat tevrede gevoel het met die oorfloedige offerandes en seremonies van die Romeinse staatsgodsdienst, maar daar was aantreklike nuwe gedagtes in die lug; mense het gehoor van n god wat meer behaag het in die gesindheid van die hart as in offerandes.

Om hierdie nuwe begeerte wakker te maak het die

53. Hoofstuk III F 2.

54. Plutarchus: De Isid.: 46 (Engelse vertaling in Loeb Classical Library).

55. Dill: op. cit., p. 603.

wysbegeerte ook bygedra. Plato en Pythagoras het immers geleer dat eenheid met die Oneindige Vader slegs moontlik was as die siel vrygemaak is van die oorheersing van die begeertes. Dit was reeds vordering op die weg van 'n morele inslag in die mense se lewensbeskouing.

Die feit dat Mithras die enigste god in die pantheon van Ahura-Mazda was wat die verbeelding van die Romeinse aangegryp het, moet veral toegeskryf word aan ^{die}gedagte van sy middelaarskap, sy morele dryfkrag en die vaste hoop wat hy daargestel het vir die lewe hiernamaals. Mithras help in die stryd teen die slegte geeste en is middelaar tussen die mens en verre, verhewe Ormuzd.

Mithras is dan beskou as 'n gees wat werksaam was in die kosmiese „verbond" wat geopenbaar word in die reëlmatige opgang en ondergang van die son - 'n verbond wat die hele skepping omvat en sy voortbestaan verseker. So was dit van die begin af in die leer van die Mithraïsme, want Mithras is beskou as die god wat die aarde seën, en veral die veeteelt.⁽⁵⁶⁾ Die Ariese volk was veeboere en die versorging van hulle vee was een van hulle vernaamste godsdienspligte.

Die dualisme van die Mithrasgodsdiens kan ook ge-

56. Yasht X: 88, aangehaal deur Kristensen: op. cit., p. 5.

sien word in die konflik tussen lig en duisternis, waarin die mens n stryder is en deelgenootskap aan die Lig sy grootste ideaal is. Die streek van die Lig was die toneel van uiteindelijke oorwinning, waar die geluksalige „milites" van Mithras hul woonplek sou vind. Mithras is bondgenoot van die son en hierin het die gelowige die simbool van sy eie oorwinning en hoop gesien. Lig is dus simbool van lewe, waarheid en redding. Die siel van die ware gelowige sal ná die dood opstyg na die lig en nie neerdaal na donker Hades nie! Lig is slegs die plek vir die slegtes. Terloops, die Mithraïsme verskil van die ander godsdienste daarin dat die hiernamaals vir die goeies as bo beskou is, en vir slegtes onder die aarde. By die ander godsdienste was beide in aangrensende streke onder die aarde.

Vir die Mithrasgelowige is die lewe n stryd teen wat sleg is en om te oorwin, moet die gelowige getrou die wette gehoorsaam wat Mithras aan die vroegste Magi bekendgemaak het. Dis vir die moderne navorser moeilik om hierdie wette na te speur, maar die volgende is duidelik: absolute reinheid, herhaalde reinigingseremonies, persoonlike inspanning en arbeidsaamheid. „For them the good dwelt in action. They rated strength higher than gentleness, and preferred courage to lenity."⁽⁵⁷⁾ As soldategodsdienst is

57. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 142.

soldatedeugde bo alles gestel. Soos van oudsher af het Mithras altyd gestry aan die kant van die waarheid, geregtigheid en toewyding („heiligheid”); hy was steeds die onvermoeide teenstander van die magte van die duisternis; altyd oorwinnaar, nabarze⁽⁵⁸⁾, invictus, ~~i~~nsuperabilis. Hy het redding verseker in hierdie wêreld en hiernamaals.

Die Mithraïsme het bekoring gehad vir die intellektuele sowel as die eenvoudige mens. „... the vigor of its ethics”⁽⁵⁹⁾ het n baie sterk beroep gedoen op die menslike gewete, veral gesien teen die agtergrond van die sedelike lewe van die eerste en tweede eeue na Chr., want die gelowiges was verplig om saam met Mithras te stry teen die kwaad. Dit het die menslike siel bevredig in sy verlange na onsterflikheid en uiteindelijke geregtigheid in hierdie tyd „when solicitude for the life to come disturbed all minds.”⁽⁶⁰⁾ Vir ontwikkelde mense was daar die diepgaande gedagtes van Onbegrensde Tyd (Zervan Akarana) as oorsprong van alles, die aanbidding van die son wat aan alles op aarde lewe en groeikrag gee, die astrologie van planete en sterrebeelde met hul invloed op aardse gebeure, die vier elemente (vuur, water, lig, lug) wat in verskillende kombinasies alle natuurverskynsels voortbring het. Dit alles was in werklikheid n godsdienstige uitdrukking van

58. Ibid., fig. 36, p. 142.

59. Ibid., p. 147.

60. Ibid., p. 148.

die natuurwetenskap van daardie tyd.

Vir die eenvoudige was daar ook genoegsame rede om Mithras te vereer, want die vier elemente het vir hom prakties beteken: vuur wat kos gaarmaak en die liggaam verwarm; water wat die dors les en die liggaam reinig; lug wat jy inasem en lig wat jou in staat stel om te sien.

"When the initiated betook himself in the evening to the sacred grotto concealed in the solitude of the forests, at every step new sensations awakened in his heart some mystical emotion. The stars that shone in the sky, the wind that whispered in the foliage, the spring or brook that babbled down the mountain-side, even the earth that he trod under his feet, were in his eyes divine, and all surrounding nature provoked in him a worshipful fear for the infinite forces that swayed the universe."⁽⁶¹⁾ Siedaar, die Mithraïsme was 'n praktiese godsdienst vir die eenvoudige, soos geen ander heidense godsdienst tot op daardie tydstip nie.

Die Mithraïs se sedelike strewe het hom nie in peinsende mistisisme laat verval nie, maar hom geaktiveer, want: "The believer was the assistant of the gods in their work of purification and improvement."⁽⁶²⁾ 'n Baie praktiese godsdienst.

61. Ibid., p. 149.

62. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p.158.

D. Inwyding in die misterieë van Mithras.

Die Mithrasgelowiges is georganiseer in gemeentes van *sacrati* wat elk sy eie Raad van Priesters gehad het.⁽⁶³⁾

Na buite het die gemeentes as gildes (begrafnisgildes) bekendgestaan en as sodanig kon hulle volgens wet eiendom besit⁽⁶⁴⁾. Hierdie gildes het self hulle heilighdomme opgerig⁽⁶⁵⁾, waarvoor elkeen na vermoë bygedra het. Die priesters het 'n hiërargie gevorm en aan die hoof (organisatories) van elke gemeente was daar 'n raad van tien manne (*decuriones*).

Daar bestaan geen aanduiding dat 'n stelsel van attestasie in gebruik was nie, wat beteken dat as 'n gelowige van een plek na 'n ander verhuis, hy opnuut moes probeer om inisiasie te verkry. Dit was die geval by die gelowiges van die Egiptiese *Isis* en Nock⁽⁶⁶⁾ lei daarvan af dat dit ook by die Mithraïste die geval was. Daar is verder ook geen aanduiding van 'n ekumeniese organisasie nie, selfs nie eers onder die verskillende gemeentes in Rome nie. En tog het die kultus oral min of meer dieselfde gebly (met slegs beklemtoning van verskillende aspekte op verskillende plekke)⁽⁶⁷⁾ en is daar geen sprake van 'n afwykende sekte

63. Wissowa: op. cit., par. 59, p. 309.

64. De Jong: op. cit., p. 95.

65. 'n Tipiese mithraeum is beskryf op bls. 95 e.v.

66. Nock: *Conversion*, p. 135.

67. Vermaseren: *De Mithrasdienst in Rome*, p. 164 - 166.

nie. Dít is inderdaad wonderbaarlik, veral as in ag geneem word watter wisselwerking daar was met ander godsdienste. Die eenheid van leer moet waarskynlik toegeskryf word aan 'n sterk „pater patratus" op 'n sekere plek of dat die vernaamste patres van tyd tot tyd onder mekaar sekere riglyne vasgestel het. Hiervoor bestaan egter geen bewyse nie.

Die Pontifex Maximus van die Romeinse Staatsgodsdienste het sy oë en ore gedurig oopgehou vir vreemde invloede. In die begin sou die Mithraïsme nie maklik aandag getrek het nie, omdat die gelowiges van eenvoudige stand was. (Die Romeinse letterkunde het tewens nooit 'n beeld van die armes gegee nie omdat die skrywers almal ryk mense was of ondersteun is deur 'n patronus uit die aristokrasie). En as die Pontifex Maximus en die politici in Rome later die bewegings van die Mithraïste dopgehou het, sou hulle niks anders as lojaliteit aan Rome waargeneem het nie. „Mithras, de god met zijn duizend ogen, zal wel hebben toegezien, dat hy met de staatsmacht niet in conflict kwam en dat zijn soldaten tevens goede verdedigers en strijdlieden waren van het Romeins Imperium.”⁽⁶⁸⁾

Die pligte van die priesters van Mithras was meer aanhoudend en veeleisend as dié van die priesters van

68. Ibid., p. 135 - 136.

die Romeinse staatsgodsdienst. Daar was veelvuldige sakramente en rites om waar te neem: inwyding, daaglikse verering van die son in môre, middag en aand; daaglikse offers by die altare, ens.⁽⁶⁹⁾

Hierdie priesters was n afsonderlike liggaam wat onderskei is van die sewe grade van inwyding. Die oorspronklike priesters van die Mithrasdiens was in die Ooste die Magi, maar ons weet nie hoe hulle later in die Weste gekies en georganiseer is nie.⁽⁷⁰⁾ Dit is moontlik dat die sacerdos van n gemeente die rang van pater gehad het, want daar is aanduidings dat hy n soort middelaar was - of dan n bemiddelaar - tussen die inwydeling en die hoër range by inwyding, en dat hy verantwoordelik was vir die altyd-brandende vuur in die mithraeum. Dit lyk vir my moontlik dat n ingewydene met die graad Leo laasgenoemde funksie kon vervul het.⁽⁷¹⁾

Inwyding: Na baie rites van reiniging en beproewing was inwyding in die misterieë „... the crowning privilege of the Mithraist believer." ⁽⁷²⁾ Wat die voorbereiding vir inwyding ingehou het, weet ons nie presies nie, maar dat daar wel voorbereiding was, is duidelik uit twee

69. Dil: op. cit., p. 611.

70. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 164 - 166.

71. Lees my teorie op bls. 117.

72. Dil: op. cit., p. 611.

aanhalings van Tertullianus: Apol. 8: „Atquin volentibus initiari moris est, opinor, prius patrem illum sacrorum adire, quae praeparanda sint describere ...” Ook in Ad Nat. V: 7: „Sine dubio enim initiari volentibus mos est prius ad magistrum sacrorum vel patrem adire.”⁽⁷³⁾

Uit n papirus wat in Florence gevind is⁽⁷⁴⁾, is dit duidelik dat die inwydeling n eed (genoem „sacramentum”) van absolute geheimhouding moes sweer. Skynbaar was daar ook rites van beproewing wat sy moed getoets het⁽⁷⁵⁾, onder meer n skynmoord⁽⁷⁶⁾. Na sy inwyding is die medegelowiges vir hom „fratres” en die „pater” van die gemeente sy geestelike vader. Aan die einde van die inwydingseremonie neem die ingewydene die regterhand van die pater (iunctio dextrarum). Met die neem van die regterhand sluit hy dus n verbond met die pater - die neem van regterhande was n ou Persiese gewoonte om n verbond of ooreenkoms te bekragtig - soos Mithras en Sol n verbond gesluit het. Die pater is verteenwoordiger van Mithras, en die ingewydene sluit dus n verbond met Mithras vir die aardse lewe en hiernamaals. Hierdie simboliek is duidelik uit n inskripsie wat ontdek is in n mithraeum op die Campus Martius in Rome.⁽⁷⁷⁾

73. Aangehaal deur Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, p. 105.

74. Ibid., p. 106.

75. Yasht X: 121, 122, aangehaal deur Willoughby: Pagan Regeneration, p. 157.

76. Vermaseren: (:Mithras de geheimzinnige god, p. 107-110) bespreek die beproewinge breedvoerig.

77. Vermaseren: op. cit., p. 111.

Die oorgrote meerderheid van die Mithrasgelowiges het dit waarskynlik nie verder gebring as die eerste paar grade van inwyding nie, omdat daar miskien te min vuur in hulle geloof was of omdat hulle te onontwikkeld was om genoeg kennis op te doen van die dogma van hul godsdienste met al sy astronomiese en astrologiese gegewens. Indien die gedagte van Toynbee⁽⁷⁸⁾ juis is, nl. dat daar baie gelowiges was wat nie eers tot die eerste graad ingewy is nie en dat slegs graaddraers 'n mithraeum besoek het, verbaas dit 'n mens nie dat die mithraea so klein was nie.

As die gelowige egter aan al die vereistes voldoen het, was daar sewe grade van inwyding wat hy kon deurloop om pater te word, nl. Corax, Nymphus, Miles, Leo, Perses, Heliodromus en Pater. Die name van hierdie sewe grade was bekend slegs uit 'n aanhaling van Hiëronimus⁽⁷⁹⁾, tot dat argeologiese gegewens dit heel onlangs bevestig het. Ek dink hier veral aan die muurskilderye in die S. Prisca-mithraeum.⁽⁸⁰⁾

Volgens Porphyrius⁽⁸¹⁾ was die eerste drie grade, t.w. Corax, Nymphus en Miles, slegs voorlopig en nog geen algehele inwyding nie. Eers van die graad Leo af was hulle

78. Prof. J.M.C. Toynbee in Hibbert Journal LIV, p. 113.

79. Hiëronimus: Epist. 107: 2.

80. Lees op bls. 55.

81. Porphyrius: De Abstin. IV: 16, aangehaal deur Dill: op. cit., p. 611.

volle deelgenote aan die geheimenisse van die Mithraïsme.

Die sewe grade:

1. Corax: Die kraai was die bode wat aan Mithras die goddelike opdrag gegee het om die stier dood te maak. Omdat hy die Romeine aan Mercurius, die goddelike boodskapper herinner het, is sy simbool die caduceus of boodskapperstaf⁽⁸²⁾ en staan hy onder beskerming van die planeet Mercurius. In die S. Prisca-mithraeum in Rome is hy op die muurskildering voorgestel as 'n jongman - natuurlik, want hy staan nog aan die begin van sy (godsdiens) lewe -, maar by die maaltyd waar hy as dienaar optree, dra hy 'n kraai-masker. Hy beklee die laagste rang en vervul dus 'n dienende rol by die liturgiese handeling.

Oor die dra van die maskers by die verskillende grade, en die naboots van die geluid van die dier het Augustinus⁽⁸³⁾ waarskynlik die bal misgeslaan toe hy slegs die belaglike sy daarvan raakgesien het. Die oorsprong van hierdie gebruik moet teruggevoer word na die ou primitiewe godsdiens waar die godhede in die gestalte van diere voorgestel is. Die gelowige het geglo dat hy deur die voorkoms van die dier aan te neem en die geluid daarvan

82. Vermaseren: op. cit., afb. 54, p. 115.

83. Augustinus: Quaest. vet. et novi Test., aangehaal deur Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 153 - 153.

na te boots, nader gekom het aan en een geword het met sy god. n Oorblyfsel hiervan het ons in die Mithraïsme: die kraai-masker en -geluid laat die gelowige nader voel aan sy god.

2. Nymphus:⁽⁸⁴⁾ Op die muurskildering in die S. Prisca-mithraeum dra die nymphus oor sy kop n sluier (velum) wat sy hele liggaam bedek en in sy hande dra hy n brandende lamp. Hy staan onder die beskerming van die planeet Venus en is dus verbind met die sfeer van die liefde. Hy is omsluier en is dus verborgene, cryphius; vandaar die verkeerde lesing.⁽⁸⁵⁾ Dit lyk aanneemlik dat die seremonie waarby hierdie graad aan hom verleen word (tradere), n nabootsing is van die huwelikseremonie. Die nymphus (Cryphius) is dus n manlike bruid wat aan Mithras gewy is - vroue is immers nie toegelaat nie. Die volgende argument is afdoende om dit te bewys: Vermaseren⁽⁸⁶⁾ stem saam met Cumont dat in die volgende wy-inskripsie uit die mithraeum onder die pouslike kansellary in Rome, nl. „... ut possint syndexi hilares celebrare vota per aevom," die woorde „vota celebrare" in verband gebring moet word met

84. Die benamings Nymphius of Cryphius is verkeerde afleidings van swak bewaarde tekste, volgens Cambridge Ancient History, Vol. XII, p. 429 en nota 2.

85. Kyk nota 84.

86. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 126.

die laat-Latynse votum as sinoniem vir matrimonium. Die simboliek van die graaddraer ~~nymphus~~ was waarskynlik 'n mistieke verbintenis tussen die nymphus en die pater van die gemeente - hy wat die aardse plaasvervanger van Mithras was.

3. Miles: In teenstelling met die mistieke huwelik van die nymphus, tree die Miles toe tot die harde krygsdiens van Mithras. Die gelowige het Miles geword na aflegging van 'n sacramentum, wat 'n krygseed was, soortgelyk aan dié wat soldate afgelê het wanneer hulle in diens van die staat getree het. Daar is geglo dat Mithras, die deus invictus, aan die soldate hulp verleen op die slagveld, en dit verklaar waarom die Mithraïsme so baie soldate in sy geledere versamel het. Maar in die misterieë het die gelowige in die krygsdiens van Mithras getree in sy stryd teen die kwaad.

In die S. Prisca-mithraeum is die graaddraer Miles afgebeeld met 'n soldatepak (sarcina) op sy rug en pyle in sy gordel, en in die mosaïek in 'n mithraeum te Ostia is sy simboliek uitgebeeld deur middel van 'n lans en helm.⁽⁸⁷⁾ In die genoemde mithraeum in Rome staan die Miles onder

87. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, afb. 56, p. 117.

beskerming van die planeet Mars, wat n aanduiding is van hoe die plaaslike godsdiens in die Mithraïsme opgeneem is. Tertullianus vertel van n brandmerk wat aangebring is op die goorhoof van die miles by inwyding⁽⁸⁸⁾. Op n ander plek⁽⁸⁹⁾ beweer Tertullianus dat n kroon op die punt van n swaard vir die miles aangebied is (as deel van die sere-monie by inwyding) en dat hy dit moes weier en sê dat Mithras sy enigste kroon is. As „Miles pius" het hy daarna dan ook selfs nie by n eetmaal die gebruiklike krans aanvaar nie.⁽⁹⁰⁾

4. Leo: By die wyding van mithraea in Rome het die Leones sterk op die voorgrond getree. Die leeu is geassosieer met vuur en daarom is die simbool van hierdie graad in die mosaïek in Ostia n vuurskop saam met n bliksem⁽⁹¹⁾. Lg. dui daarop dat hierdie graad onder beskerming van die planeet Juppiter gestaan het - Juppiter was die dondergod in Rome. In die S. Prisca-mithraeum in Rome dra die Leo n rooi mantel en sy embleem is ook n vuurskop. Omdat die Leo simbool van vuur was, is heuning gebruik by sy reinigingseremonie - water en vuur kan tog nie saamgaan nie!⁽⁹²⁾

Op die muurskildering in die S. Prisca-mithraeum

88. Tertullianus: De praescr. XL.

89. Tertullianus: De Corona XV.

90. Lees op bls. 43.

91. Vermaseren: op. cit., afb. 57, p. 119.

92. Porphyrius: De Antro Nymph.: 15, aangehaal deur Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 128.

is die stoet Leones afgebeeld met kort hare en baard, waar hulle offers bring. Van die voorste een het ongelukkig nie veel bewaar gebly nie, maar die tweede bring n wit bees, die derde n haan, die vierde n skaap, die vyfde n mengvat en die sesde n vark. Dat daar werklik diere-offers in mithraea gebring is, word bewys deur die feit dat daar in die S. Clemente-mithraeum in Rome beendere van kleinvee gevind is⁽⁹³⁾. Op die noordemuur van die S. Prisca-mithraeum gaan die prosessie van Leones dan voort: die eerste dra vermoedelik n brood, die tweede n mengvat, die derde n skaal met brood daarop en die vierde weer n mengvat. Daarna volg twee persone wat moeilik onderskei kan word. Die volgende een dra n kers, dan een met n haan en die laaste een dra weer n kers.⁽⁹⁴⁾ Hulle loop stadig na die grot toe waar die maaltyd van Sol en Mithras plaasvind. Die leones vervul hier ook n dienende funksie en die gevolgtrekking is dat die eerste drie grade van inwyding nog nie toegang tot die misterieë verleen het nie. Daarom is die diens van die Corax algemeen van aard en hy is dienaar by uitstek, want al die gelowiges was dienaars van Mithras. As dit egter by die verhewe mistieke seremonies kom, en die eerste drie grade is uitgesluit,

93. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, nota 85, p. 129.

94. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr., mon. 481, fig. 131-137.

het die Leones die diens verrig as eerste graad wat kon deelneem aan die mees verhewe handeling, nl. die gedenkmaaltyd.

Die leeu as simbool van vuur verbind hierdie graad in die besonder met Mithras, en met Sol wat e.g. in sy vuurwa weggeneem het na die „hemel“. Vir die ingewydene moes dit verder ook n heenwysing gewees het na die vuur wat eenmaal by die wederkoms van Mithras sal neerdaal om alles wat sleg is, te verslind.

Ek wil hier die mening waag dat die graaddraer Leo moontlik ook verantwoordelik kon gewees het vir die instandhouding van die altydbrandende vuur in die mithraeum. Ek vind nêrens bewys vir hierdie teorie nie, maar dit lyk logies dat die graaddraer wat met vuur geassosieer is, hierdie priesterlike funksie in die gemeente vervul het.

5. Perses: Hoewel die graaddraer Perses in Rome maar min vermeld is, kom hy tog voor op die skildering in die S. Prisca-mithraeum waar hy geklee is in n wit of grys tunica en n sekel en bondel koringare dra. Hy is geplaas onder die beskerming van Luna.

By ontvangs van sy graad is hy ook gereinig met heuning, maar die simboliek daarvan is anders as in die geval van die Leo. Heuning was die suiker van die oudheid en het volgens Persiese opvatting van die maan af gekom. Dit

was ook bekend as konserveermiddel en in hierdie sin dus simbool van die bewarende eienskap wat aan die Perses toegeken is.

Daar is reeds aangetoon⁽⁹⁵⁾ dat die saad van die stier wat deur Mithras gedood is, opgeneem is na die Maan, wat dit gereinig en bewaar het sodat dit weer nuwe plante en vrugte op die aarde kon voortbring. „Zodoende is de Maan als het ware de tijdelike bewaakster van de vruchten en de Pers symboliseert de maan.”⁽⁹⁶⁾

In die mosaïek te Ostia is die simbole van die graad Perses n sekel, seis en die maan.⁽⁹⁷⁾ Dit dui daarop dat Perses die oes insamel wat uit die bloed van die stier opgeskiet het. Hier wil ek dus die gedagte uitspreek dat die graaddraer Perses in die gemeente die besondere taak gehad het om te waak oor die geestelike belange van die „oes” van Mithras. Sou dit vergesog wees om aan die hand te doen dat die Perses ook besonderlik „sendeling” was om die oes in te samel, om bekeerlinge te maak?

Die vraag kom nou op waarom hierdie graad in Rome so min vermeld is. Waarskynlik is die antwoord tweërlei: min gelowiges het dit so ver gebring in die gemeente, en die draers van hierdie graad is oorskadu deur die Heliodromus

95. Lees op bls. 81.

96. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, p. 122.

97. Ibid., afb. 59, p. 122.

en die pater, wie se eienskappe en simboliek vervolgens behandel word. Nog n moontlikheid is dat die naam, Perses, in Rome nie gewild was nie vanweë die lang oorloë tussen Rome en die Perse.

6. Heliodromus: Die boodskapper van die son is die aardse verteenwoordiger van Sol, onder wie se beskerming hy ook staan. Sy embleme is n sweep, stralekrans en fakkel⁽⁹⁸⁾, volgens die mosaïek in Ostia. In die stoet wat geskilder is in die S. Prisca-mithraeum in Rome is hy voorgestel as n jongman met n baard en met n blou nimbus en n vergulde stralekrans om sy hoof. Hy dra n rooi tunica met n geel rand, en n mantel bo-oor. Met opgehewe regterhand groet hy die pater voor wie hy staan en met sy linkerhand hou hy n globus teen sy sy vas.

Die simboliek van die stralekrans en die fakkel is natuurlik dat die Heliodromus die aardse verteenwoordiger van Sol is, terwyl die sweep sinspeel op die hemelvaart van Mithras in die wa van Sol. Die Heliodromus stel ook Sol voor wat deur middel van die kraai die boodskap aan Mithras gestuur het om die stier dood te maak; Sol, met wie Mithras die verbond gesluit het; Sol wat elke dag met sy sweep sy perde aanspoor om die hemelboog oor te steek.

98. Ibid., afb. 61, p. 124.

Soos Sol saam met Mithras by die maaltyd aangelê het, so vervul die Heliodromus met dieselfde klere en toebehore die rite van die maaltyd saam met die Pater, wat Mithras verteenwoordig. So is dit ook geskilder in die S. Prisca-mithraeum waar die Leones die grot nader met hulle offerandes en die Pater aanroep.

7. Pater: Die Pater is die draer van die hoogste graad en hy is Mithras se verteenwoordiger op aarde. Hy is vader van die gelowiges wat mekaar „fratres" noem en waak as „defensor" oor die belange van die gemeente. Hy is ook „Magister sacrorum" wat as teken van sy wysheid n ring en n staf dra. Simbolies van hom is verder die sekel (want hy staan onder die gesag van die planeet Saturnus) en die Phrigiese puntmus van Mithras.⁽⁹⁹⁾ Hy ken die grade van inwyding toe aan die uitverkorenes en is in die laaste instansie verantwoordelik vir die opneem van nuwe lede.

Op die muurskildering in die S. Prisca-mithraeum dra hy n lang rooi mantel en n Phrigiese puntmus, netsoos Mithras. Vermaseren⁽¹⁰⁰⁾ haal bronne aan wat die pater noem „summus pontifex" wat die geheime van die misterieë

99. Mosaïek te Ostia, ibid., afb. 62, p. 125.

100. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 132.

volledig ken, „pater sacrorum dei invicti Mithrae," „studio-
sus astrologiae," n „magister" wat aan die „discipuli" die
leer oordra (tradere) waardeur hierdie „sacrati" die verskil-
lende grade van inwyding kan ontvang, en as één familie
(sodalitium) onder sy wettige toesig staan. Verder word
hy genoem „pius", „pientissimus," „sanctus," „dignissimus."

Ons sien dan dat al die grade van inlywing betrekking
het op die hoofpunte van die Mithraslegende. As n mens
dit in gedagte hou, is dit onwaarskynlik dat die Pater slegs
hoof van die gemeente was soos vader hoof van sy gesin is.
Pater moet gesien word as n eienskap van Mithras, want lg.
is ook „deus genitor" genoem. As variant van Pater kom
ook voor „Pater patratus", d.w.s. op seremoniële wyse tot
vader gemaak. Dit was van oudsher af die titel van n
Romeinse gesant wat volgens opdrag met die vyand moes onder-
handel, n verdrag sluit of oorlog verklaar. As „pater
patratus" was die „patria potestas" in sy hande; die voort-
bestaan van die volk was dus aan hom opgedra: nie net die
wetlike bevoegdheid nie, maar ook die wese van n vader.
Dit is waarskynlik wat in die Mithraïsme in godsdienstige
sin gebeur het.

Die seremonie waarby n pater ingewy is, het daaruit
bestaan dat n grassooi of n gerfie heilige grassprietjies
(verbenae) op sy hoof geplaas is. Gras op die hoof is n

beeld van begrafnis. „De pater patratus werd tot vader gemaakt doordat hij in effigië begraven werd“(101).

Die simboliek van die stierdoding was dat uit die bloed van die dooie dier nuwe lewe herrys het: dus, uit die dode-ryk kom herrysende lewe. In die Mithrasmisterieë het die Pater die verbond tussen lewe en dood versinnebeeld.

Mithras (verpersoonlik deur die Pater) is dus ook middelaar tussen lewe en dood, lig en duisternis, Ahura-Mazda en Ahri-man. Plutarchus⁽¹⁰²⁾ was dus reeds reg ingelig toe hy Mithras middelaar genoem het.

Daar word ook melding gemaak van „pater patrum“(103) wat die gedagte laat ontstaan dat daar onder die patres n rangorde was. Die „pater patrum“ kan dan hoër in rangorde gestel word as die „pater sacrorum.“ „Pater patrum“ kan dan beskou word as die opperherder van die gemeente, terwyl „pater sacrorum“ aan die hoof gestaan het van die rites en seremonies, soos die naam aandui.

Wanneer n mens die uitbeelding van die verskillende graaddraers en die simboliek daarvan bestudeer, word die besonderhede van die Mithrasdiens in Rome duidelik. Hoewel die uitbeelding in Rome en elders in Italië en die Ryk die

101. Kristensen: op. cit., p. 12.

102. Plutarchus: De Isid. et Os.: 46 (Engelse vertaling in Loeb Classical Library.)

103. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, p. 125.

klem op verskillende aspekte laat val, kan aangeneem word dat die Mithrasleer oral dieselfde was. Bykomstighede wat in besondere mithraea nie uitgebeeld is nie, is sekerlik daar mondelings verkondig.

As voorbeeld hiervan kan genoem word die beeld van Oceanus wat in die S. Prisca-mithraeum die ereplek ingeneem het, maar nêrens anders in Rome gevind is nie - wel elders in die Ryk. Die bykomstighede wat uitgebeeld is, het natuurlik afgehang van die smaak van die kunstenaar of sy opdraggewer - dikwels die „pater" van die gemeente.

„Men kan alleen zeggen, dat te Rome de symboliek in meer verfijnde vorm tot uitdrukking werd gebracht, vandaar dat de mysten uit Rome blijkbaar geen behoefte hadden aan de samengestelde reliëfs met een gehelen serie verhalen over de lotgevallen van Mithras met de stier, maar zich meer richten op de verheven en meer ingewikkelde theorieën." (104)

E. Sakramente. Feesdae. Begrafnisse:

Die Mithraïsme „stressed the approach to Deity through rite and liturgy after severe probation and an oath pledging to secrecy." (105) Dit het met ander misteriegodsdienste die gedagte in gemeen gehad dat daar in die mens n goddelike

104. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 134.

105. Angus: The Religious Quests of the Graeco-Roman World, p. 76.

element (siel) uit n hoër sfeer opgesluit is, wat na die dood weer vrygelaat word om op te styg na sy hemelse oorsprong. Inwyding in die misterieë van Mithras is as noodsaaklik beskou vir die redding van die siel, en op aarde moes reinigingsrites nagekom word om die sondes weg te was. Die aardse daad van die god moes in sakramente nageboots word sodat die gelowige kon opgaan in sy god. Die belofte van onsterflikheid was slegs vir die ingewydene, terwyl n treurige lot sou wag vir diegene wat die heilsmiddele verontagsaam.

Acceptio was die toelating van nuwelinge tot die laagste rang. Daar bestaan aanduidings dat selfs kinders in die Mithraïsme opgeneem is⁽¹⁰⁶⁾ (in elk geval teen die einde), maar ons weet nie hoe lank n nuweling in n bepaalde graad van inwyding moes bly nie. Waarskynlik het die Patres besluit wanneer iemand ryp was vir inwyding in n volgende graad. Sacramentum was die eed wat die inwydeling moes aflê.⁽¹⁰⁷⁾

Doop was van vroeg af prominent in die Mithraïsme. Dit het bestaan uit besprinkeling met of indompeling in water en dit was bedoel om sonde af te was en geeselike herlewering te bewerkstellig. Mithraea is so aangelê dat

106. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 156. Lees ook op bls. 157.

107. Lees beskrywing op bls. 109 - 110.

water altyd byderhand was⁽¹⁰⁸⁾ en in Ostia is daar in n mithraeum n kelder gevind⁽¹⁰⁹⁾ wat vir indompeling gebruik kon gewees het.

Die mees gewyde vorm van doop was die taurobolium⁽¹¹⁰⁾, waar die ingewydene in n put gestaan het en die bloed van n stier wat op n traliewerk bokant hom doodgesteek is, oor hom laat stroom het. Dit was meer as net reiniging van die liggaam: dit het heengewys na n hoër verlossing wat uitgedruk is in die woorde „in aeternum renatus." Dit het betrekking gehad op die hiernamaals, maar ook n sterk morele besef vir die aardse lewe gedra. Die heilsame invloed van so n stortbad van bloed het vir twintig jaar geduur. n Tweede taurobolium se invloed was lewenslank.⁽¹¹¹⁾

Heilige voedsel en drank:

1. Heuning: By inwyding, en meer bepaald by die grade Leo en Perses, is heuning gebruik om die hande te reinig. Maar heuning is ook op tong van die inwydeling geplaas. Die simboliek hiervan is tweërlei: heuning is beskou as bewaarmiddel⁽¹¹²⁾ en moes die ingewydene bewaar van sonde. Daar was egter ook die algemene opvatting dat

108. Porphyrius: De Antro Nympharum: 18, aangehaal deur Willoughby: Pagan Regeneration, p. 160. Lees ook Hoofstuk II 2; waar mithraea in Rome geleë was.

109. Willoughby: op. cit., p. 160.

110. Lees op bls. 70.

111. Halliday: op. cit., p. 307 - 308.

112. Lees op bls. 117 - 118.

heuning wat op die tong geplaas is, wonderlike deug bewerkstellig. Daar is altyd heuning op die tong van n pasgebore baba geplaas met die oog op n deugsame lewe. Die inwydeling is hier beskou as baba in godsdienstige sin en die heuning was dan n kragtige voedingsmiddel met die oog op n nuwe geestelike lewe. In die rites het heuning mistieke eienskappe gehad: dit was die voedsel van die gode self, en die verorbering daarvan het aan die ingewydene goddelike krag gegee.

2. Brood en wyn: Nog n seremonie waarby die geestelike lewe

van die ingewydene versterk is, was die gedenkmaaltyd, waarby die ingewydenes vanaf die graad Leo toegelaat is. Die oorsprong hiervan was die maaltyd van Sol en Mithras en ook hier het die mistieke stier sy rol gespeel. Uit sy bloed het die wingerd ontspring wat die wyn vir hierdie seremonie verskaf het. Saam met die wyn is daar by die gedenkmaaltyd brood genuttig⁽¹¹³⁾. ^{Koringasse met hiel te stert} Vir die ingewydenes was dit meer as net n gedenkmaaltyd; daaruit het hulle ook sekerheid geput vir die toekoms, want hulle het n bonatuurlike uitwerking verwag: krag van liggaam en gees, krag vir die stryd teen die slegte devas en goddelike hulp om onsterflikheid te verkry. In die Ooste is daar

113. Willoughby: op. cit., p. 161.

by die gedenkmaal saam met die brood as drank gedrink die sap van die Haoma, met water gemeng. Soos wyn het dit ook n bedwelmende invloed gehad. Die haoma-plant groei nie in die Weste nie, en daarom is wyn hier gebruik.

Feesdae: Elke dag van die week was gewy aan die planeet waarvan die betrokke dag die naam gedra het. Daarom was Sondag n besondere feesdag.

Die sestiende of middelste dag van elke maand was in Persië besonderlik aan Mithras gewy en hierdie gebruik het in die Weste bly voortbestaan. Dit hang saam met die gedagte van Mithras as middelaar, soos ook versinnebeeld in die beeldegroep van Mithras tauroctonus.

25 Desember was die belangrikste feesdag in die jaar. Dit was die „Natalis invicti," die nuwe geboorte van die son wat na die winter-sonnestilstand (in die Noordelike halfgrond) dan weer begin warmer word. Daar is ook aanduidings dat die herfs- en lente-dag-en-nag-eweninge feestelik herdenk is en dat die gewone tyd vir inwyding tydens die lente-dag-en-nag-eweninge was⁽¹¹⁴⁾. Die simboliek hiervan is nie moeilik om te raai nie.

114. Cumont: op. cit., p. 167.

Begrafnisse: In die klein Mithrastempeltjies waar almal mekaar geken het en waar hulle mekaar "frater" genoem het, het klasseverskille weggeval en het die intieme atmosfeer van 'n huisgesin geheers. Almal het dieselfde geloof aangeneem en dan was slaaf en vryman, arme en ryke gelyk. Almal het dieselfde gebooië gehoorsaam en was gaste by hulle feeste. Ons kan dus aflei dat almal ook in dieselfde begraafplaas begrawe is. As ons die Mithraïste se vaste geloof in 'n lewe hiernamaals in gedagte hou, is dit duidelik dat die gemeentes ook begrafnisgildes was wat gesorg het dat die liggame van afgestorwe medegelowiges op eerbare wyse en volgens die voorskrifte van hulle geloof begrawe is; om in die graf te wag op die dag van wederopstanding. Dit was hulle immers as "fratres" aan mekaar verskuldig. Ons kan ook met sekerheid aanneem dat hulle die liggame begrawe het en nie verbrand het nie. Tot dusver is egter nog geen Mithraïste-begraafplaas ontdek nie.

F. Sinkretisme:

1. Ander gode in 'n Romeinse Mithraeum:

Die ou Persiese Mithraïsme was onversoenlik teenoor ander godsdienste en die vroeë Magi was 'n eksklusiewe groep, maar "... Mazdaism had been softened in Asia Minor by the

Hellenic civilization"⁽¹¹⁵⁾. Die sukses van hierdie sinkretisme met die godsdienste van Hellenistiese Klein-Asië het die toekomstige houding van die Mithraïsme bepaal. Die Yazatas van die Avesta het in die Weste die name van gode in die Grieks-Romeinse pantheon gekry, wat bewys dat daar in die Weste nog n sinkretisme plaasgevind het, hoewel dit slegs oppervlakkig was en geensins die wese van die Mithraïsme aangetas het nie.

As die gelowige van Mithras in Rome Juppiter vereer, gee hy aan hom n ander inhoud as die tradisionele Romeinse begrip. Dit was tewens die geval met die plaaslike gode oral waar die Mithraïsme sy vleuels uitgesprei het, ook langs die Donou en Ryn.⁽¹¹⁶⁾ Hierdie godsdienst het klaar gevorm in Rome aangekom en slegs inherente kenmerke waarvan dit n eweknie in die inhoud van n Grieks-Romeinse god gesien het, daarop oorgedra. Die Mithraïsme was vir die Romein natuurlik minder vreemd omdat hy daarin reeds bekende name ontdek het.

Belangrik in die leer van die Mithraïsme en te vinde in die meeste Mithraea is Zervan Akarana, vergestaltung van die Ewige Tyd⁽¹¹⁷⁾. Hy is voorgestel met n leeuk en n menslike liggaam, dikwels geslagloos, en soms met hoofvoete.

115. Ibid., p. 175.

116. Ibid., p. 176.

117. Kyk nota 50 van hierdie hoofstuk.

n Slang omkrul hom - dikwels met sewe kartels - en plaas sy hoof op die god se voorhoof. Daar is vleuels aan sy skouers (dikwels twee paar) en in sy hande sleutels en n septer. Hy staan dikwels op n globus tussen sewe altare.

Die Tydgod is gestel bokant die dualisme: Ahura-Mazda -Ahriman. Lg. twee magte is aan hom onderworpe soos aan die fatum en algemeen is aangeneem dat hulle uit hom voortgekom het. In Rome is Zervan geïdentifiseer met Saturnus/Kronos/Aion. Hy beheers die tyd en dus ook die gang van die son deur die sewe planete. In die Barberini-mithraeum in Rome staan hy dan ook tussen die sewe planete wat die rand van die grot versier waar die stierdoding plaasvind⁽¹¹⁸⁾. Dit verklaar ook die sewe kronkels van die slang om hom heen.

Die simboliek van die leeukop is daarin geleë dat ook die graaddraer Leo met vuur te doen het. By Mithras se wederkoms sal vuur alles wat sleg is, verteer: die god met die leeukop is dus die verslindende Tyd.

n Moderne teorie oor hierdie figuur wil dit in verband bring met verering van Ahriman. Hieroor is egter m.i. nog nie uitsluitel gegee nie en daarom word dit daar gelaat.⁽¹¹⁹⁾

118. Die Aion wat gevind is in die Barberini-mithraeum: fig. 89 en 90, mon. 326 in Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr.

119. S.G.F. Brandon: Salvation: Mithraic and Christian, in Hibbert Journal LVI, p. 123 - 129.

Tradisionele gestaltes van Grieks-Romeinse mitologie wat in hierdie verband aangetref word, is Kronos-Saturnus wat sy heerskappy oordra aan Juppiter⁽¹²⁰⁾. Die kosmiese Saturnus bly egter voortleef, want die pater van die gemeente staan onder beskerming van hierdie planeet.

Juppiter: Juppiter se stryd teen die Gigante word in herinnering geroep deur die vonds van n Gigant in die S. Prisca-mithraeum in Rome. Lg. is pers gekleur en behoort dus tot die ryk van die duisternis. Die Mithraïs het in Juppiter se stryd teen die Gigante die stryd van Ahura-Mazda teen die magte van die duisternis gesien.

Juppiter is ook as nasionale Romeinse oppergod vereer⁽¹²¹⁾, maar die rede daarvoor moet ook gesoek word in die feit dat hy as n tipe van Mithras gesien is en aldus nie vreemd aan die Mithraïsme nie.

Silvanus: Hierdie god van bosse en weide is ook in die mithraea in Rome vereer.⁽¹²²⁾

Silvanus, vergesél van sy hond het n belangrike rol gespeel by die bewaking van die kudde wat ontstaan het deur die dood van die stier. Hy het ook die siele bewaak wat hulle in

120. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, afb. 39, p. 86.

121. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 107 en nota 49.

122. Ibid., p. 109.

die hemelse sfere bevind het.⁽¹²³⁾.

Ander gode van die Grieks-Romeinse pantheon wat hulle weg na die Mithraea gevind het, was Apollo (songod), Vulcanus, Mars, Mercurius en Venus. Atlas word voorgestel as hemeldraer en nie aarddraer nie⁽¹²⁴⁾, om die moeilike taak van Mithras te simboliseer.

Die Mithraïsme het in Klein-Asië kennis gemaak met Jupiter Dolichenus, Baäl, Mên en **Cybele** en met hulle vriendskaplike betrekkinge aangeknoop.⁽¹²⁵⁾ Die Romeinse Mithraïsme het veral n verstandhouding gehad met Cybele, waaroor ek meer moet sê.

Die uitsluiting van vroue was die een leemte waarvan die Mithraïste bewus moes gewees het, en hierdie probleem is nooit volkome opgelos nie. Daarom het die Mithraïste vriendskaplike betrekkinge aangeknoop met die „matres" van die Cybele-heiligdomme.

Mithras het reeds in Phrigië met die Magna Mater in aanraking gekom en die gevolg was dat Mithras en albei die dadophore (fakkeldraers) die Phrigiese puntmus en Phrigiese klere aangetrek het. Dáár is ook die „heilsame uitwerking" van die taurobolium deur Mithras besef en hy het di. heelhuids oorgeneem om ook sy volgelinge deur hierdie rite „in aeternum

123. Ibid., p. 109 en nota 58.

124. In die Barberini-mithraeum: Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, afb. 48, p. 94.

125. Cumont: op. cit., p. 178 - 179.

renatus" te laat word. „Van de andere kant verskilde die dienst van de Moedergodin met die weke Attis aan haar zijde en met die fanatiese ontmande galli in haar gevolg te veel van het strenge Mithrassoldaat.”(126)

In Rome was die vriendskap met die reeds deur die staat erkende Cybele vir die Mithraïsme voordelig om homself gevestig te kry en daar is ook aanduidings dat die vroue en dogters van Mithraïste n godsdienstige heenkome gevind het in die Cybele-diens.(127)

In sy lang geskiedenis het die Mithraïsme allerlei verbintenisse aangeknoop. In Rome was dit veral die geval as so n verbintenis gunstig was vir die verbreiding van sy leer. Verbintenisse wat in Klein- Asië aangegaan is met ander godsdienste, is in Rome lewendig gehou. In alle gevalle het Mithras egter sy eie stempel ~~afgedruk~~ op die bevriende of aangenome godhede. In die donker spelaea is hulle teen wil en dank omgevorm tot Mithrasdienare. Daarom is Mithras ook nooit geromaniseer nie en al is daar ook Grieks-Romeinse gode rondom Mithras tauroctonus afgebeeld, het hy altyd die sentrale figuur gebly, „waarvoor zijn milites hun mysteriën vierden, om van hem hun heil te verkrygen.”(128)

126. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 104.

127. Cumont: op. cit., p. 179.

128. Vermaseren: op. cit., p. 110.

Die mening is selfs uitgespreek dat die Mithraïsme deur sinkretisme doelbewus daarna gestrewe het om n omvattende wêreldgodsdienst te word. (129)

2. Sonaanbidding en Keiserverering:

Die primitiewe heidense mens het God nie in die abstrakte gesoek nie, maar in die wêreld van gewaarwording. Vir hom was die enigste redelike en wetenskaplike godsdienst die kultus van die Son. Dit was "... the purest and most natural form of devotion, if elemental powers were to be worshipped at all." (130)

Sonverering het in die klassieke tyd voortgeduur onder invloed van die Griekse wysbegeerte en die voortsetting daarvan in die Weste⁽¹³¹⁾, en die gedagtes daarvan is buite die kringe van die wysgere uitgedra deur die klassieke letterkunde.

In die keisertyd in Rome was die sonaanbidding ook heeltemal in ooreenstemming met die politieke atmosfeer. Keiseraanbidding het in Rome begin by die eerste keiser. Die provinsies, en veral in die Ooste, was meer geneig om goddelike eerbewyse aan die keiser te betoon en tempels aan hom te wys as die bevolking van die hoofstad van die ryk.

129. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god, p. 94.
Cumont: op. cit., p. 187.

130. Dill: op. cit., p. 585.

131. Cumont: op. cit., p. 184.

Augustus, wie se houding ook dié van die Romeinse adel was, was versigtig vir persoonlike eerbewyse en hy het hom slegs saam met Rome in die provinsies laat vereer. In Rome self het hy geen sodanige heiligdom toegelaat nie. Tiberius se houding was dieselfde, maar Caligula en Nero het toegegee aan die versoeking om as god vereer te word. Sedert die tyd van Nero was die keiserlike kroon feitlik 'n nabootsing van die stralekroon van Sol. Vespasianus se belangstelling in die Oosterse godsdienste was groot, maar dis eintlik Domitius wat eerste daarop aangedring het dat hy tydens sy leeftyd al „Dominus et deus" genoem moet word. (132)

Die verering van die geeste van die afgestorwenes (manes) het die Romeinse denke voorberei vir keiserverering. Die genius van die vader van 'n gesin is vereer: die genius van die vader van die staat was dus groter verering waardig. Ook in Griekeland het heldeverering meegebring dat mense van belang bo ander geplaas is en altare vir hulle opgerig is. Die beeld van die Romeinse keiser Marcus Aurelius was tussen die familiebeelde in bykans elke huis in die Weste.

Die genius- en heldeverering van die Weste het onder invloed van die sonverering van die Ooste veroorsaak dat die

132. Suetonius: Domit. XIII.

„principatus" van Augustus ontwikkel het in teokratiese despotisme by Aurelianus en Diocletianus. Die Oosterse nasies het die goddelike eerbewyse wat hulle gewoonlik aan hul eie heersers betoon het, op die Romeinse keiser gelaai nadat hulle deel geword het van die ryk.

Die Perse het (om Romeinse taal te gebruik) die „genius" van hul monarg vereer, eerder as sy persoon: hy het regeer by goddelike grasia en beskerming, maar was nie self god nie. Die Chaldese bygeloof, wat alle menslike lotgevalle verbind het met die hemelliggame, het die son, die monarg van die hemelruim, beskou as spesiale beskermheer van konings. (En Mithras was die bondgenoot van Sol!)

In Rome het die republikeinse „Fortuna Populi Romani" langamerhand verander in „Fortuna Augusti," soos dit verskyn het op muntstukke van Vespasianus⁽¹³³⁾. Commodus, wat n ingewydene van beide Isis en Mithras was, het die titel Invictus aangeneem, en dit is oorgeneem deur sy opvolgers. Gallienus het n groot standbeeld van homself in die gewaad van Sol laat oprig.⁽¹³⁴⁾

Sonverering was n stimulus vir absolutisme in die Weste en teen die vierde eeu „The imperial policy gave the first place in the official religion to the Sun, of which

133. Dill: op. cit., p. 618.

134. Ibid., p. 618, nota 6.

the sovereign was the emanation..." (135)

Omdat die Mithraïsme in sy leer n belangrike plek aan die son toegeken het, het dit in die vierde eeu van hierdie sonaanbidding wat saamgegaan het met die vergoddeliking van die keiser, gebruik gemaak om sy doel te verwesenlik om n wêreldgodsdienst te word: "... the foundation of a new religion in harmony with the prevailing philosophy and political constitution of the empire." (136)

Die resultaat van hierdie sinkretisme sou verwyderd gewees het van die ou Persiese Mithraïsme en ook van die Grieks-Romeinse godsdienst. Met die son weer in die middelpunt van die godsdienst en die politieke denke, was die heidendom weer terug waar dit eeue tevore die son as god aanbid het. Die enigste verskil was dat dit nou n internasionale godsdienst sou gewees het: "... the universal domination of Mithra, identified with the invincible Sun." (137)

Hierdie sinkretisme was n laaste poging van die heidendom om weerstand te bied teen die opkomende Christendom. Myns insiens lê n belangrike rede vir die uiteindelijke oorwinning van die Christendom juis daarin dat hierdie sinkretisme die Mithraïsme weggevoer het van sy suiwere morele beginsels wat al die eeue sy inherente krag was.

135. Cumont: op. cit., p. 186.

136. Ibid., p. 167.

137. Ibid., p. 188.

G. Samevatting:

Nou moet die sukses van die Mithraïsme in Rome kortliks in oënskou geneem word. Dit is duidelik dat die laere stande van Rome se bevolking wat die eerste was om die Mithraïsme aan te hang, in die spelaea krag en troos gevind het. Hulle, die opdrifsels van die groot stad, het hier deel geword van 'n sterk en goed georganiseerde godsdienstige beweging wat hulle verlangens tevrede gestel het. In 'n klein gemeente soos dié van Mithras was die kontak intiem en persoonlik. Die heiligdom was ingerig soos 'n mikrokosmos waarin die gelowige in aanraking gekom het met die heilige dinge van sy geloof. „In the center of the apse stood the group of Tauroctonus Mithra, a pathetic tableau, but the central scene of a great salvation drama.”⁽¹³⁸⁾ In hierdie intieme atmosfeer was die seremonies, met musiek en klokkies, besonder indrukwekkend.

Die eenvoudigste gelowige het hier menswaardig gevoel omdat hy ook 'n plek gevind het in die oë van sy medegelowiges. Hy kon hier sy menslike drang bevredig om ook waarde te hê in die oë van sy medemensse. Dit moes die arme en die slaaf onlosmaaklik aan Mithras verbind het.

138. Willoughby: op. cit., p. 155.

Hierdie maatskaplike dryfkrag het natuurlik gepaard gegaan met diepere geloofswaardes. Die klein gemeentetjies het hulleself beskou as bevoorreg om n aandeel te hê aan die antieke wysheid wat ver uit die Ooste vandaan gekom het, veral omdat dit wat Rome hulle gebied het, onbevredigend was. "... thanks to the collaboration of oriental mysticism and of Roman wisdom, new and fruitful faiths were born and flourished on the ruins of the traditional pantheon." (139)

"Omne ignotum pro magnifico est:" die feit dat hulle lede kon wees van n geheime godsdiens, het hulle soos uitverkorenes laat voel in die oë van die oningewyde buitestaanders. Omdat hulle by elke volgende graad dieper ingewy is in die misterieë van hul godsdiens, het daar in die harte van die gelowiges die hoop op nog meer troos gelewe, die verwagting van nog groter sekerheid van die hulp van Mithras in hierdie lewe en hiernamaals. Dit het hulle ook vasgebond aan hulle godsdiens. Hiertoe het die roetine-seremonies en ook dié wat gepaard gegaan het met hulle inlywing tot n hoër graad, natuurlik bygedra.

Daarbenewens het hulle die vaste geloof geoester dat hulle van sondes verlos word deur hulle reinigingsseremonies: doop in water, taurobolium, ens. Weliswaar het hulle met hulle geheime rites in die half-donker mithraeum die verbeelding van die volksmassas gaande gemaak soos

wat dit die geval was met ander Oosterse godsdienste soos die Isisdienst nie, maar dit het hulle self geïnspireer en aan hulle gegee „rigor and firmness unknown in Roman paganism.”⁽¹⁴⁰⁾ Dit het hulle enersyds gestimuleer in hul geloof en andersyds gemoedsrus gegee - die gedagte aan versoening van sondes.

Van hulle heilige feesmale af het hulle geestelik versterk gekom - gesterk in die geloof dat hulle in die hiernamaals vergoeding sou ontvang vir die swaarkry van hierdie wêreld. „Whatever the particular form of hope, the Mithraic initiate felt a calm assurance regarding the future.”⁽¹⁴¹⁾

„The astonishing spread of Mithraism is due in large measure to these stupendous illusions, which would appear ludicrous were they not so profoundly and thoroughly human.”⁽¹⁴²⁾ Die rede hiervoor was dat die morele aspek van die Mithraïsme so goed gemotiveer was: die doel wat nagestrewes is, was die uiteindelijke algehele oorwinning van die goeie oor die slegte. Die Mithraïs het geglo dat hy saam met Mithras stry om die uiteindelijke oorwinning van Ormuzd te bewerkstellig. Ten spyte van al die astrologiese bykomstighede was die Mithraïsme⁽¹⁴³⁾ nooit fatalisties nie; „it was a religion of struggle and combat,”

141. Willoughby, op. cit., p. 168.

142. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 173.

143. Dill: op. cit., p. 608.

140. Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism, p.152.

Uit etiese oogpunt beskou het die Mithraïsme beslis op 'n hoë vlak gestaan, want dit was vry van die ekstadiese uitspattighede van sommige ander godsdienste, bv. Cybele. Mithras het aan sy vereerders die voorvereiste van reinheid gestel.

Hoewel ek nie die invloed van die Mithraïsme wil gering skat nie, moet tog gekonstateer word dat dit nie die Oosterse godsdienst met die grootste aanhang in Rome was nie. Origenes, een van die ou Christelike skrywers en 'n man wat gelewe het toe die Mithraïsme op sy hoogtepunt in Rome was, praat daarvan as 'n „zeer obscure sekte," soos De Jong hom aanhaal⁽¹⁴⁴⁾.

Ek is oortuig daarvan dat een van die vernaamste redes vir die betreklik klein aanhang van die Mithraïsme die afwesigheid van vroue was. In sy uitsluiting ~~van~~ van vroue het dit een van die belangrikste propagandaplekke gemis: die slawe teenoor die Romeinse vroue in die huise. Dit was 'n viriele soldategodsdienst, maar dit het die helfte of meer van sy moontlike aanhangers uitgesluit - vroue wat vuriger en inniger in hulle geloof is as die mans. Die ingewikkelde kosmiese en astrologiese begrippe sou seker nie vroue aangetrek het nie, maar die belangrike idee van Mithras se middelaarskap sou dit sekerlik gedoen het.

144. De Jong: op. cit., p. 107.

HOOFSTUK IV

MITHRAÏSME EN CHRISTENDOM

Toe die Romeinse heidendom sy laaste groot kragmonstering begin het om in die genoemde allesomvattende sinkretisme van sonaanbidding en keiserverering die ganse Ryk in een godsdiens te verenig, was die Christendom ook reeds goed gevestig in die Weste. Christendom en Mithraïsme het byna gelyktydig en onder dieselfde omstandighede in Rome begin posvat, nl. "..... the political unity and the moral anarchy of the empire."⁽¹⁾

Waar die kontakpunte van die Mithraïsme egter aanvanklik soldate, slawe, handelaars en staatsamptenare was, het die Christendom gekom langs die weg van die Joodse gemeenskappe wat in verstrooiing gewoon het; aanvanklik veral deur die sendingreise van Paulus, en vervolgens deur die lande om die Middellandse See; die Mithraïsme weer langs die Donou en Ryn. Hoewel baie Jode ook by die handel betrokke was en sekerlik dáár met die Mithraïsme in aanraking gekom het, moet ons aanneem dat die tradisie van hulle eie godsdiens so sterk was dat hulle getrou gebly het aan die geloof van hul vadere.

Aan die begin het beide godsdienste bekeerlinge gewerf uit die lae stande van die samelewing en daarom hulle

1. Cumont: The Mysteries of Mithra, p. 188.

leer op eenvoudige wyse gestel. (Die geleerdes het toe nog troos probeer put uit die Grieks-Romeinse wysbegeerte).

Die Christendom het in Rome begin posvat tydens die regering van Claudius (41 - 54 na Chr.)⁽²⁾ en onder Nero was dit al so wydversprei dat hy in 64 die skuld vir die groot brand in Rome op hul skouers kon pak en met die eerste groot vervolging van Christene begin het. Die Christendom het vinnig posgevat in Rome omdat daar n groot Joodse bevolking was, en vir die Romeine was daar in die begin geen verskil tussen Jood en Christen nie. Die monoteïsme van die Jodendom het baie Romeine aangetrek en die Christendom met sy boodskap van persoonlike verlossing het hierop voortgebou. Die verskil tussen Jode en Christene het veral ná die verwoesting van Jerusalem in 70 na Chr. vir die Romeine duidelik geword, want die Jode het toe meer as tevore hulle apartheid van ander nasies uitgeleef, terwyl die Christene geen verskil tussen nasies gemaak het nie.

Selfs in die tyd van Paulus was daar in Rome al Christene in die hofhouding van die keiser⁽³⁾ en spoedig was daar ook gelowiges in die hoogste stand⁽⁴⁾. Onder Hadrianus was daar talryke Christene uit die hoogste stand.

2. Carcopino: Daily Life in Ancient Rome, p. 139 - 140.

3. Filippense 4: 22.

4. Carcopino (op. cit., p. 141) insinueer dat Flavius Sabinus, broer van keiser Vespasianus, teen die einde van sy lewe n Christen was, n.a.v. Tacitus: Hist. III: 65 en 75.

Die Christene was in die eerste en tweede eeue klein in getal, maar die kwaadwillige openbare aandag was gedurig op hulle gevestig. Die vervolgings was egter te sporadies om hulle uit te wis en deur hulle leer en veral hulle lewensvoorbeeld het hulle al hoe meer bekeerlinge gemaak, „Even those who dwell most on the analogies between Christianity and the pagan mysteries are at one in agreeing that Christianity towered above them all.”⁽⁵⁾ Hier was persoonlike geloof sonder die smet van Oosterse astrologie en geheim-sinnige inisiasie.

Die Mithraïste was egter meer talryk onder die soldate en in die hoë staatsposisies omdat die Christene n afkeer gehad het aan geweld en oorlogvoering, en ook aan die vergoddeliking van die keiser deur diegene wat sy guns wou wen om openbare ampte van hom te ontvang.

Omdat die Mithraïsme in die noordelike grensprovinsies van die Ryk gebloei het en die Christendom in die begin veral in die Nabye Ooste, was hulle invloedsfere aanvanklik geskei en het hulle sonder direkte botsing gegroei. In Rome was dit anders: dáár was hulle konkurrente en teen die derde eeu het die stryd tussen hulle opgevlam.

Omdat daar, oppervlakkig beskou, soveel gemeenskaplik was in die Christendom en die Mithraïsme, dat baie buite-

5. Carcopino: op. cit., p. 142.

staanders nie die verskil duidelik kon sien nie, was die stryd tussen hulle onderling besonder fel. Albei het geheime gemeentes gevorm (die Christene natuurlik onder dwang van die vervolgings), waarin die lidmate baie naby aan mekaar gelewe het en mekaar „fratres" genoem het. Natuurlik was die broederskap van die Mithraïste soos die gees van kameraadskap onder soldate - net vir mekaar en nie vir buitestaanders nie. Hulle geloof was te viriel om meegevoel met andere te hê. Daarteenoor was die liefdadigheid van die Christene gerig op al hulle medemense.

Mithraïste en Christene het 'n doop tot afwassing van sonde geken, en 'n Nagmaal tot redding van liggaam en siel. Albei het Sondag as besondere feesdag beskou, en so ook 25 Desember. Beide het asketisme as verdienstelik beskou en veral onthouding en selfbeheersing as besondere deugde gehuldig. Albei het geglo aan 'n hemel in die sfere bokant die aarde en 'n hel onder die aarde. Dan was daar ook die trekke van ooreenkoms tussen die Mithraslegende en die Bybelverhale: 'n wêreldvloed, godsopenbaring (Godsopenbaring), onsterflikheid van die siel, 'n laaste oordeel, weeropstanding van die dode en die laaste oordeel waar vuur die slegtes verteer. Mithras se waterwonder⁽⁶⁾ herinner aan dié van Moses en sy hemelvaart aan dié van Elia.

6. Cumont: op. cit., fig. 45, p. 196.

Tog is dit opvallend dat juis in Rome waar die stryd tussen die twee godsdienste die felste gewoed het, byna geeneen van hierdie voorstellings uit die Mithraslegende in spelaea gevind is nie⁽⁷⁾. (Dit is sekerlik mondelings oorgedra). Dis ook nie teen hierdie merkwaardige ooreenkomste wat die Kerkvaders so fel te velde getrek het nie, maar teen die Mithrasmaaltyd waarvan daar baie voorstellings in Rome gevind is.

Verdere punte van ooreenkoms in die leer van die Mithraïsme en die Christendom vind ons in die gedagte van 'n drie-eenheid by beide: in die Mithraïsme Cautes, Mithras, Cautopates. Mithras maak die stier teësinnig dood, om die menseras te red van Ahriman se kwaad: Mithras wat as't ware homself geoffer het.⁽⁸⁾

Ook in die terminologie van beide godsdienste tref 'n mens analogieë aan: Maleagi het geprofeteer van die „Son van geregtigheid”⁽⁹⁾ - vir die Mithraïs is daar die onoorwinlike Son. Christus as die „Lig van die wêreld” herinner ook aan die sonverering van die Mithraïsme. In Openbaring 1: 16 is daar sprake van sewe sterre en 'n aangesig wat skyn soos die son in sy krag.

Beide die Mithraïsme en die Christendom was verlossingsreligieë: albei het 'n middelaar geken wat skepper en

7. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 137.

8. Lees op bls. 122.

9. Maleagi 4: 9.

ook heiland is.

Vir die Christelike apologete was die analogieë tussen die twee godsdienste, en veral die Mithrasmaaltyd, niks anders as nabootsing van die kant van die Mithraïsme nie, „op,ingewing van die duiwel.”⁽¹⁰⁾ Die kerkvaders het dan ook vanaf die tweede eeu reeds die Mithraïsme as die grootste vyand van die Christendom beskou, sekerlik nie vanweë die getalsterkte van e.g. nie, maar vanweë die bg. punte van ooreenkoms en omdat die krag van die morele leer van die Mithraïsme besef is.

Dit is ongelukkig nie moontlik om n volle verklaring te gee vir die ooreenkomste tussen hierdie twee godsdienste nie. Daarvoor is ons kennis van die liturgie en dogma van die Romeinse Mithraïsme te karig. Hoewel daar waarskynlik n eeuelange kontak tussen Jode in ballingskap en verstrooiing, en die Mithraïsme was, beteken dit nie noodwendig dat daar van een al albei kante nabootsing was nie. Dat daar wisselwerking van idees en seremonies kon gewees het, is nie uitgesluit nie, maar daarvoor bestaan geen bewyse nie. Weliswaar was Zarathustra en Esegïël waarskynlik tydgenote in Babel, maar dis nie bekend of hulle vah mekaar geweet het nie. Nietemin moet ons onthou dat beide die Mithraïsme en die Christendom van Oosterse oorsprong was en gemeenskaplike kenmerke kon gehad het. Ek wil ook die gedagte opper

10. Tertullianus: De praescr. Heret.: 40.

dat daar by die volkere wat nie die Besondere Openbaring van God ontvang het nie, nog n vonkie van die waarheid kon agtergebly het, hoewel dit noodwendig vermeng sou ge-wees het met heidense bygeloof.

Op die eg-heidense elemente in die Mithraïsme wil ek hier wys, nl. dat die middelaar van die Mithraïsme niks meer as n legendariese figuur was nie, in teenstelling met die werklikheid van Christus.

Dat die Christene Sondag as feesdag aangeneem het, kan verklaar word uit die feit dat dit die dag van Jesus se opstanding uit die dode was, waarop Hy die mag van die dood en sonde oorwin het. Met die son van die Mithraïste het dit niks te doen nie.

Die herdenking van die geboorte van Christus op 25 Desember het myns insiens n heel logiese verklaring. Ons weet dat 25 Desember van vroeg af n belangrike feesdag in Rome was, nl. die Saturnalia. Dat die sonverering van die Mithraïste hierdie dag as feesdag gekies het, hang saam met die begin van n nuwe jaarlikse kringloop van die son. Aangesien hierdie dag dus n algemene feesdag in die Romeinse wêreld was, redeneer ek nou dat die Christene n nuwe inhoud aan hierdie dag gegee het om bekeerlinge uit die heidendom weg te hou van hulle tradisionele heidense feeste op hierdie dag.⁽¹¹⁾ Niemand het meer geweet op watter dag

11. Hierdie gedagte word bevestig deur Fraser: The Golden Bough, p. 471 - 475.

Jesus Christus gebore is nie en tog was daar die behoefte aan n dag waarop sy geboorte herdenk kon word.

Die betekenis van die ooreenkomste in die leer van die Mithraïsme en die Christendom moet nie oordryf of oorbeklemtoon word nie, want daar was verdere diepgaande verskille. Daar was n groot teenstelling in hulle houding teenoor die Romeinse heidendom. Die Mithraïsme het van ander godsdienste oorgeneem en opgeneem, terwyl die Kerk van Christus die onverbiddelike teenstander was van alles wat heidens was. Die godsdienst van Mithras kan tereg beskou word as n onderdeel van die grootheidendom en dit het nooit die vervolging geken wat opgewek is deur die onversoenlike houding van die Christendom nie. Een van die vernaamste kenmerke van die Persiese godsdienst was inderdaad sy aanpassingsvermoë en miskien was daar mense wat gesoek het na n verhewe morele lewenshouding en dit in die Mithraïsme gevind het, terwyl die onversoenlikheid van die Christendom teenoor andersdenkendes hulle teen die bors gestuit het; veral onversoenlikheid teenoor hulle eie heidense agtergrond.

Hierdie „policy of compromise“⁽¹²⁾ het verdaagsaamheid van die kant van die staat teenoor die Mithraïsme in die hand gewerk en later selfs die begunstiging van die staat bewerkstellig. Maar dit het ook verhinder dat die

12. Cumont: op. cit., p. 198.

Mithraïste^m hom kon losmaak van die belaglike bygeloof wat daar in sy seremonies en teologie te vinde was. Hier dink n mens veral aan die belangrike plek wat aan die astrologie toegeken is.

Die Christelike leer wat radikaal gestaan het teenoor die heidense natuurverering, het bewaar gebly van die genoemde bygeloof en juis in sy onversoenlikheid jeens die heidendom het sy groot krag en meerderwaardigheid gelê. Dit is een belangrike rede waarom die Christendom die oorwinning behaal het net toe die begunstiging van die staat van die Mithraïsme weggeneem is.

Die Mithraïsme het steeds die „bezwarende erfenis“(13) uit die tyd van sy primitiewe oorsprong met hom saamgedra, want in sy mites en seremonies was daar tekens van ou barbaarse vrugbaarheidsrites en die verering van die natuurkragte wat vir die primitiewe mens ondeurgrondelik was. Dit is duidelik in die gedagte van die oerstier wat deur sy dood weer groeikrag skenk. In hulle strewe na onsterflikheid het die Mithraïste gesoek na n verbinding met die lewenskrag van die natuur om sodoende aan die dwang van die dood te ontkom. Geen wonder dus dat die kultus sterker ontwikkel was as die dogma nie. "Het verwarde samenstel van mythologische ongerijmdheden, kan men nauwelijks een dogma noemen."(14)

13. De Lepper: De Godsdienst der Romeinen, p. 189.

14. Ibid., p. 189.

Hoewel die morele ideale by die Mithraïsme hoog aangeskrewe gestaan het, het dit nie gekom tot die dwingende eise van die Christendom nie. Persoonlike bekering was geen noodsaaklike voorwaarde vir deelname aan die rites nie en die intieme verhouding tussen die gelowige en sy god was alte dikwels slegs van uitwendige aard.

In sy pogings om die gode van die Grieks-Romeinse pantheon te absorbeer in 'n monoteïstiese godsdienst en om die ou vorms van natuuraanbidding en kosmiese simboliek te verander in 'n stelsel van morele dissipline en bevrediging van die geestelike behoeftes van die tyd is die Mithraïsme gehindêr deur Cybele en Isis, omdat hulle gelyksoortig was en die Mithraïsme boonop met eersgenoemde vriendskaplike betrekkinge gehandhaaf het. Die stryd tussen Mithras en Isis is versag deur die aanwesigheid van hul gemeenskaplike vyand: die Christendom.⁽¹⁵⁾ Eers heel aan die einde vind ons 'n mate van samewerking tussen die gelowiges van Mithras en Isis.⁽¹⁶⁾ Die opvallende teenstelling tussen Mithras en Isis is dat daar in die Isisdiens elemente was wat losse sedes meegebring het, maar dit val buite die bestek van hierdie studie.

Dat die Mithraïsme wel 'n godsdienstelewenis gebring het wat voorheen nie in Rome bestaan het nie, blyk uit die wy-inskripsies van gelowiges. Dit het dus 'n emosionele lewe

15. Dill: Roman Society from Nero to Marcus Aurelius, p. 620.

16. Ibid., nota 2, p. 620.

in die godsdiens gekweek wat die akker voorberei het vir die saad van die Christendom. „Indeed the conquest of the Graeco-Roman world by the Mysteries was one stage in the conquest of that same world by Christianity; the success of these eastern cults was a promise of the success of Christianity.”(17)

In hierdie heidendom het die Christendom n nuwe begin gemaak en sonder om streng aan die verlede vas te hou, het dit gebreek met die naturalisme en eerbiedwaardige maar verwarrende rites van die heidendom.

Eties het die Christendom ver bo die Mithraïsme uitgetoring. In plaas van die baie heidense seremonies was die Christelike hulpmiddels slegs die gebed en die sakramente van doop en nagmaal. Die Middelaar van die Christendom was sonder mitologiese dwaling: die vleeswording van Christus, die Seun van God, was werklik, in teenstelling met die legende van Mithras. Die Christen het nie nodig om tussen die sterre rond te dwaal voor sy wederopstanding nie en sy morele lewensreël op aarde is veel eenvoudiger as dié van die Mithraïs, nl. liefde tot God en sy naaste. Die broederskap van die Christene was ware naasteliefde, en al was die Christelike gemeentes aan begin klein en ver uitmekaar, was hulle invloed groot in die opbou van die deug-

17. Angus: The Religious Quests of the Graeco-Roman World, p. 85.

de van waardigheid, morele moed, waarheidsliefde, gesinseendheid en die opvoeding van die kinders in die vrese van God. Hulle het ware menslikheid betoon in hulle menslike verhoudings in teenstelling met die hoogdrawende vertoon van keiserlike Rome. „Herein lay beyond question the strongest attraction of the new religion.”⁽¹⁸⁾

Voordat die Christendom egter sy finale triomf bereik het, het daar nog baie water in die see geloop. Die Mithraïsme het die toppunt van sy invloed bereik teen die middel van die derde eeu, nadat dit n groot stoot vooruit ontvang het deur keiserlike begunstiging.

Teen die einde van die tweede eeu is keiser Commodus (180 - 192) ingewy in die misterieë van Mithra en „it appeared for a moment as if the world was on the verge of becoming Mithraic.”⁽¹⁹⁾ n Groot terugslag het die Mithraïsme egter getref toe Dacia in 275 en die Agri Decumates kort daarna deur Germaanse invallers aan die Imperium ontruk is en talle mithraea deur hulle verwoes is; ook in Panonia en tot by Virunum aan die grens van Italië self.

Hierop volg die aanstelling van keisers deur die leër, wat meegebring het dat hierdie keisers verplig was om die soldategodsdiens te begunstig. In 273 het Aurelianus (270 - 275) die nuwe staatsgodsdiens van Sol invictus luis-

18. Carcopino: op. cit., p. 143.

19. Cumont: op. cit., p. 199.

ryk ingestel, wat natuurlik ook vir die Mithraïsme voordelig was. Diocletianus (284 - 305), wat die Christene wreed vervolg het, het nog in 307 te Carnuntum 'n wyding aan Mithras opgestel: „fautori imperii sui”⁽²⁰⁾, saam met Galerius en Licinius, die prinse met wie hy hom geassosieer het in sy stryd om die keiserskap. Die Christene het rede gehad om te vermoed dat die priesters van Mithras eintlik vir Galerius opgestook het om hulle te vervolg⁽²¹⁾, want Diocletianus se vrou was 'n Christen⁽²²⁾ en hy was die Christene goedgesind.

Die finale deurbraak vir die Christendom het begin toe Konstantyn in 312 self Christen geword het. Met die Edik van Milaan het hy in die volgende jaar godsdiensvryheid aan die Christene geskenk in sy (Westelike) deel van die Ryk en dit in 323 bevestig toe hy alleenheerser oor die hele Ryk geword het. Toe het hy onder meer deur wetgewing Sondag as rusdag geproklameer en die oprigting van heidense heiligdomme in sy nuwe hoofstad, Konstantinopel, verbied. Origenes was hy verdraagsaam teenoor ander godsdienste.

Sy opvolgers het daartoe oorgegaan om die heidendom te vervolg en veral te velde getrek teen die sonverering, maar in Rome self het die heidendom nog sterk gebly onder die invloed van die aristokrasie, en die Christene was in die

20. Ibid., fig. 19, p. 88. Lees ook bls. 31 en Hoofstuk II, nota 16.

21. Cumont, op. cit., p. 200.

22. Cary: A History of Rome, p. 767.

minderheid.

En toe kom die laaste groot kragmonsterring van die heidendom onder keiser Julianus (deur die Christene genoem Die Afvallige). In die tyd toe Julius Firmicius Maternus⁽²³⁾ in sy geskrifte die indruk gelaat het dat die Christendom oorwin het en die heidendom vernietig is, het Julianus as jong man n geheime toewyding aan Helios gekoester en n voorliefde vir die bonatuurlike gehad. Sy inwyding in die geheimenisse van Mithras deur Maximus van Efese terwyl hy hom as Christen voorgedoen het,^{het} n geweldige indruk op hom gemaak, sodat hy Mithras beskou het as hy beskermheer in die lewe en hiernamaals. Sodra hy in 361 keiser geword het, het hy die Mithraïsme in Konstantinopel ingevoer en oral het die verdrukke Magi n sug van verligting geslaak. Julianus se godsdienstige beleid was heftig anti-Christelik en as skrywer het hy teen die Christene te velde getrek⁽²⁴⁾, terwyl hy in hierdie vendetta selfs die Jode begunstig het. As wysgeer wat deur die Galliese leërs op die troon geplaas is, het hy probeer om n nuwe sinkretisme die ryksgodsdienste te maak.

Hoe sterk die Christendom in hierdie tyd werklik was, blyk uit die feit dat Julianus „exhorted pagans to imitate their practical helpfulness in such matters as tending the sick and relieving the poor“⁽²⁵⁾. Omdat Julianus nie n

23. Muller: Christians and Pagans from Constantine to Augustine, p. 42.

24. Ibid., p. 58.

25. Cary: op. cit., p. 764.

sterk persoonlikheid was nie en omdat die heidendom wat hy probeer herstel het, uitgedien was, het sy godsdienstige hervormingswerk misluk. Dit het hy self besef, want hy „.... was constrained to admit that the ultimate victory of Christianity in the Roman world was assured.”⁽²⁶⁾ „His exclamation 'Galilaeen, Thou hast conquered' is a fable, but nevertheless illustrates the results of his religious policy.”⁽²⁷⁾

Ironies genoeg het Julianus gesneuwel in n veldtog teen die moederland van die godsdiens wat hy so vurig aangehang het. Nou het die Christendom dit as taak opgeneem om die Mithraïsme heeltemal uit te roei. Die rykswette teen die beoefening van astrologie het aan hulle die geleentheid gegee nog voordat die Christelike keisers afgodediens verbied het. Op hierdie manier het o.a. Maximus van Efese sy einde gevind. Oral in die Ryk het volksopstootjies gesorg vir die vernietiging van mithraea. Die Mithraïste het probeer om hulle heiligdomme te beskerm teen die vandalisme van die Christene deur ingange na mithraea toe te mesel. n Voorbeeld hiervan is die S. Clemente-mithraeum in Rome, terwyl beeldhouwerk op die Esquilinus met dakteëls bedek is om dit te verberg.⁽²⁸⁾

In 377 het die praefectus Gracchus bewys gelewer van die vurigheid van sy geloof toe hy die Christendom aan-

26. Ibid., p. 769.

27. Muller: op. cit., p. 72.

28. Vermaseren: Corpus Inscr. et Mon. Rel. Mithr.: Mon. 349.

vaar het, deur n mithraeum te verwoes: „Nonne specum Mithrae et omnia portentosa simulacra ... subverbit, fregit, excussit?" (29)

Sommige Mithraïste het hulle heilige beelde op veilige plekke gaan wegsteek in die verwagting dat die vervolging net tydelik sou wees. Die Christene weer, het soms seker gemaak dat n spelaeum nooit weer gebruik sou word nie deur dit te verontreinig met n dooie liggaam. n Weerbarstige Mithraspriester is dan doodgemaak en in die bouvalle van sy heiligdom begrawe. (30)

Hierdie vurige aksie van die Christene het reaksie uitgelok van die kant van die Romeinse aristokrasie wat in hulle stryd om die behoud van hulle voorvaderlike Romeinse godsdiens ook die Mithraïsme beskerm het. Die Mithraïsme het vir hulle teen hierdie tyd waarskynlik na n ingeburgerde Romeinse godsdiens gelyk, en daar was natuurlik ook aristokrate wat Mithrasgelowiges was. Toe Gratianus onder invloed van Ambrosius, die biskop van Milaan, (31) in 382 die skatte uit die Romeinse tempels verwyder het, het lede van die aristokrasie dit herstel. (32) Die Mithraïsme het egter uit die openbaar verdwyn en getroue gelowiges van die „deus invictus" het hulle godsdiens tuis probeer handhaaf as n familiekultus waarby kinders ook ingewy is, hoewel vroue tot die laaste daarbuite moes bly. (33)

29. Hiëronimus: Ep. 107 (Ad Laetam).

30. Cumont: op. cit., fig. 46, p. 204.

31. Muller: op. cit., p. 92.

32. Cumont: op. cit., p. 205.

33. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome, p. 139.

Die reaksie van die aristokrasie het gelei tot die opstand van Eugenius en sy luitenant Nicomachus Flavianus, maar die slag aan die Frigidus was die finale nekslag van die heidendom in Rome. Daarna het die Mithraïsme slegs nog voortgelewe in die afgesonderde kloue van die Alpe en Vosges totdat dit in die vyfde eeu ook daar uitgesterf het.

Op 10 Januarie 381 het keiser Theodosius die heidendom finaal in die ban gedoen en beveel dat slegs die Naam van Een Almagtige God oral in die ryk vereer moet word.⁽³⁴⁾

Hoewel daar vervolging van heidene deur Christene was, was dit nooit so omvangryk of so wreed as die vervolging wat Christene onder sekere keisers moes verduur nie. "... there were no pagan martyrs."⁽³⁵⁾

Die invloed van die Mithraïsme het nie heeltemal gesterf saam met dié godsdienste nie. Die fundamentele dogma van die Mithraïsme het wel verdwyn, maar sommige idees is waarskynlik deur bekeerlinge uit die misterieë in die Christelike kerk ingedra. Die nagmerrie van hel en duiwel waarmee die kerk in die Middeleeue geworstel het, herinner sterk aan die Mithraïsme.

Gedurende die vierde eeu, toe die Mithraïsme op die afdraande pad was in Rome het die leer van Manichaeus opgang gemaak. Netsoos die Mithraïsme het dit sy oorsprong in

34. Muller: op. cit., p. 93.

35. Nock: Conversion, p. 160.

Persië gehad en daarna invloed van Babilon en Hellenistiese Klein-Asië ondergaan. Sonder om hierdie Manichaeïsme breedvoerig te ontlee, kan net genoem word dat dit in Rome tot openbaring gekom het as n poging tot sinkretisme tussen Mithraïsme en Christendom. Zarathustra en Christus sou hierin albei aanbid word. Hierdie ketterse sekte het voortbestaan tot in die Middeleeue.

Die invloed van die astrologie is deur die eeue om die beurt verdra en vervolg, maar nooit uitgewis nie. Die verligte mens, met die kennis van die moderne natuurwetenskap tot sy beskikking, is vandag nog geïnteresseerd om te weet wat die sterre voorspel oor sy toekoms en dit staan in die kolomme van elke populêre tydskrif.

Die verering van heiliges en martelare in die Middeleeuse Christelike kerk herinner sterk aan die keiserverering wat beskryf is in hoofstuk III F. Bekeerlinge tot die Christendom kon moeilik alle heidense gewoontes waarmee hulle groot (en soms oud) geword het, laat vaar. Dis bekend dat sommige Christene in die vyfde eeu nog steeds die opkomende son met gebed begroet het, al het hulle sonverering dan n Christelike inhoud gehad.

SLOT:

Laat ons ten slotte nog sommige van die oorsake van die verval van die Mithraïsme van naderby beskou.

In die dieper en meer fundamentele aspekte van ooreenkoms tussen die Mithraïsme en die Christendom lê die meerderwaardigheid van die Persiese godsdiens oor die Grieks-Romeinse pantheon opgesluit. Dit was 'n geestelike beweging waarin toewyding en dissipline verbind is met leerstellings van die onsterflike bestemming van die mens, wat afhang van sy gedrag op aarde. Die middelaarskap van Mithras het 'n veel dieper indruk gemaak as die kosmiese legende van hierdie godsdiens.

Mithraïsme en Christendom is egter geskei deur 'n onoorbrugbare kloof omdat e.g. verbintenisse gehad het wat dit nie kon red van die lot van ander heidense godsdienste nie. Weliswaar is die verval daarvan verhaas deur sake wat nie godsdienstig van aard was nie, soos die Germaanse invallers wat die spelaea langs die Donou en Ryn verwoes het in die derde eeu. Verder was daar ook die aanvalle van die kant van die Christelike Romeinse Ryk wat die Mithraïsme as beskermheer van towerkuns beskou het en 'n manier van die duiwel om die godsdiens van die Kruis te dwarsboom. Maar die ondergang van die Mithraïsme was onafwendbaar opgesluit in sy eie swakhede as heidendom.

Die gestrengheid wat die Mithraïsme onderskei het van die ander Oosterse godsdienste, het dit terselfdertyd verswak as 'n populêre en duursame mag. Die „Absence of feminine charm in its legend“⁽³⁶⁾ het dit gered van die immorele aspekte van ander heidense godsdienste, maar dit ook ontnem van 'n emosionele bekoring. Mithras het vroue nie verwelkom nie - hulle het die warmte waarna hulle verlang het, gevind by 'n Demeter, 'n Magna Mater of Isis, terwyl die legende van die deus tauroctonus slegs vir viriele mans bedoel was. Dit bring mee dat dit ongebalanseerd was en dat daar in sy simboliek nie genoeg diepte en veral warmte vir die menslike natuur in sy geheel was nie. Die helfte van die menslike geslag is immers uitgesluit! Dit neem nie die feit weg dat daar van die beeld in die kultusnis van elke mithraeum tog gevoel uitgegaan het wat verhewe was bo die sterresimboliek nie; maar dit was vir die enkeling wat dit kon deurgrond en nie vir die massa nie. Hoe Mithras ook probeer het om 'n morele en geestelike krag te wees, het dit onlosmaaklik verbonde gebly aan die natuuraanbidding van die verlede. Selfs nie die god van lig kon heer wees van die geestelike toekoms van die mensdom nie.

Juis in sy verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste het hy die kiem van sy eie ondergang gedra. Die Kerk van

36. Dill: op. cit., p. 624.

Christus kon geen vrede hou met die heidendom nie, „but Mithra was ready to shelter the idols under his purer faith.”⁽³⁷⁾ Beelde van Juppiter, Venus, Mars, Hecate en die plaaslike gode van die Donou- en Rynlande het in mithraea onderdak gevind en die Mithraïsme belaa met die ou heidendom van die ganse Imperium. n Pater van Mithras kon sonder beswaar ander gode ook vereer,⁽³⁸⁾ n Man wat in die taurobolium „in aeternum renatus” geword het, kon ook meedoen aan die verering van Hecate en haar duistere kunste en die verderflike geeste van die nag.

Deur die invloed van Babilon is die Mithraïsme verwurg deur die donkerste bygelowe wat allerhande geheime misdade en verraad meegebring het en sy moraal verongeluk het.

Weliswaar het die Mithraïsme hoë morele ideale gehad, uitgedruk in simbool en rite, maar dit het aan die ander kant gesag verleen aan minder edele begrippe en praktyke. In elk geval het die volksmassas daarbuite in geestelike duisternis bly rondtas. Slegs die Christendom kon vir hulle die ware lig laat opgaan: die lig waarvan die „milites Christi”⁽³⁹⁾ die draers was! Hierdie „milites” was afkomstig uit dieselfde bevolkingsgroepe as die Mithraïste, maar hulle was die draers van die ware „Lig van die

37. Ibid., p. 625.

38. Corpus Inscriptionum Latinarum, Vol. IV, no. 510
PATER PATRUM DEI INVICTI SOLIS MITHRAE
HIEROFANTA HECATES
DEI LIBERI ARCHIBOLUS
TAUROBOLIO CRIOBOLIOQUE IN
AETERNUM RENATUS.

wêreld" wat ook vir die mense die lewenspad verlig het.

39. Tertullianus: De Corona XV: Erubescite commilitones
eius (sc. Christi) iam non ab ipso iudicandi sed ab
aliquo Mithrae milite

LYS VAN WERKE WAT GERAADPLEEG IS

1. S. Angus: The Mystery Religions and Christianity.
John Murray, London, 1928.
2. S. Angus: The Religious Quests of the Graeco-Roman World.
Charles Scribner's Sons, New York, 1929.
3. The Cambridge Ancient History, Vol. II en XII.
Cambridge University Press, 1939.
4. Jérôme Carcopino: Daily Life in Ancient Rome.
(Engelse vertaling deur E.O. Lorimer).
Penguin Books, 1956.
5. M. Cary: A History of Rome down to the Reign of Constantine.
(Second edition).
Macmillan & Co., London, 1954.
6. Franz Cumont: After Life in Roman Paganism.
Dover Publications, New York, 1959.
7. Franz Cumont: The Mysteries of Mithra.
Dover Publications, New York, (1956?)
8. Franz Cumont: The Oriental Religions in Roman Paganism.
Dover Publications, New York, (1956).
9. Dr. K. H. E. de Jong: De Oosters-Hellenistische Mysteries.
Servire, Den Haag, 1949.
10. Dr. J.L.M. de Lepper: De Godsdienst der Romeinen.
J.J. Roman & Zonen, Roermond, 1950.
11. Samuel Dill: Roman Society from Nero to Marcus Aurelius.
MacMillan & Co., London, 1911.
12. J.G. Fraser: The Golden Bough -- a study in magic and
religion. (Abr. ed., Vol. I)
Macmillan & Co., London, 1960.
13. T.R. Glover: The Conflict of Religions in the Early
Roman Empire.
Methuen & Co., London, 1932.
14. W.R. Halliday: The Pagan Background of early Christianity.
The University Press of Liverpool.
Hodder & Stoughton, London, 1925.

15. W.B. Kristensen: Het Mysterie van Mithra.
Mededeel. der Kon. Nedl. Akad. Wet., Afd. Lett.,
Deel 9, No. 3.
Noord-Hollandsche Uitg. Maats., Amsterdam, 1946.
16. Kurt Latte: Die Religion der Römer und der Synkretismus
der Kaiserzeit.
J.C.B. Mohr, Tübingen, 1927.
17. H. Muller: Christians and Pagans from Constantine to
Augustine. Part I.
Union Booksellers, Pretoria, 1946.
18. A.D. Nock: Conversion. The old and the new in religion
from Alexander the Great to Augustine of Hippo.
Clarendon Press, Oxford, 1952. (1e ed. 1933).
19. Ugo Enrico Paoli: Vita Romana. Het leven in het oude
Rome.
Nedl. vert. deur G.A.J. Emonds. (Tweede druk).
N.V. Uitgeverij Lijverlee, Amsterdam. (Datum
nie vermeld nie.)
20. Dr. A. Sizoo: Uit de Wereld van het Nieuwe Testament.
J.H. Kok, Kampen, 1948.
21. M.J. Vermaseren: Corpus Inscriptionum et Monumentorum
Religionis Mithriacae.
Martinus Nijhoff, Hagae Comitatus, MCMLVI.
22. M.J. Vermaseren: De Mithrasdienst in Rome.
(Doktorale Proefskrif).
Centrale Drukkerij, Nijmegen, 1951.
23. Dr. M.J. Vermaseren: Mithras de geheimzinnige god.
(Elsevier Pocket E. 15)
Elsevier, Amsterdam, Brussel, MCMLIX.
24. J.H. Waszink e.a.; Het Oudste Christendom en de
Antieke Cultuur.
H.D. Tjeenk Willink & Zoon N.V.
Haarlem, 1951.
25. Harold R. Willoughby: Pagan Regeneration. A study of
mystery initiations in the Graeco-Roman world.
The University of Chicago Press, 1960(1929).

26. Dr. Georg Wissowa: Religion und Kultus der Römer.
Oscar Beck, München, 1902.

27. The Hibbert Journal, Jaargange LIII, LIV en LVI.

LIII (1954/55): Prof. S.G.F. Brandon: Mithraism and
its challenge to Christianity.
John Ferguson: More about Mithras.

LIV (1955/56): Prof. J.M.C. Toynbee: Still more about
Mithras.

LVI (1957/58): Rev. S.G.F. Brandon: Salvation:
Mithraic and Christian.